
Road to Mecca, 41.
Pierneef, 13,

# Vrye Weekblad

28 JUNIE - 4 JULIE 1991 Prys: R2,20 (R1,95 + 25c AVB)



# THE ROAD TO MECCA

## *Uiteindelik 'n grootse film uit SA bodem?*

Die goue jare Vyftig • Bewyse vir die rol van die Derde Mag • 'n Afrikaner as Afrikaan in Wes-Afrika • Skole: hier val die Nuwe SA vas • Pierneef was die Boere se werktuig • Patrick Petersen dig bevryde Afrikaans

## INHOUD

4 Ter suide
5 Daar ís 'n Derde Mag - Jan van Eck
6 Nuwe SA nog nie op skool
7 Hennie Serfontein bekyk ANC-kongres
8 André Zaaiman skryf oor Senegal
10 Trevor Huddleston in gesprek met Ina van der Linde
11 At last - the great South African movie?
12 Tenkskepe kan Valsbaai nog vernietig
13 Twis oor Pierneef by Grahamstad se fees
14 Tshokolo wa Molakeng slams 'Inkatha-bashing'
A fresh approach to violence monitoring
15 Patrick Petersen dig bevryde Afrikaans
16 Wêreldnuus: Herenigde Duitsland se vreugde taan
17 Wêreldnuus: Khmer Rouge begin fut verloor
18 Keurvakatures
20 Die kultuur wat deur apartheid versmoor is
22 One of the Fifties People looks back
24 Die week se TV-programme
25 Elmari Rautenbach oor dié week se TV
26 Sport: Wie is wie in Suid-Afrikaanse rugby
27 Sport: Lendl en Wimbledon: die groot obsessie
28 Boeke
30 Kuns: Is die stemme die geld werd?
31 Kuns: Debra Wilson terug uit Duitsland met Curl Up And Dye
32 Kuns: Irene Louw gesels met die African Youth Ensemble
33 Musiek: FL Verwoerd jr skryf oor Bob Dylan se Bootleg Series
34 Menings: Skoolpraatjies
Max du Preez se Media-rubriek
35 Menings: Lanse en Drake deur Tim en Matt Sandham
Lospraatjies deur Fanie Olivier
36 Kleinadvertensies
38 Beplan jou naweek saam met die kenners
39 Nettie Pikeur skryf oor sop in die winter

VWB
DIE NUUSTYDSKRIF

VOORBLAD: FOTO VAN ATHOL FUGARD IN THE ROAD TO MECCA DEUR UMBERTO ADAGGI

VRYE WEEKBLAD IS 'N ONAFHANKLIKE WEEKLIKSE NUUSTYDSKRIF WAT UITGEGEE WORD DEUR WENDING PUBLIKASIES BEPERK (REG. NO. 88/40168/06).
WENDING PUBLIKASIES BEPERK EN VRYE WEEKBLAD SE ADRES IS: BREESTRAAT 153, NEWTOWN, JOHANNESBURG. DIE POSADRES IS: POSBUS 177, NEWTOWN 2113.
DIE TELEFOONNOMMER IS (011) 836 2151 EN DIE FAKSNOMMER 838 5901. DIE KAAPSTAD-KANTOOR SE TELEFOONNOMMER IS (021) 47 8960 OF 47 8819, EN DIE PRETORIA-KANTOOR (012) 834 879.

**REDAKTEUR:** MAX DU PREEZ
**ASSISTENT-REDAKTEURS:** JACQUES PAUW, ANDREA VINASSA (KUNS), INA VAN DER LINDE
**POLITIEKE KORRESPONDENT:** HENNIE SERFONTEIN
**KOPIEREDAKTEUR:** JOHAN BRUWER
**ONTWERP:** ANTON SASSENBERG
**EINDREDAKTEUR:** RYK HATTINGH
**KAAPSE KANTOOR:** CHRISTELLE TERREBLANCHE
**REDAKSIE:** CHRISTELLE DE JAGER (OMGEWINGSAKE), AUDREY BROWN, PEARLIE JOUBERT, LAETITIA POPLE (KUNS), ESMA ANDERSON, IRENE LOUW, PITSO TSHUKUDU.
**SPORTREDAKTEUR:** TINUS HORN
**FOTOGRAAF:** RODGER BOSCH
**ADVERTENSIES:** JOYCE DUBE, LOUWRINS POTGIETER
**REDAKSIE-ASSISTENT:** CATHY FENNESSY
**KANTOORBESTUUR:** JOSEPH MOETASI, VERNON ZULU.
**BESTUURSKONSULTANT TOT WENDING PUBLIKASIES BEPERK:** MARK BEARE

VRYE WEEKBLAD WORD GEDRUK DEUR CAXTON BEPERK, KOMMANDOWEG, INDUSTRIA.
VRYE WEEKBLAD KOS R1,95 PLUS 25 SENT AVB. DIT KOS R110 (AVB EN AFLEWERING INGESLUIT) OM VIR 'N JAAR IN TE TEKEN, EN R40 (AVB INGESLUIT) VIR SES MAANDE. IN NAMIBIA, SWAZILAND, LESOTHO EN BOTSWANA KOS DIE TYDSKRIF R2,20 PLUS VERKOOPBELASTING. TARIEWE VIR BUITELANDSE INTEKENARE IS BY NAVRAAG BY (011) 497 2911 BESKIKBAAR.
PROBLEME MET VERSPREIDING MOET GERIG WORD AAN CATHY FENNESSY BY (011) 836 2151.


# *vrydagoggend*

TOE ek jonger was, het ek kommuniste hier en elders as ware progressiewes gesien. Ek was self te veel van 'n genetiese Calvinis om ooit naby daaraan te kom om 'n kommunis te wees, maar ek het altyd gedink kommunisme was 'n humanitêre, mens-gerigte ideologie en dat Marxisme boonop die geskiedenis en menslike gedragspatrone baie intelligent ontleed en verstaan het.

Ek het intussen grootgeword en agtergekom dat hoe wonderlik die ideologie ook al kan klink, daar êrens 'n fout in opgesluit moet lê, want oral waar dit hoogty vier, kweek dit vreeslik onprogressiewe mense, magsug en tirannie. (Wat is progressief aan 'n stugge, brutale ou oom met 'n dik nek, geel tande en 'n piepot-hoed soos Kroesjtsjof of Brezjnef?)

Maar deurentyd het ek mense geken, party selfs baie goed geken, wat Suid-Afrikaanse kommuniste is. Gawe, progressiewe mense, mense wat omgee, die meeste van hulle. 'n Bietjie gatvas, maar so is die meeste lefties mos maar.

Ek het geen aksie teen kommuniste nie. Persoonlik is ek nogal trots op die rol wat Afrikanerkommuniste soos Bram Fischer vroeër jare gespeel het. En as sosiaaldemokraat is ek ook nie juis 'n militante ondersteuner van die kapitalisme nie. Die wit establishment se jarelange obsessie met die Rooi Gevaar en die kapitaliste en liberals se huidige geliefkoosde tydverdryf van "commie-bashing" en "red-baiting" irriteer my tot in my siel.



MAX DU PREEZ

Ek wil amper sê van my beste vriende is kommuniste. Sekerlik is daar prominente kommuniste in ons land wat ek as goeie Suid-Afrikaners ag, mense soos Joe Slovo, Ronnie Kasrils, Essop Pahad, Cheryl Carolus en Jeremy Cronin. (Amper noem ek nog 'n paar wat nog nie uit die kas geklim het as kommuniste nie!)

So ek wil nou nie hier praat oor die verskriklike geskiedenis van kommunistepartye in plekke soos Roemenië en Oos-Duitsland; die SAKP se kondonering van die Sowjet-invalle in Oos-Europese state en Afghanistan; die Stalinistiese geskiedenis van die SAKP; of die mislukking van sosialisme as ekonomiese stelsel nie. Die SAKP het die reg om te glo waarin hulle wil én om dit te propageer, en ek sal dié reg van hulle help verdedig.

Maar ek het die SAKP so sit en dophou sedert hulle weer gewettig is en die uitgewekenes teruggekom het.

En vandag wil ek sê ek dink dit is tyd dat mense binne die stryd om demokrasie begin opstaan en sê wat hulle regtig dink van die SAKP se rol in Suid-Afrika en binne die ANC.

SAKP-lede is gewoonlik baie geleerd en vlug met die bek as dit kom by ideologiese danspassies en intellektuele analises van sosio-politieke gedragspatrone. Maar gewone outjies soos ek het nog nooit antwoorde gehad op die doodgewone basiese vrae nie.

Soos: Hoekom is dit nog nodig dat daar geheime lidmaatskap en leierskap bestaan? 'n Antwoord dat dit om veiligheidsredes gedoen word, is twak. Dié argument geld sekerlik ook vir die PAC en Azapo en die ANC.

# *briewe*

### LAAT DIÉ ALBATROS NOU STERF

**Hendrik Jaars van Heidedal skryf:**
Met verwysing na Vrye Weekblad se onderhoud met dr Oscar Dhlomo "Dit is die foute wat die ANC maak" (Vrye Weekblad 14-20 Junie 1991), wil ek graag daarop reageer.
Dr Dhlomo se eerlike kritiek dat die ANC versuim om die groot aantal ervare binnelandse leiers met terugkerende uitgewekenes en gevangenes te integreer verdien eervolle vermelding. Ook sy opmerking betreffende die "eienaardige" alliansie tussen die ANC en die SAKP en die ANC se kortsigtige benadering van die KwaZulu-kwessie moet verwelkom word.
Maar kan dieselfde gesê word van Dhlomo se opmerking dat die ANC versuim om die etniese faktor in die swart politiek te erken, en dat die ANC die beeld van 'n elitistiese organisasie uitdra wie se leiers slegs Engels praat en wat neersien op die tradisionele gebruike en kulture van swartmense?
Dit is twak. Die ANC is nie 'n etniese organisasie nie en verteenwoordig mense in die breë politiek van die Suid-Afrikaanse gemeenskap wat verskillende tale praat. Om 'n doeltreffende kommunikasiekanaal te bewerkstellig, is Engels sekerlik die mees aanvaarbare taal. Om byvoorbeeld Zoeloe of Xhosa op televisie en voor gehore te praat is 'n politieke flater en ook 'n bewys van onbevoegdheid want hierdeur sal die ANC ander volgelinge vervreem wat "Kleurlinge", Afrikaners, Indiërs en Moslems genoem word.
Of dit nou nodig gaan wees om in 'n nie-rassige, nie-seksistiese en demokratiese Suid-Afrika nog met etnisiteit te toor, weet ek nie. Wat ek wel weet, is dat ek die Nuwe Suid-Afrika wil binnegaan as 'n Suid-Afrikaner los van etnisiteit en pluraliteit. Dit is mos waaroor die debat voortaan sal gaan, of hoe Oscar?
Met ander woorde, ek wil nie meer 'n Kleurling wees nie. Ek wil hê my Kleurlingskap moet saam met HF Verwoerd en die slegte geskiedenis van die Nasionale Party vir altyd begrawe word.
Dr Dhlomo erken met trots ook dat etnisiteit nie weggewens kan word nie. Dié ietwat arrogante opmerking is totaal teenstrydig met die rigting waarin ons land nou beweeg.
Helaas, dr Dhlomo was 'n hele aantal jare nog 'n prominente lid van Inkatha, wat 'n etniese organisasie is. Hoewel hy Inkatha nou verlaat het, hang etnisiteit nog soos 'n albatros om sy nek. Die vraag aan dr Dhlomo is hoekom het hy soveel probleme met groepsetikette? Sy opmerking dat die ANC se "Cultural desk" blykbaar nie weet wat sy kultuurfunksie is nie, is vergesog. Dit is reeds die aanhoudende gekerm van kultuursentimente wat verder 'n diep kloof tussen verskillende individue grawe. Terwyl etnisiteit aan die sterf is, hou sommige mense soos dr Dhlomo dit nog aan die gang. Hoe gouer etnisiteit verdwyn, hoe beter.

### LIED VIR AFRIKA

**Erna van Heerden van Tamboerskloof skryf:**
Na aanleiding van die Afrikaanse vertaling van Nkosi Sikelel' iAfrika deur Fanie Olivier wat in die 7-13 Junie-uitgawe van VWB verskyn het, sluit ek die weergawe in wat die laaste twee jaar by die Rondebosch Boys' High, Kaapstad, gesing word:

Here, hoor die lied van Afrika
Seën haar kinders wat voor U staan
Maak ons almal een in hart en hoop
Seën, Heer, vir Afrika
Swart, bruin en wit tesaam

U wat ons leer: liefde, vrede
U wat ons vra: liefde, vrede
Bind U ons saam
om U lig te dra

Seën, Heer, vir Afrika
Swart, bruin en wit tesaam.

Dit staan by die skool bekend as "Lied vir Afrika". Ek het dit aanvanklik geskryf as die afsluiting van 'n poësieprogram, "Lied van die kinders", wat 'n groep st 9's uitgevoer het, en dit is sedertdien by geleentheid deur die skoolkoor en die breër skoolgemeenskap gebruik.
Baie dankie vir Vrye Weekblad - dis wonderlik om 'n koerant skromeloos aan die Rondebossers bekend te stel en by hulle ouers aan te beveel.

### FLOUE FRUSTRASIE

**HJ Bester van Port Elizabeth skryf:**
Die TV-debat tussen Joe Slovo en Ken Owen was frustrerend eerder as flou. Met Suid-Afrika in transisie wil dit voorkom of Suid-Afrikaners links en regs van die ideologiese smorgasbord vat en dit in allerhande gekonsentreerde superformules aanbied wat selfs die mees gesoute politieke waarnemer sal laat ys. My frustrasie kom daarby in dat dit gedoen word sonder om ag te slaan op die

Soos: As die SAKP dit dan so eens is met die ANC se beleid en strategie, waarom as 'n afsonderlike party voortbestaan? En as die party dit nie eens is met die ANC nie, waarom sit die party nog soos 'n parasiet binne-in die ANC?

Hier gaan ek seker met die "tweede fase"-argument beantwoord word: dat die SAKP nou tevrede is met 'n gemengde ekonomie, maar dat daar 'n dag ná bevryding sal kom dat die SAKP sal besluit hulle nou kan begin druk vir 'n suiwer sosialistiese staat.

Ek koop dit nie. Dis 'n verneukery. Want nou stem mense vir die ANC en sy beleid en intussen infiltreer die SAKP die ANC heeltemal en as ANC-ondersteuners weer hul oë uitvee, word daar 'n ander beleid toegepas as dié een waarvoor hulle gestem het.

Daar is nog vrae. Hoe kan die SAKP dit regverdig dat sy eie leiers intensiewe veldtogte voer om ook leiers van die ANC te wees? Hoe kan 'n mens 'n party vertrou wat in die donker konkel om sy eie leiers te stoot - en ander verdag te maak - om mag binne die ANC te bekom?

Die kommuniste het self 'n fancy woord hiervoor: "entryism". En by hulle is entryism 'n aartssonde. Die SAKP is paranoies om entryists uit hul party te weer.

Hoor wat sê een van die voorste SAKP-leiers, Billy Nair, oor entryism: "I would define entryism as an attempt to work within an organisation, such as the SACP or ANC, but with a hidden agenda. Entryism is usually carried out by a narrow conspiratorial grouping which has its own agenda but which is cut adrift from the mainstream of thinking and struggles of the people. Such a grouping finds itself at odds with the mass of the people."

Ek kon dit nie beter gestel het nie. Dit is mos presies wat die SAKP in die ANC doen!

En as ons dink Billy het die kat aan die stert beet, kom ons hoor wat Jeremy Cronin oor entryism te sê het: "Entryists attempt to sieze the commanding heights of an existing organisation - usually one with a mass following. In other words, entryism is essentially parasitic."

Ek kon die SAKP se rysmier-rol in die ANC nie beter gestel het nie.

My eie, subjektiewe indruk van die SAKP sedert vroeg verlede jaar is dat dit 'n groepie elitistiese kaballiste is wie se idee van demokrasie is die manipulering van die massas. Hulle gebruik graag die woorde "massas" en "werkers", maar eintlik sien hulle gewone mense as dom stemvee. Hulle hou as 'n reël nie daarvan om dinge in die openbaar te doen dáár waar die sonlig kan inskyn nie. Hulle probeer graag voorgee hulle sit op die morele hoë grond, maar eintlik is strategie en taktiek hul hoogste waardes. En mag die hoogste ideaal.

Die een ding waarin die SAKP geslaag het, is om almal wat hulle kritiseer, verdag te maak as "reaksionêre". Jy kan enigiets van die ANC en NP en PAC en die regses sê, maar maak jy jou mond oop teen die kommuniste, is jy iets wat die kat in die huis ingedra het. 'n Soort agent of 'n spioen of 'n ding.

As die SAKP 'n "vanguard-party" is, dan is dit om in die vanguard van konkel en onverdraagsaamheid te wees.

Dit is terloops vir my tipiese SAKP-gedrag om dié week, enkele dae voor die ANC se belangrike kongres begin, 'n haastig-voorbereide uitgawe van hul mondstuk, Umsebenzi, uit te bring.

Ek het nie in dié stadium 'n probleem daarmee dat Cosatu in alliansie met die ANC staan nie. Cosatu is immers nie 'n politieke party nie. Maar ek dink daar is iets onheiligs en oneerliks aan die alliansie tussen die ANC en die SAKP nou dat die politiek weer vrygemaak is en ons begin praat van demokratiese verkiesings.

As die Suid-Afrikaanse kommuniste wil hê ons gewone sterflinge moet hulle begin aanvaar en vertrou as mede-stryders vir demokrasie en menseregte, moet hulle nou óf hul party ontbind en as gewone ANC-lede en -leiers hul politiek beoefen, óf hulle moet die SAKP uit die ANC wegneem en gaan staan as 'n afsonderlike politieke party met sy eie karakter, beleid en leierskap. En as die ANC en SAKP op sekere kwessies saamstem, kan daar 'n koalisie tussen die twee wees. Maar kiesers moet altyd weet wie is wie.

Hoe gouer die ANC hom losmaak van dié onheilige alliansie, hoe gouer gaan mense die ANC ten volle vertrou met hulle toekoms. VW

## SO SÊ HULLE

"Power to the people must be thought of and implemented. You need to democratise if you want genuine peace in African regions. Give a chance to the people to choose their leaders through the ballot box and not through the bullet box."
*- Kenneth Kaunda, die Zambiese president op die Nigeriese Nasionale televisie.*

"Jy kan nie verwag om ná 'n stryd van dertig jaar skielik alles oorboord te gooi en onvoorbereid die toekoms in te gaan nie. Op stuk van sake, dade tel meer as woorde."
*- Ronnie Kasrils van die ANC wat twee weke gelede gevrywaar van vervolging is weens sy aandeel in Operasie Vula.*

"And without opportunities and the will and desire to commit crime, very few crimes would be commited."
*- Generaal Johan van der Merwe, kommissaris van die polisie, oor Operasie Blitz wat dié week dwarsoor die land uitgevoer is in 'n poging om misdaad te bekamp.*

"Ek het baie simpatie met hulle. Hulle kon dekades lank nie openlik organiseer nie. Ons het 'n sterk ANC in Suid-Afrika nodig."
*- Dr Mangosuthu Buthelezi, leier van Inkatha, na sy besoek aan Amerika.*

"No responsible government could stand by and watch the illegal occupation of government property."
*- David Venter, 'n woordvoerder van die regering oor die poging van swart skoolkinders van Alexandra om 'n leë wit skool te beset.*

"Ek het meer as net 'n drankprobleem gehad. Ek was belas met 'n bose gees. Ek het die bose gees toegelaat om vatplek op my lewe te kry. 'n Wonderwerk het my verlos van die drankduiwel en ook bevry van die greep wat die Satan op my gehad het."
*- ds Johan Marais, leraar van die NG Moedergemeente op Mosselbaai nadat hy vir vyf maande geskors is, weens die misbruik van drank op die kerkterrein.*

besonder vrugbare lesse wat nou te leer is uit die huidige globale ideologiese klimaat. Ek stem wel saam dat Joe goed gevaar het, maar Joe is 'n man wat ook goed sal vaar al moet hy argumenteer dat die dinosourus 'n bedreigde spesie is.

Kapitalisme, omskryf as produksie onderneem deur privaatinstansies gerig op 'n vrye mark (en meestal gepaar met liberale demokrasie) en sosialisme (as 'n sentraal beheerde, beplande ekonomie met 'n Marxistiese ideologie) verteenwoordig die primêre ideologiese stryd van die twintigste eeu.

Dié stryd het egter nou 'n beslissende einde bereik en almal wat daarby betrokke was (nie Suid-Afrika nie) weet wie die wenner was. Dit het die mensdom sowat sewentig jaar en 'n paar miljoen lewens gekos om dit uit te sorteer. Dit is tereg wat die neo-neo-Hegeliaan Francis Fukujama bedoel het met die einde van die geskiedenis. Een van die vernaamste bevindings wat uit dié hoofstuk in die geskiedenis gemaak kan word, is die wyse waarop die onderskeie ekonomiese stelsels korreleer met sekere politieke praktyke. Ten opsigte van sosialisme het Peter Berger (na wie Ken Owen verwys het) die volgende empiriese bevindinge gemaak:

Sosialisme het 'n intrinsieke korrelasie met 'n oorheersende burokratisering van die ekonomie, met ekonomiese ondoeltreffendheid, met outoritêre regeringsvorms en met die totalitêre projek in moderne samelewings. Een van sy gevolgtrekkings hieruit is dat, sou jy 'n mite beskryf as 'n idee wat nie empiries verkeerd bewys kan word in die oë van sy aanhangers nie, dan is sosialisme een van die kragtigste mites in die moderne wêreld. Ten opsigte van kapitalisme bevind Berger dat dit 'n noodwendige, maar nie 'n voldoende vereiste vir die demokrasie is nie.

Gesien in die lig van die tipe debatte wat deesdae in Suid-Afrika gevoer word, en ook in die lig van opmerkings soos deur Max du Preez self, dat die enigste verskil tussen die twee stelsels te doen het met wie se rykstes die rykstes is, en wie se armste die armste is, kan mens maar net sug. En om Ken Owen as 'n "ekstremis" te beskryf terwyl hy klassieke Westerse beginsels voorhou, klink veels te slimgat. Die Marxistiese projek in Suid-Afrika, vergeleke met die res van die wêreld, geniet 'n totaal anachronistiese respektabelheid. En dié debat, deur sy lomp aanbieding, het daartoe bygedra. So ook Max du Preez se kommentaar. Dat Suid-Afrika agter die tyd is word ook bevestig in sy ideologiese kultuur. Miskien sal dit ons ook sewentig jaar kos om die nie-so-oue Chinese wysheid te ontdek dat "communism is the most elaborate and bloody path from capitalism to... capitalism."

**SUUR NASMAAK**

**A.S van Stellenbosch skryf:**

VWB se berigte en kommentare is oor die algemeen deurdag en insiggewend. Maar daar is gewoonlik 'n suur nasmaak. As with Max du Preez's letter to Breytenbach (VWB 7 - 13 Junie 1991): A battle in cursing. The battle to get behind the mind of our time. Our fears and our hatred. And the attempts by some journalists to align themselves with the sexual revolution. Braak, kots, kak en orgasmes. Sometimes it leaves the impression of over-eager and vain attempts to be brutal.

Nie alle wonde heel met die skroeiende son nie - dis 'n mite van die Verligting. Sommige wonde soek vog, ander om uitgedroog te word. En dan is daar nog dié dele wat beter heel as dit uitgelos word.

So why treat all the boils with alcohol? Maybe addicted to the intoxicating effects of an incestious type of honesty?




*Vrye Weekblad plaas graag briewe wat nie die wet oortree of lasterlik is nie, mits die korrespondent se naam en volledige adres bygevoeg word as 'n skuilnaam gebruik word. Briewe korter as 200 woorde sal voorkeur geniet, en die redakteur behou die reg voor om briewe te verkort.*

*Skryf aan:*

**Vrye Weekblad Briewe, Posbus 177, Newtown 2113.**

# ter suide

Een van Vrye Weekblad se mede-werkers vandeesweek, André Zaaiman, wat die artikel oor die lewe in Senegal geskryf het, sê hy het op pad terug van dié Wes-Afrikaanse land gewonder hoe dinge die laaste maande in Suid-Afrika verander het.

Sommer al op die Lughawe Jan Smuts is sy ergste vrees bewaarheid toe die paspoortbeampte - 'n wit Afrikaanse vrou - sy paspoort neem om 'n aankoms-stempeltjie in te slaan. Sy sien toe op André se vorm dat hy nou in Senegal woon. Die gesprek het só verloop:

Beampte, baie vriendelik: "En waar in Senegal? Is dit nie êrens in Namibia nie?"

André: "Nee."

Beampte: "Is dit nie een van daai landjies hier om ons nie?"

André: "Nee dit is nie. Dit is in Wes-Afrika. Dit is 'n onafhanklike land."

Beampte: "Waar sê jy is dit?"

André: "Dit is in Wes-Afrika, nie te ver van Egipte af nie."

Beampte: "My aarde, is daar witmense?"

André: "Nee, nie eintlik nie."

Beampte: "Woon jy dan so tussen al die swartmense?"

André: "Ja."

Beampte: "Haai, siestog, ek hoop nie jy hoef te lank daar te bly nie."

Kaapstadse advokate en prokureurs is woedend nadat die Kaaplandse regter-president, regter George Munnik (PW se ou vriend), onlangs besluit het om al sy regters vir 'n uitstappie na Robbeneiland te neem.

Die groep regters het teen halfelf die oggend aan boord van die eilandskuit gestap en glo eers teen halfvier die middag kuier-kuier teruggekeer. 'n Hele hofdag was daarmee heen. Dit het beteken dat alle hofsake wat vir daardie dag geskeduleer was, uitgestel moes word - en dat advokate en prokureurs wat dié dag vir sake opsygesit het, betaal moes word.

Kyk mens na die advokaatfooie wat onlangs deur die Balieraad bekend gemaak is, kon dié uitstappie van Munnik sommige kliënte tot R10 000 gekos het vir 'n senior advokaat wat toe maar gaan gholf speel of langs die see gaan stap het.

• Een regter, regter King, het glo geweier om dié uitstappie mee te maak. Prysenswaardig.

Sê Joe Slovo vandeesweek in sy persoonlike rubriek "Umrabulo" in die SAKP-mondstuk Umsebenzi: "I do not believe the rumour that Alan Fine of Business Day, Hennie Serfontein of Vrye Weekblad, and some of their fellow scribes are offering themselves as candidates for the new ANC NEC.

"The rumour has started circulating when reports were made that many journalists feel that it would be cheaper for them to sit on the NEC and get information of its decisions direct, instead of having to pick it up over lunch and drinks."

• Sien jou vir ete in die Yard of Ale, Joe!...Ten minste suig Hennie nie sy inligting uit sy duim nie.

In ds Izak de Villiers (oud-redakteur van Sarie) se "nuwe Rapport" vandeesweek:

Bladsy 3: "Oe, die eina tog, want... nou kry mans Die Pil - met 'n naald".

Ook op bladsy 3: "'n Kus dra Vigs, sê Italianers. Dog ons kenners sê...Soen maar voort."

Bladsy 10: "'n Aanval tydens seks... Jou hart sou in elk geval gaan staan het."

Bladsy 32 (Die "Mense en hul Streke"-bladsy): "Mike trek broek uit vir skool."

En in die Tydskrif: "Seks: mites wat vroue van mans glo."

• Nou vir die G-Kol, Sakkie!

Nie dat Rapport nou skielik seksbehep geraak het nie, hoor! 'n Mens kan agterkom dat daar 'n nuwe, meer stemmige en sedige hand oor die koerant gehou word. Ons hoor dat dit nie per ongeluk is dat Lou Henning se moedswillige eendjies nie deesdae hulle woorde kan uitkry nie...




Dawie, rubriekskrywer van Die Burger en Beeld, verkoop sy twak nou al dekades lank. Verlede week was geen uitsondering nie. Hy noem die driekamer-parlement 'n "politieke ysterman" en verklaar dan: "Dit het getoon - spesifiek aan blanke kiesers - dat 'n stelsel van magsdeling kán werk. Dit het aan konsensus-politiek in die praktyk beslag gegee."

En dan sommer 'n half rassistiese ondertoon: "Dit was die politieke kweekskool wat gekleurde politici geslyp het, wat aan hulle ervaring van politieke administrasie gegee het." (Overgezet zynde: waar die Boere die Kleurlinge geleer het hoe om blink pakke te dra, nie in die raad te spoeg nie en hoe om met vet BMW's te ry sonder om skuldig te lyk.)

Kyk, broer Dawie, as die driekamer-parlement 'n model van "magsdeling" en "konsensus-politiek" was en is, dan weet ons presies wat ons nié in die toekoms nodig het nie. Die enigste mag wat die twee Klein Huisies gehad het, is om so nou en dan te lawaai en 'n nuisance van hulself te maak.

SOWETAN

Vrye Weekblad

QUARTERLY

STATE OF THE NATION

REPORT

**CRITICAL TIMES MEAN CRITICAL DECISIONS. CORRECT DECISIONS DEMAND PROPER INFORMATION.**

Vrye Weekblad and Sowetan, South Africa's largest daily newspaper, are launching a Quarterly State of the Nation Report to fulfil the need for in-depth, authoritative and balanced information on the affairs of the South African nation. It will be sent to the 7 000 top decision makers and opinion formers in the country of all constituencies and political persuasions.

The theme of the first Report, to be published in mid-July, will be 'Violence: Now for the Fight for Peace.'

The **Vrye Weekblad/Sowetan Quarterly State of the Nation Reports** will be an ideal vehicle for corporations to associate themselves with the search for lasting solutions to our country's problems. The deadline for advertising bookings for the first edition is June 28, 1991.


Contact Joyce Dube at telephone (011) 836 2151 or fax 838 5901, or Steve Serfontein at (011) 474 0128 or fax 474 8834.

# 'Ek kan Derde Mag se geweld-rol bewys'

Daar is aanduidings dat die geweldpleging in Natal en aan die Rand besig is om in die Wes-Kaap pos te vat - en daarmee saam word die vinger weer eens na die betrokkenheid van 'n soort **Derde Mag** gewys. Jan van Eck, omstrede DP-parlementslid, glo onafhanklike getuienis kan dit bewys. **CHRISTELLE TERREBLANCHE** *het met hom gepraat*



Jan van Eck ... "Ek vrees die geweld kom nou Kaap toe."



Jan van Eck tydens een van sy vroeëre botsings met die SAP.

MY grootste vrees is dat die sogenaamde Derde Mag besig is met pogings om die destabilisasie in townships na die Wes-Kaap uit te brei", sê Jan van Eck, DP-LP vir Claremont en die voorsitter van die party se Onrus Monitor-groep, UMAC.

Van Eck gaan Staatspresident FW de Klerk dringend versoek om 'n onafhanklike kommissie in die lewe te roep om ondersoek in te stel na alle bewerings van polisie-partydigheid en geweld en konflikvoorvalle, spesifiek in die Wes-Kaap.

Hy het ook aan VWB bevestig dat hy nog staan by vroeëre verklarings oor die bestaan van 'n soort Derde Mag in die veiligheidsmagte, asook "vyfde kolonne" in die regering, hoewel die twee nie noodwendig regstreeks met mekaar verband hou nie.

"Ek weier om verder enige getuienis, bewyse en verklarings aan die polisie self te oorhandig," het Van Eck gesê nadat nog 'n storm dié week om sy kop losgebars het weens sy jongste bewerings oor polisie-betrokkenheid by geweld in swart townships. Hy is deur senior lede van die SAP besoek en gevra om sy dokumente te oorhandig, maar het geweier.

"Ek het deur die jare soveel verklarings aan die polisie gedoen en getuienis aan hulle oorhandig waarvan niks gekom het nie, dat ek nie meer glo dat die polisie in werklikheid enige interne ondersoek suksesvol kan uitvoer nie. Ek is net bereid om dit aan 'n heeltemal onafhanklike kommissie voor te lê."

Van Eck het reageer op ontkennings deur die adjunkminister van Wet en Orde, Johan Scheepers, op Van Eck se uitlatings vroeër dié week aan 'n dagblad, toe hy gesê het dat swartmense, veral lede van die ANC, oop teikens geword het vir "moordbendes" wat bande met die staat het. Scheepers het weer kategories ontken dat die polisie moordbendes het, maar het gesê dat die polisie enige bewerings van misstappe deur sy lede in 'n ernstige lig beskou. Volgens hom sal geen steen onaangeroer gelaat word om die oortreders op te spoor en te straf nie.

"Partye wat met mekaar in konflik is, het 'n eie manier van optrede wat dit dikwels laat lyk soos moordbendes," sê Scheepers. "Dan beskuldig hulle die polisie onregverdig. Die polisie het nie moordbendes nie."

Van Eck sê hy het genoeg getuienis om te bewys dat 'n verband bestaan tussen die tipe ondergrondse operasies van die BSB, Koevoet en die Askari's, en samewerking met lede van die SAP waardeur geweld in townships aangehits word. Volgens hom pas die optrede klaarblyklik die sekurokrate in die regering baie goed, hoewel hulle dit nie noodwendig goedkeur nie.

Van Eck het onlangs 'n opskudding in die parlement veroorsaak toe hy verklaar het dat daar 'n soort "vyfde kolonne" in die geledere van die NP-regering is, wat probeer om die oorhand te kry. Hy het die minister van Verdediging, genl. Magnus Malan, en die minister van Finansies, Barend du Plessis, as lede van die "kolonne" uitgewys.

Van Eck, die DP se adjunk-segsman oor Wet en Orde, meen alles dui daarop dat die sekurokrate weer eens die oorhand begin kry. Hoewel die bewerings oor die "vyfde kolonne" met groot skeptisisme en ontkennings ontvang is, volstaan hy steeds daarmee. "Ek het genoeg inligting daaroor. Hulle speel netjies in die hande van die sogenaamde Derde Mag."

Die jongste vingerwysigings na die veiligheidsmagte volg na ondersoeke in die swart townships rondom Kaapstad ná die sluipmoord verlede week op 'n bekende ANC-aktivis, Mziwonke "Pro" Jack.

"Ek het met soveel mense moontlik gepraat en daar is genoeg aanduidings van 'n regstreekse verband tussen sy dood en Askari-bedrywighede," sê Van Eck. "Ten eerste was die moord uiters professioneel en moet dit baie goed beplan gewees het. Die sluipmoordenaars moet hom baie goed geken het, want hulle het hom op sy Xhosa-naam geroep net voordat hulle hom geskiet het. Ek het Pro Jack ses jaar lank goed geken, maar nie eens ek het sy Xhosa-naam geken nie," sê hy.

"Voorts kan verskeie mense getuig dat hy die dag voor sy dood deur verdagte wit mans in 'n ongemerkte motor gevolg is. Die laaste tyd is daar ook 'n paar keer op sy huis en motor in Nyanga geskiet en alle getuienis dui daarop dat dit deur lede van die veiligheids-establishment gedoen is."

Maj Jan Calitz, SAP-woordvoerder in die Wes-Kaap, het dié week gesê ondersoek word ingestel na 'n moontlike verband tussen Jack se dood en twee ander skietvoorvalle op polisiemanne in Nyanga met R4-gewere.

"Dit is totaal absurd," sê Van Eck. "Dit is weer eens verdagmakery, waarskynlik teenoor die ANC."

Hy beweer lede van die polisie was betrokke by 'n onlangse skietvoorval in Kruispad waarin een mens dood en drie ernstig verwond is. "Ek het beëdigde verklarings van ooggetuies wat sê dat polisiemanne in gewone klere in 'n blou Ford-bakkie summier begin skiet het op mense wat op pad was werk toe. Die polisie het later beweer daar was 'n klipgooiery, maar ek kon geen sweem van getuienis daarvan kry nie. Die polisie het ook aanvanklik gesê die voorval was in Khayelitsha, en later in Philipi."


Nog 'n aantyging wat volgens Van Eck gestaaf kan word, is dat die polisie kant kies in die taxi-oorlog in Khayelitsha, wat al meer as 'n maand lank woed en dreig om die gebied heeltemal te ontwrig. "Daar is 'n nimmer-eindigende stroom klagtes, bewerings en ooggetuie-verslae in my kantoor oor polisie-teenwoordigheid en partydigheid by gevegte," sê hy.

As lid van die aanvanklike onrus-moniteringsgroep van die voormalige PFP, het Van Eck sedert 1985 talle onrusverwante voorvalle opgevolg en talle verslae die lig laat sien. Hy glo 'n onafhanklike vredesmag is die enigste manier waarop partydige polisie-optrede regdeur die land gestaak kan word.

"My ontleding van konflik en geweld in die Wes-Kaap dui daarop dat die veiligheidsmagte nie vertrou kan word om die veiligheid van die regering se politieke vyande te verseker nie," beklemtoon Van Eck.

# Aan dié wat het, sal gegee word

Onderwys is die een plek waar die FW de Klerk-regering se "Nuwe Suid-Afrika" in die sand gaan vasval. Nege onbenutte wit skole is dié week met groot fanfare deur die regering aan ander instellings beskikbaar gestel, maar dit is duidelik dat die regering probeer om dit steeds in wit of private hande te hou, meen **ESMA ANDERSON**.



In die East Bank High Scool in Alexandra moet die leerlinge vyf by lessenaar sit en werk. (Foto: Rodger Bosch)

DIE geweldige krisis in swart onderwys, wat in groot mate draai om 'n kritieke tekort aan skole, is glad nie deur die regering aangespreek nie omdat slegs twee van die onbenutte "wit" skole aangewend gaan word vir swart onderwys.

Die geval van die Orange Grove Primary School is tipies van die regering se houding. Dit is naby Alexandra, waar elke swart klaskamer hopeloos oorbevolk is - en tog ken die regering dit aan een van die rykste gemeenskappe in die land toe.

Die spektakel van polisiemanne in kamoefleerdrag met gewapende troepedraers en helikopters wat dié week moes keer dat leerlinge van die East Bank High School in Alexandra na die Orange Grove skool gaan, het sterk reaksie in die swart gemeenskap en die buitewêreld veroorsaak.

Die regering se enigste antwoord was dat die Orange Grove Primary School aan die Joodse Raad vir Onderwys toegeken is omdat dit "geleë is in 'n groot Joodse gemeenskap". Swart skoolkinders kan nie die Orange Grove skool benut nie omdat "hulle nie die regte kanale gevolg het nie", sê 'n woordvoerder.

Die hele proses word lamgelê deur die regering se oënskynlike verknogtheid aan burokrasie. Die verskillende "eie sake" departemente van Onderwys wat dien as kanale waardeur sulke versoeke hanteer word, vererger net die krisis.

Dit lyk egter asof die Alexandra Education Co-ordinating Committee (AECC) wél aansoek gedoen het om die gebruik van die Orange Grove skool, maar dat die Departement van Onderwys en Opleiding (DOO) - die enigste liggaam by wie swart skole aansoek kan doen om die gebruik van "wit" skole - self besluit het dat die Orange Grove skool nie geskik sal wees nie omdat dit "te ver van Alexandra is". Die DOO het gevolglik geen aansoek om die gebruik van die Orange Grove skool gemaak nie.

Die AECC beweer ook dat die minister van Onderwys, Stoffel van der Merwe, reeds in Maart vanjaar aan hulle belowe het om die moontlikheid te ondersoek dat die AECC die Orange Grove skool kan gebruik.

Van dié belofte het duidelik niks gekom nie en swart onderwys trek steeds aan die kortste end.

Die eenvoudigste oplossing sou waarskynlik wees om die leë wit skole sonder voorbehoud oop te stel. Die DOO sê egter dat dit op die lang duur baie meer kan kos om kinders na die skole te vervoer as die koste om bestaande geriewe te verbeter.

Selfs al sou dit waar wees, hoekom is die regering nie bereid om van dié skole ten minste op kort termyn beskikbaar te stel vir swart onderwys nie?

Die instansies aan wie die ander agt skole toegeken is, is die Johannesburg Tutorial College, die Light House Christian Schools Ministry, die Educare Training Trust, die Suid-Afrikaanse Epileptiese Liga, die Departement van Onderwys en Opleiding, die Departement van Onderwys en Kultuur in die Huis van Afgevaardigdes, die St Endas Education Centre en die Departement van Bosbou (wat gebruik sal word as 'n skool vir die kinders van werkers).

Die meeste van die skole sal verkoop of verhuur word, maar die besonderhede van die kontrakte is nog nie bekend gemaak nie. Juis daarom kan mens maar net bespiegel oor die redes waarom hoofsaaklik private instansies begunstig is, ondanks die feit dat daar eenvoudig nie genoeg regeringskole is nie.

Amon Msane, algemene sekretaris van die Suid-Transvaal streek van die NECC, sê meer as 50 wit skole in die PWV-gebied is die laaste paar jaar gesluit, terwyl verwag word dat nog 50 ander skole waarskynlik voor einde vanjaar gesluit gaan word.

As dié skole almal beskikbaar gestel word, sou dit ten minste kon help om die onmiddellike krisis in swart onderwys te verlig, veral gesien in die lig van die nypende tekort aan openbare skoolgeriewe.

Mens kan kwalik help om met Msane saam te stem: "Ons het gedink dat die laaste pilare van apartheid verkrummel het, maar ons is verkeerd bewys." VW



Daar is geen elektrisiteit in die Denver Adult Education Centre nie - maar die leergierlges is bereid om by kerslig te studeer. (Foto: Rodger Bosch)

## Leer en skryf by die lig van 'n handvol kerse...

HOE is dit dat die Departement van Onderwys en Opleiding nie besef die krisis in onderwys en die voorsiening van skole lê nie by die Joodse gemeenskap, kerkorganisasies of private instansies nie? Vrye Weekblad het dié week binne 'n paar uur twee skole besoek waar die toestande onhoudbaar is.

Die een is die East Bank High School in Alexandra en die ander die Denver Adult Education aan die Oos-Rand, wat albei aansoek gedoen het om benutting van leë wit skole.

East Bank High School se leerlinge was dié week slaags met die polisie en die onderwysowerhede ná hulle besluit (onder leiding van die NECC) om die Orange Grove Primary School te beset.

East Bank is in 'n haglike toestand. Daar is sewe klaskamers en 'n klein kerkie op 'n stinkende skoolgrond, waar 900 leerlinge gehuisves moet word. Kinders sit selfs in sommige klasse vyf by 'n lessenaar in 'n klas met 120 leerlinge. Die skool werk ook sonder genoeg handboeke en skryfbehoeftes.

Die leerlinge moes al in die begin van Junie die halfjaar-eksamens aflê - maar weens 'n tekort aan geriewe moes dit afgestel word.

"Daar is nie vensters of deure in ons klasse nie en in die winter word dit baie koud. Ons het ook nie elektrisiteit nie en as dit reën, kan ons glad nie op die bord sien nie. Party van ons deel 'n stoel met drie ander kinders," sê Petrus Kekana, 'n leerling in standerd ses.

Die situasie by die Denver Adult Education Centre is nie veel beter nie. Die skool word gehuisves in 'n Inkatha-beheerde hostel in Denver. Dié skool het ook aansoek gedoen om een van die leë wit skole, Malvern-West Primary School, wat intussen toegewys is aan die Johannesburg Tutorial College, 'n veelrassige privaatskool.

Denver Adult Education Centre is egter baie teleurgesteld deur dié toekenning, omdat hulle in baie moeilike omstandighede skool gee. Buiten die gebrek aan behoorlike geriewe soos elektrisiteit, is die grootste probleem die geweld in die townships en veral by die hostels.

"Die hostel word beheer deur Inkatha, wat al sommige van ons leerlinge geïntimideer het. In die begin van die jaar het ons omtrent 800 leerlinge gehad, maar die syfer het nou gedaal tot omtrent sestig. Mense wat nie in die hostel bly nie, is bang om hierheen te kom," sê die skoolhoof, Pule Mashigo.

"Ek is nou al drie jaar lank hoof van die skool en ons het nog nooit so min leerlinge gehad soos vanjaar nie. Selfs Inkatha-mense wat van die hostels in Jeppe en George Goch kom, voel geïntimideer omdat die inwoners van die hostel vreemdelinge baie stief behandel."

Dr Joop Lensink, onderwyser en stigterslid van die skool, sê hulle sukkel deesdae ook om onderwysers te kry, selfs ongekwalifiseerdes. "As belangstellendes hoor dat die skool by die hostel is, word hulle gou afgeskrik deur die Inkatha-teenwoordigheid."

Die oorblywende leerlinge, almal hostel-bewoners, is egter steeds baie doelgerig in hulle studies. In die standerd twee klas van omtrent 15 leerlinge, is daar jong mans in hul vroeë twintigerjare en ou omies van oor die sestig, almal druk besig om van die bord af te skryf by die lig van 'n handjievol kerse. Hoopvol om iets meer van hulle lewens te maak.

Volgens Mashigo het hulle al vroeg verlede jaar aansoek gedoen om die skool, waarna hulle versoek gehanteer is deur die departement van Volwasse Onderwys van die DOO. Hulle het selfs na die skoolgronde gaan kyk, waarna 'n amptenaar van die Transvaalse Onderwys Departement (TOD) hulle die indruk gegee het dat dié geriewe aan hulle beskikbaar gestel gaan word, mits dit steeds gebruik word vir onderwys.

'n Bykomende probleem wat hulle ligging by die hostel meebring, is dat vroue nie in die hostel se gronde toegelaat word nie. "Daar is baie vroue wat graag ons klasse wil bywoon, maar weens die reëls van die hostel, kan hulle nie hier onderrig word nie," sê Mashigo.

"Die skool in Malvern sou al dié probleme vir ons oplos. Ons enigste hoop is nou dat die Tutorial College hul nuwe gronde ook aan ons beskikbaar sal stel om saans daar klas te gee."

Mashigo sê hulle nou onderhandel met die kollege, wat aan Vrye Weekblad gesê het hulle oorweeg die versoek en sal dit moontlik toestaan, "mits die probleme van die hostel nie oorgedra word op ons skool nie".

Vir die Denver Adult Education Centre is daar nou hoop - maar wat gaan word van die kinders van East Bank High en vele ander swart skole? VW

# Vier kante van die ANC se saak

Die kongres van die ANC wat volgende week in Durban begin, moet eenheid in dié beweging teweegbring, maar daar is groot meningsverskille onder leiers oor wat bereik moet word. **HENNIE SERFONTEIN** som die uiteenlopende menings op.

DIE skepping van eenheid in denke en visie oor die strategie, beleid en toekoms van die ANC is miskien die belangrikste taak wat aanstaande week op die afgevaardigdes by die nasionale kongres wag.

Hoe diep die verskille is oor die strategie waaroor die ANC in die oorgangsfase op die kongres moet besluit, blyk uit die dikwels teenstrydige menings van vier belangrike ANC-leiers: Thabo Mbeki, die ANC se hoof van Internasionale Sake; Raymond Suttner, hoof van die departement van politieke opvoeding; Harry Gwala, leier van die Natal Middelandse Streek; en Mzilikazi Khumalo, die tesourier van Suid-Natal.

Khumalo is 'n oud-lid van Umkhonto we Sizwe (MK), 'n oud-politieke gevangene met twaalf jaar op Robbeneiland op sy kerfstok, en nou 'n Durbanse besigheidskonsultant en 'n sleutelfiguur in die organisasie van die kongres.

Mbeki en Khumalo verteenwoordig 'n pragmatiese, realistiese, voete-op-die-aarde denke oor die prioriteite en nuwe strategie wat gevolg moet word.

Suttner en Gwala, albei ook lede van die SAKP, is onbeskaamd militant in hul siening van die komende kongres, en bly verknog aan die revolusionêre strategieë van die verlede.

Onlangs het New Nation onderhoude met Mbeki en Suttner oor die prioriteite van die kongres gevoer. Mens kan haas nie glo dis mense wat sleutelposisies in dieselfde party beklee nie, só fundamenteel verskil hulle.

Suttner sê strategieë en taktiek is belangriker as byvoorbeeld wat die beleid oor sake soos grond en gesondheid moet wees.

Hy glo ook nie dat die voorbereiding vir 'n verkiesing nou 'n prioriteit is nie, "want dit is nog lank voor dit sal gebeur".

Suttner is bang dat die ANC-lede onrealisties is en glo dat ons reeds binne 'n nuwe Suid-Afrika is en dat die oorwinning daarom seker is.

Vir hom gaan dit nie oor die afskaffing van apartheidswette nie; maar oor die aftakeling van "magsverhoudinge van nasionale onderdrukking en ekonomiese uitbuiting".

Om te verseker dat magsverhoudinge wel verander en dat veranderinge onherroeplik is "moet ons op elke pilaar van die stryd opereer. Die sleutelpilaar is georganiseerde magsaksie", meen Suttner.

Verder beskou Suttner internasionale druk - hy noem nie bepaald sanksies nie - tesame met die "mobilisasie van internasionale solidariteit" steeds as beslissend.

Volgens hom is die ondergrondse strukture steeds belangrik, terwyl die vierde pilaar, die gewapende stryd, ook steeds relevant is. Hy meen vanweë die regering se hantering van geweld moet verdedigingseenhede geskep word.

Mbeki, daarenteen, verwys hoegenaamd nie na massa-optrede of enige van die ander "pilare" deur Suttner genoem nie. Volgens hom moet die kongres fokusseer op "die visie van die soort land wat die beweging wil hê en hoe dit beplan om die oorgangsfase te bestuur".

Daarom glo Mbeki dat die bespreking van beleid oor sake soos onderwys, gesondheid en die ekonomie 'n prioriteit is. Mbeki waarsku dat die konferensie die laaste normale kongres is voordat 'n algemene verkiesing onder 'n nuwe grondwet gehou word.

"Daarom moet die kongres die meeste aandag gee aan hoe die ANC homself aan die land sal aanbied wat sy beleid betref," beklemtoon hy.

Hoofriglyne moet duidelik neergelê word sodat beleid in fyn besonderhede uitgewerk kan word. 'n Belangrike aspek van hoe om die oorgangsperiode te bestuur, behels die opstel van 'n nuwe grondwet vir Suid-Afrika.

Daarom sê hy: "Daar is twee stelle kritiese vrae voor die konferensie: voorbereidings vir daardie postapartheid Suid-Afrika, veral met betrekking tot beleid, en die hantering van die oorgangsfase."

Die kongres moet ook definieer wat dit met 'n interim-regering bedoel, en hoe dit gesag uitoefen. Hy sê die interim-regering sal ook aandag gee aan sake soos onderwys, die veiligheidsmagte, die nasionale begroting en buitelandse sake - goed waaroor die kongres moet besluit.

Maar by die jaarkongres verlede week van NUMSA, waarvan hy voorsitter is, het die militante Gwala kaalkop gesê die komende jaar is een van massa-optrede. In kritiek op die ANC se leierskap sê hy werkers is aangeraai om massa-optrede te laat vaar omdat dit die klimaat van onderhandelings sou besoedel. Dit is vergete dat onderhandelings die produk van massa-optrede was.

Later het Gwala aan die media gesê dat sy toespraak 'n oproep tot militansie was en dat vakbondlede moet toesien dat die ANC sy militansie behou. Hy beskuldig die ANC-leierskap daarvan dat baie min optrede sedert die raadplegende kongres in Desember 1990 plaasgevind het.

Maar sy mede-Nataller Mzi Khumalo sê aan VWB die era van revolusionêre militansie is iets van die verlede. Daarom moet aanvaar word dat die gewapende stryd dood is en hoegenaamd nie meer 'n realistiese opsie is nie en dat daar ook nie meer redes vir massa-optrede is nie. Hy beklemtoon dat die ANC besig is om mag deur middel van onderhandelings te verkry.

Khumalo waarsku egter dat 'n verkeerde persepsie by die ANC-jeug bestaan dat onderhandelings 'n oorwinning vir die regering was en dat die ANC na die gesprekstafel gedwing is.

"Maar die teenoorgestelde is eintlik waar. Sedert die ANC se stigting was ons verbind tot onderhandelings wat jare lank deur die regering geweier is. Dit is die kombinasie van ons interne en eksterne strategieë wat die regering laat ingee het. Dis ons oorwinning - en die leiers moet dit meer duidelik aan die kongres en die land uitspel."

Hy glo ook dat die leiers al die oorwinnings die laaste jaar duidelik moet uitspel - die afskaf van veiligheidswetgewing, die vrylating van gevangenes en die begin van die terugkeer van uitgewekenes. Dit het byvoorbeeld nie in Zimbabwe gebeur nie.

Khumalo sê die kongres moet nou vorentoe kyk en die hele sanksiebeleid hersien omdat dit deur "gebeure agtergelaat is".

Hy noem twee ander belangrike sake voor die kongres:

- Die toekoms van die ANC se alliansie met Cosatu en die SAKP moet hersien word. Dit was 'n revolusionêre alliansie, en die faktore wat dit geskep het, het verdwyn. Khumalo vra: vir wie byvoorbeeld gaan Cosatu en die SAKP sê hulle moet stem in 'n toekomstige verkiesing?
- Die tyd het aangebreek dat die leierskap sterk en duidelik standpunt moet inneem. Die kongres moet die verkose leierskap 'n volle mandaat gee "om aan die voorpunt te lei. Veral moet dit wegdoen met die kultuur wat in die UDF ontwikkel het waar leiers geen besluite kon neem indien hulle nie die lede op grassroots-vlak geraadpleeg het nie."

VWB

## 'Gewone ANC-lede is pragmaties'

Sipho Shezi, lektor in die departement van Politieke Studies aan die Universiteit van Natal, meen ná gesprekke met gewone ANC-lede in verskillende streke dat 'n hoë mate van pragmatisme in die organisasie na vore kom. **HENNIE SERFONTEIN** doen verslag

"DIE mees bemoedigende aspek van die ANC Nasionale Kongres volgende week is die merkwaardig hoë vlak van pragmatisme, realisme en konsensus wat die laaste paar dae onder gewone grassroots lede na vore gekom het."

Dit is die waarneming van Sipho Shezi, lektor in die Departement van Politieke Studies aan die Universiteit van Natal in Pietermaritzburg.

Hy sê dit sal in die verkiesing vir die Nasionale Uitvoerende Komitee (NEC) en ook in die besluite oor beleid en strategie weerspieël word.

Shezi het met dosyne lede in verskillende streke gepraat en was "diep beïndruk deur die ope, volwasse debat, sowel oor die verkiesings as oor ander kontensieuse sake".

Hy sê dit lyk of baie van die spanninge in die verlede tussen die leierskap en die interne leiers weens die persepsie dat die laasgenoemde die proses uitgesluit was, nou uit die weg geruim word.

Shezi meen die proses van pragmatisme, realisme en konsensus sal die ANC in staat stel om weer sy plek in die hoofstroom van die nasionale politiek in te neem.

Hy sê die kongres sal aan vyf belangrike sake aandag gee:

- Die hele kwessie van onderhandelinge sal onder die vergrootglas kom, maar die leierskap sal 'n volle mandaat ontvang om daarmee voort te gaan.
- Riglyne oor belangrike beleidsake soos die ekonomie, grond en onderwys moet neergelê word.
- Die kwessie van geweld en hoe die organisasie dit moet hanteer, is van besondere belang.
- Strategie en taktiek moet bepaal word vanweë die staking van die gewapende stryd, en die feit dat daar nou 'n "kwasi-oorgangsfase" is. Daarom glo Shezi dat die kongres die strategie oor massa-optrede te voorskyn moet bring. Dié optrede is nodig om in die oorgangsfase druk op die regering te plaas. Maar dit moet ook al hoe meer toegepas word ten opsigte van plaaslike probleme en brood en botter-sake toegepas word.
- Die probleme hoe om van bevrydingsbeweging tot nasionale politieke party te verander, moet aangespreek word. Hy meen dat die kongres vanweë die besondere situasie rondom geweld sal moet besluit om in bepaalde omstandighede as 'n bevrydingsbeweging te bly optree.

Kehla Shubane, navorser by die sentrum vir beleidstudies aan die Universiteit van die Witwatersrand stippel op sy beurt die prioriteite voor die kongres só uit:

Die hele onderhandelingsproses moet behoorlik bespreek en krities ontleed word. Daar is 'n persepsie dat die ANC aan die kortste end trek en nie deur die regering ernstig opgeneem word nie.

- Die hele sanksie-kwessie moet grondig hersien word, in die lig van besluite deur die EG, Amerika, Israel, Japan en Afrikalande om dit te verslap.

Die ANC moet die verskillende groepe in 'n hegte eenheid saamsnoer.

VWB

# 'n Bok is nie maar net 'n bok nie

**ANDRÉ ZAAIMAN**, gewese streekdirekteur van Idasa in Pretoria, woon nou op die eiland Goree digby Dakar in Senegal waar hy besig is om 'n nuwe Instituut vir Demokrasie in Afrika tot stand te bring. Hier is sy indrukke van die lewe in dié Wes-Afrikaanse staat.



Dis maar 'n klein eilandjie, maar dit maak die gemeenskap op Goree des te intiemer.

DIT is 'n warm, tropiese laatmiddag in Dakar. Die chaloupe druk sy neus verby die punt van Goree se klein hawetjie en vaar stadig die hawe binne. Die kaai is gepak met 'n groot groep kinders wat stip na die agterste deel van die veerboot staar. Dan begin 'n onderlinge gebrom wat skielik uitbars in 'n ritmiese dreunsang in Wolof: "Kill him, kill him, kill him dead" Ek kyk half onrustig om my rond. Die singery van die kant af bereik 'n noot van histerie soos die boot nader skuifel. Met die eerste stamp teen die hawemuur bars die seuns oor die reling en storm na die boot se agterspunt. 'n Lang man, geklee in 'n helderblou boubou, staan bedaard op en wikkel 'n leerriem stewig in sy hand vas. Hy kyk half uitdagend oor ons heen. Agter aan die riem is 'n boerbok wat rem en stamp, en die boot met sy benoudheid bevuil. Die kinders neem die riem uit die man se hand en al singende word die bok weg van die boot af begelei.

Dit is Tabaski in Senegal: 'n tradisionele Moslem-fees wat sowat twee maande ná Ramadaan plaasvind. En elke hoof van 'n huis koop dan die grootste en duurste bok wat op dié feesdag geslag en gebraai word. Hoe groter jou bok, hoe groter jou aansien en status in die gemeenskap. En op Goree word nie net die aankoms van elke bok en eienaar uitgebasuin nie. Daar vind ook 'n impromptu evaluasie plaas of die bok se grootte by die eienaar se status pas.

Ek lag lekker terwyl die Senegalese skilder Souleymane Keita, wat ook my buurman is, die belangrikheid van die seremonie verduidelik. Ons stap rustig af huis toe. Die son begin sak en die geboue op die eiland neem allerhande pastelkleure aan. Dit is doodstil, selfs die groot blare van die palms hang leweloos in die lug. In die restaurante voor die strandjie begin mense bymekaarkom om te eet en te gesels; albei belangrike seremonies in 'n mens se daaglikse bestaan.

Ons stappery huis toe word kortkort onderbreek deur die rituele groetery van bekendes, minder bekendes en onbekendes.

Nangadef! Mangi ferek! Ghit nja la ghies! Wao! Ana wa kir gir? Bach na! Na ka li gaibie? Mungi doch! Jamangam...Jama rek! (rofweg uit Wolof vertaal: Hoe gaan dit! Dit gaan goed! Lanklaas gesien! Ja! Hoe lyk dinge by die huis? Bakgat! Hoe loop jou werk? Dit loop! Ek gaan in vrede... Net in vrede!)

By die huis, skop ons ons marakeeshis uit by die deur en loop kaalvoet die huis binne: 'n Senegalese gewoonte. Khadi, Souley se vrou en Raki, sy dogtertjie kom groet vriendelik, terwyl ons regskuif op die enkelhoogte stoele. Ons drink bojie, 'n vrugtesap gemaak van die sap van die kremetartboom, terwyl Khadi die tafeldoek op die grasmat op die vloer uitsprei. Die huis is koel en het 'n stemming van rustigheid, kalmte en elegante eenvoud. Later word 'n groot bak Yassa in die middel gesit, en ons begin in alle erns eet.

Khadi is die sentrale figuur tydens die maaltyd: omdat die kos in 'n kommunale bak voorgesit en geëet word, verdeel sy deurlopend die kos eweredig soos ons gretige hande die argitektuur van die bak verander. Sy haal gereeld stukke vleis uit die middel en breek dit in kleiner stukkies wat sy met 'n vloeiende gebaar voor ons neersit: kuns en 'n alledaagse roetine volledig geïntegreer.

Ons gesels land en sand oor alles en nog wat: Afrika-kuns, skilderwerk, die gebeure in die wêreld, en onvermydelik, ook oor Suid-Afrika. En ons liefde vir die kontinent. Ná ete kook sy kinkelebah tee; dit is 'n Moslem-land.

Net voor ek loop, trek Souley my eenkant toe. In sy hand hou hy 'n klein gri-gri. Hulle is bekommerd omdat ek môre vir twee weke teruggaan Suid-Afrika toe; en dinge lyk soms so woes daar. Hy druk dit vinnig in my hand en verduidelik dat dit sy persoonlike een is; al twee en twintig jaar lank. Dit sal my beskerm. En my veilig terugbring. Huis toe. Goree toe.

# 'n Disko in Dakar

DIT is negeuur Saterdagaand en ek maak my reg vir Dakar. By die Dakar-hawe hoor ek op 'n afstand hoe die speakers van Cheikh Wane se kar die nuutste Youssou N'Dour uitbasuin. Terwyl ons groet, hou Moustapha, Hamidou en 'n klomp ander stil. Almal is smaakvol geklee in die nuutste en die beste leisureware uit Parys en New York se modewinkels: die resultaat van vyf of ses jaar se studie in Europa of Amerika.


Ons sit in 'n konvooi af na Medina, die werkerklas-shantydown digby Dakar wat 'n mens amper aan Sophiatown laat dink. Ons hou stil voor 'n klein blou gebou. Dit is donker en die straat is rumoerig met die ongeduldige verkeer wat met flou, geel koplampe teen ons verbyskuur. Die straat is vuil en ruik na pis. Orals is daar soortgelyke klein geboutjies sigbaar, almal dofweg verlig. Binne is 'n groot vuurherd waar vier mans staan en stukke vleis oor die kole braai.


Ná 'n hartlike gegroetery stap ons 'n tweede, kleiner vertrek binne. Daar is sewe houtbankies wat rondom 'n aantal vierkantige tafeltjies gerangskik is. Minute later daag die eienaar van die dibiterie op en plaas 'n oopgeskeurde bruin kardoes voor ons neer. Bo-op lê 'n bondel braaivleis, met warm mosterd aan die kante.

Terwyl ons lag, spot en gesels en eet, skuif ons buurman nader. Hy het uit ons praat afgelei dat ek 'n Suid-Afrikaner is, en wil weet hoe dinge daar lyk. Ek verduidelik kortweg, en probeer om sy skerpsinninge vrae te beantwoord. Apartheid en Suid-Afrika is groot kwessies in Senegal en mense volg die gebeure ten nouste. Die plek voor die Parlementsgebou heet "Place de Soweto".

Die dibiterie raak voller en die stemming joviaal. 'n Ander man skuif nader en verduidelik hoekom Afrikaners Afrikane is. 'n Derde verduidelik dat die kontinent nou gatvol is vir korrupte leiers en die flambojansie van die elite. Ek druk my duur nuwe skoene dieper onder die tafel in. Hy sê hy dink De Klerk is 'n goeie leier. Ek sê ons is ook gatvol vir korrupsie en totalitêre regimes; dit is hoekom De Klerk moet waai. Ons almal stem saam dat ons kontinent in 'n gemors is en dat ons iets daaraan moet doen.

Ná middernag dans ons in een van Dakar se hipermoderne





Die Slawehuis op die eiland Goree was 'n poort na die hel vir derduisende mans, vroue en kinders van Afrika.



'n Groepie mense ontspan op 'n strandjie op Goree.

Die foto's van die Slawehuis en die strand kom uit die foto-essay **Goree** deur **Michel Renaudeau, Richer-Hoa-Qui, Parys.**

diskoteke, Club Galaxy. Die musiek is Amerikaans, met mbalax tussen-in en so hier en daar 'n spoegsel Latyns-Amerikaanse danse. Ons dans ons warm op die "chembe", 'n soort heupskuur-dans op Kubaanse ritmes. Die Senegalese vroue is betowerend. Nog later speel Yousou N'Dour in die Kili: 'n nagklub waar hy sy naam gemaak het en nog gereeld lewende vertonings gee. Die musiek is net mbalax; tradisioneel Senegalees met meer ingewikkelde ritmes en die sabar-drom wat huil en praat op die agtergrond.

Ons maak 'n groot sirkel en daag mekaar uit tot 'n rituele dans. Buite dreun die branders teen die rotse en 'n koel briesie waai deur die vertrek. Die ritmes, klanke en geure van Afrika neem oor en dit is eers teen sesuur dat ons by die tanganang uitkom. In dié tee-restaurant sluk ons vinnig aan ons kinkelebah en eet varsgebakte croissants met sjokolade-vulsels. Buite by die deur vra vier bedelaars beleef om 'n broodnodige bydrae.

Ons gee mildelik en jaag met dreunende musiek weg; jong Afrikane in Afrika! VW

# 'Onthou die eerste reël!'

In Senegal geniet die mense stoei om dieselfde rede as in Suid-Afrika: dis teater soos min. En die skare is deel van die opvoering

MOUSTAPHA gryp my arm stewig vas. Hy is 'n lank en groot Senegalees. Oor die ses voet. Sy vrou is ons sekretaresse. Die eerste reël, basuin hy dit uit, is dit: beware of the pickpockets! En dit is al reël, laat weet hy op 'n meer besadigde trant. As hy vinnig praat hakkel hy. Dit is Sondagmiddag in Dakar. Ek woel my uit sy greep los en ons loop haastig deur die skare mense na die ingang van die stadion. Die swart mark doen stewige besigheid en ons koop twee kaartjies.

Die pawiljoen is al tot barstens toe vol en ons skuif tussen die mense deur totdat ons lekker gemaklik sit. 'n Vrou skuur teen ons verby. Sy verkoop nartjies, lemoene en Kool-Aid in klein, driehoekvormige plastieksakkies. Ons koop elkeen vier en suig lustig daaraan. Voor op die veld speel 'n groep tromslaners en slaan hul sabars dat dit gons.

Skielik spring almal op en kyk opgewonde na die linkerkant van die veld voor ons. 'n Groep mense kom met 'n hewige spoed om die hoek gehardloop. Hulle sing 'n soort oorlogslied. 'n Groot aantal soldate is ook aanwesig en hou die groepie geamuseerd dop. Hulle is swaar bewapen met knuppels en sommige het masjiengewere. Hulle vorm 'n laer om n groot vierkantige arena in die middel van die veld.

Eensklaps gil 'n vrou hier langs my. Die tromslaners slaan ritmies. 'n Reusagtige man verskyn om die hoek. Hy het 'n geel toga aan en en hardloop tot op die atletiekbaan voor die veld. Hier stel hy en die groepie 'n formasie op en begin 'n ritmiese, rituele oorlogsdans uitvoer op maat van die sabars. In absoluut gelyke pas spring hulle van die een been na die ander terwyl hulle stadig voor ons verbyloop. Die skare is rasend. Skielik verander hulle spoed en beweeg vinnig na die tromslaners toe. Hier vorm hulle 'n klein sirkeltjie om die man in die toga, terwyl hy een van die sabars genadeloos slaan. Meteens breek hulle weg en hardloop teen volspoed om die veld, en kom tot rus aan die linkerkant van die veld. Hier gooi iemand 'n beker melk oor die man in die toga se kop uit. Melk is hier 'n teken van krag en geluk. 'n Ander bring 'n klein stofie nader en kook allerhande goed daarop. Ek suig my Kool-Aid sakkie dat hy induik.

Die volgende oomblik hardloop ses mans van regs af teenaan ons verby. Hulle word gevolg deur 'n ewe groot man in 'n blou toga. Hulle neem ook stelling in voor op die atletiekbaan en begin 'n ander tipe dans. Die skare is histeries en Moustapha sluk stukke nartjie heel in. Terwyl hulle rondom die sabars groepeer, spring 'n man van die stadion af en hardloop na die tromslaners. Hy gryp een van die tromme en hardloop 'n paar treë weg daarmee. 'n Helse geveg breek uit en die weermag probeer die skare in hou. Dit is ongelooflik! Ons is almal op ons voete. Uiteindelik word die kalmte herstel. Moustapha verduidelik die reëls van tradisionele Senegalese stoei. Die man op die pawiljoen het die blouspan uitgedaag deur hulle trom te steel. Dit alles dra by tot die spanning voor die geveg en dit bevorder die deelname van die skare aan die bakleiery.

Intussen hardloop die wagte van die man in die geel toga heen en weer tussen die middel van die kryt en die plek waar hulle kamp opgeslaan het; links op die veld. Hulle laat val gri-gri's sover as wat hulle hardloop. Dit lyk soos n klomp miere. Die spanning laai op, en een van die wagte van die blouspan breek skielik weg en hardloop reg op die geelspan af in die middel van die kryt. Hy ruk 'n eier uit sy sak en gooi dit hard in hulle rigting. 'n Stilte breek los oor die skare. Die eier rol en rol tot aan die einde van die kryt waar dit roerloos bly lê. Ons kyk met ongeloof daarna. Dit het nie gebreek nie!


Uiteindelik roep die skeidsregter die twee stoeiers tot in die middel van die graskryt. Die mans dra net klein, leeragtige swembroeke. Hulle is geweldig groot en hulle spiere bult in die skemer wat vinnig nader kruip. Die skeidsregter verduidelik die reëls en gee die teken. Die skare is doodstil. Die stoeiers vat-vat aan mekaar, hulle rol hulle hande voor hulle koppe rond. Skielik haak die een af en probeer die ander oplig, maar hy wikkel hom vinnig uit die greep. Die skare murmur.

Dan slaan die een die ander met 'n ongelooflike kaalvuis teen die kant van die kop. Die man waggel en hy word met 'n vinnige opvolg katswink geslaan. Die skare ontplof en bestorm die veld. Dit is 'n absolute chaos en die hele pawiljoen is in minute voor op die grasperk waar die wenner skouerhoog van die veld gedra word. Die soldate probeer die skare beheer - maar vergeefs. Dit juig en gons en raas. Dit is eers twintig minute later dat ons dit buite toe waag.

Moustapha gryp my arm vas. Onthou die eerste reël, sê hy terwyl ons vinnig deur die skare na die kar toe beweeg. VW

# Die protesterende priester

**Aartsbiskop Trevor Huddleston**, ou strydros teen apartheid, sê dié euwel is nog lank nie dood nie. Maar hy meen die Anti-Apartheidsorganisasie, waarvan hy die president is, moet nou sy naam verander. **INA VAN DER LINDE** *het met hom gesels.*



Aartsbiskop Trevor Huddleston. Kyk op bl 21 hoe het hy in die jare vyftig in Sophiatown gelyk. (Foto: Rodger Bosch).

DIE "turbulente priester" is terug - maar anders as Samuel Beckett, het aartsbiskop Trevor Huddleston lank genoeg bly leef om as held vereer te word in 'n land waar hy steeds as 'n "ongewenste immigrant" gebrandmerk staan.

Die ou man van 78, net so maer en regop as in die vele dae toe hy nog tromp-op met HF Verwoerd gebots het oor die Wet op Swart Onderwys, het Sondag versigtig uit die vliegtuig op Jan Smuts geklim en sy ou kamerade uit die jare voor die verbod op die ANC tegemoet gestap.

Daar was iets ontroerends aan die manier waarop die bejaarde Oliver Tambo, kierie in die hand, oor die vloer van die lughawe aangeskuifel kom om Huddleston vir die eerste keer ná 35 jaar weer op Suid-Afrikaanse grond te omhels. Huddleston en Tambo se pad gaan ver terug. Van die dae toe die Britse priester superintendent was van die St Peter's School, waar Tambo onderwyser in wiskunde en wetenskap was. "Ons is nou albei oud, daar is min verskil of ons staan en of ons sit," was sy eerste woorde aan sy ou vriend.

Daarna het ook Nelson Mandela, Alfred Nzo en Walter Sisulu aan die beurt gekom, almal mense uit sy dae as hoofpriester van die monnikke-orde van die Gemeenskap van die Opstanding (Community of the Resurrection) van die Anglikaanse Kerk in Sophiatown en Orlando in die jare 1943 tot 1956.

Sophiatown ... waar die eerste gedwonge verskuiwings van mense uit 'n gemengde woongebied plaasgevind het ná die Wet op Groepsgebiede aanvaar is. Die gebied staan vandag bekend as Triomf - 'n naam wat oud-Sophiatowners steeds met bitterheid vervul.

Huddleston se verlede is nou verweef met die vroeë struggledae van die ANC. In foto's van dié dae is Huddleston dikwels saam op 'n verhoog, in 'n protesoptog, in 'n sopkombuis, as deel van 'n afvaardiging. Ook op 'n foto van die historiese ANC-kongres in 1955 in Kliptown, toe die Freedom Charter aanvaar is.

Woensdagaand kry ek dit reg om 'n kort onderhoud met die legende in sy hotelkamer in die Carlton Hotel in Johannesburg te voer. Vroeër die oggend het hy reeds by herhaling gesê dat apartheid nog nie dood is nie, dat sanksies nog nie opgehef moet word nie en dat die tyd vir feesviering eers sal aanbreek as 'n regering wat demokraties deur al die mense van die land verkies is, in beheer is.

Die doel van die onderhoud is om meer te wete te kom oor die man agter die omstrede priester wat sy geboorteland (Brittanje) op 30 jaar verlaat het om in 'n vreemde land in 'n arm woongebied te kom werk, uiteindelik gedwing is om die land te verlaat - en nou terugkeer vir 'n besoek.

Die gryskop met die ligte blos op sy wange en 'n vel wat die laaste dekade min Afrika-son gesien het, gee 'n vriendelike handdruk en gaan sit, lang maer hande oor die bors gevou, agter 'n tafel. Dik ooglede oor sy blou oë wys duidelik 'n groot vermoeienis ná 'n lang dag van besoeke aan Kliptown: gesprekke en nog gesprekke en elkeen vra sy pond vleis.

Die gesprek vlot moeilik. Nie dat hy nie vrygewig is met antwoorde nie, maar eerder dat hy te vrygewig is. Dis soos om 'n gesprek met 'n bandopname te voer, 'n man wat deur die jare heen sy storie soveel keer vertel en weer vertel het dat hy dit sonder enige emosionele betrokkenheid opsê. En sonder om die feit in ag te neem dat sy gehoor in die land bly en die geskiedenis van apartheid net so goed soos hy ken.

Hy is op 15 Junie 1913 in Bedford, Engeland, gebore. 'n Hoër-middelklas gesin met 'n pa in 'n goeie posisie in die vloot. Hy was in 'n private skool, het daarna aan Oxford sy BA-graad verwerf, waarna hy hom by die Community of the Resurrection aangesluit het. In 1941 het hy die monnikke-orde se eed van armoede, gehoorsaamheid en kuisheid afgelê. In 1943 is hy na Suid-Afrika gestuur as hoofpriester van die orde in Sophiatown en Orlando, en in 1949 is hy aangestel as provinsiaal van die orde, en stigter en later superintendent van die St Peter's School in Sophiatown.

Van die leerlinge was Desmond Tutu, die joernalis Arthur Maimane, wyle Stan Motjuwadi van die tydskrif Drum, en bekende musici soos Hugh Masekela en Jonas Gwangwa.

Op my vraag oor sy politieke bewuswording antwoord hy só: "Toe die oorlog in 1945 eindig, het soldate na die land terugkeer met die groot verwagting dat daar 'n verandering sou wees - siende dat hulle teen die rassistiese regime, teen Nazisme, geveg het.

"Hulle wou nie 'n oorlogsgedenkteken hê nie, maar 'n lewende gedenkteken in die vorm van hospitale, behuising en so meer. Die gekleurdes wou só 'n gedenkteken oprig - hospitale om siektes onder die bevolking uit te wis.

"En mense soos Malan en Verwoerd, wat geïnterneer is, het die oorlog verloor - die oorlog wat hulle ondersteun het. Maar onthou, die Afrikaners was vroeër onderdruk en wou aan bewind kom en net daarna het sake 'n verkeerde wending geneem.

"Ek het in Sophiatown gewoon, en ek kon sien dat apartheid die mense na wie ek moes omsien, vernietig het. Ek het ure lank met mense gestry oor die paswette wat ingestel is en totaal onregverdig was - en daarna het ek gou begin politiseer."

Huddleston vertel dat Soweto in 1946 uit 'n groot slum-gebied bestaan het, en skryf dit toe aan apartheid. "Apartheid was die enigste oorsaak van die armoede. Die groot arbeidsmag wat werkers vir Suid-Afrika geproduseer het, is rondgestoot en elke fundamentele mensereg ontsê. Hulle kon nêrens heengaan sonder 'n pas in die hand nie."

Daardie jaar het hy met die hulp van gemeentelede begin met 'n voedingskema, die African Children's Feeding Scheme. Groot sukses is daarmee behaal.

Hy het die al hoe meer onderdrukkende apartheidsmaatreëls aan sy lyf gevoel. "Ek was hier toe elke enkele belangrike apartheidswet aangeneem is en ek dink die ergste van almal was die Wet op Bantoe Onderwys. En ek het aan protesoptogte teen hulle almal deelgeneem."

Dit het Huddleston daartoe gedryf om sy volle steun aan die ANC te gee en hy doen dit steeds. Hy beanwoord nie 'n vraag oor die lastigheid wat die enge politieke band tussen kerkmanne en die ANC skep nie. Blykbaar besef hy ook nie dat sy optrede by die Nasionale Konferensie van die SARK, terwyl die hoofdoel van sy kuier is om die ANC se kongres te open, groot verleentheid binne die konferensie geskep het nie. Veral by dié kerkmanne wat hard probeer wegkom van die beeld van die SARK as die "ANC in gebed".

Met groot omhaal vertel hy die geskiedenis van die laaste dekades toe swart politieke partye verbied is en die kerk die enigste plek was waar teen onreg gepraat kon word, die rol van die SARK, Cottesloe en Beyers Naudé.

Hy wys daarop dat die rede waarom hy Suid-Afrika moes verlaat nie was omdat die regering hom uitgesit het nie, maar omdat sy kerk hom teruggeroep het. Daarna het die regering geweier om hom weer toe te laat en is hy tot "ongewenste immigrant" verklaar. Dit was eers in later jare dat die SARK die saak van die onderdruktes begin opneem het.

Op my vraag oor die rol van die kerk, sê Huddleston: "In werklikheid het die onderhandelingsproses nog nie eens begin nie. Dit help nie almal sê ons moet verheug wees omdat die Bevolkingsregistrasiewet geskrap is nie, terwyl apartheid nog in elke opsig nog stewig ingegrawe is in die land en die swartmense nog nie stemreg het nie.

"De Klerk verkoop die gedagte dat apartheid beëindig is omdat sekere apartheidswette geskrap is en hy politieke partye ontban het, en hoewel ek erken dat De Klerk ongelooflike dinge laat gebeur, het onderhandelings oor 'n nuwe grondwet nog nie begin nie - en tot dan moet sanksies en ander maatreëls om druk uit te oefen steeds bly."

Ek kry nog 'n laaste vraag in oor wat van die Anti-Apartheidsorganisasie, waarvan hy president is, gaan word. "Ons sal die naam moet verander," sê hy. "Hoewel ons internasionaal geweldig baie steun het, kan ons nie steeds 'n veldtog voer vir die beëindiging van apartheidswette terwyl dit reeds geskrap is nie.

"Dit is ook deels omdat daar soveel verwarrende boodskappe oor apartheid uit Suid-Afrika kom. De Klerk sê apartheid is dood, maar ons sê dit is nog nie.

"Ek sal by hierdie land betrokke wees tot die dag dat ek doodgaan," is sy afskeidsgroet. Of dit vir die kerk en by name die SARK tot voordeel gaan strek, is 'n ander saak.

VW

# The magic of an irrepressible vision

'**Yvonne Bryceland** gives an incandescent performance. I think it is of Oscar-winning dimensions. She won an Olivier Award when she performed in the piece at the National Theatre [in London] a couple of years ago. Certainly for her it's the performance of her life. It's the role in which she has been most successful internationally and I think she knew she was putting down something pretty special,' says *Peter Goldsmid*, director of the film version of Athol Fugard's *The Road to Mecca*, which has it's world première at this year's Grahamstown Festival. **ANDREA VINASSA** spoke to the director about the filming of the play Time Magazine voted 'one of the ten best plays of the decade'


Peter Goldsmid and Athol Fugard on set

**HOW did you come to cast Kathy Bates? Was it a matter of intuition? Did you know she would win the Oscar?**

No, nothing like that. She was in *The Road to Mecca* because Athol Fugard wanted her to be in *The Road to Mecca*. The reason he wanted her was that she had already been in it in Washington and on Broadway and had been very successful in it. So he knew she was very good - and if you are making a movie of a play with a very short rehearsal period, to get a cast of main characters who already know the piece is enormously valuable. No matter who the South African actor or actress would be - because there were obviously a few feathers ruffled here about us not using a South African - there's no way that anyone could have got to that level of insight and understanding in the two and a half days of rehearsal that we had. In that sense, it made the project viable to shoot in five weeks, which is a very short time to shoot a full length feature film with such intensity of performances.

However, it wasn't just a question of Fugard - who was co-director, I'll come to that in a moment, but in short, he was there to safeguard the values of the play. He was very valuable, but he was not there to visualise the transformation of the play into film.

I was in Los Angeles writing a draft of the play, consulting with Fugard. When I finished the draft, we went through it together in San Diego where he was by coincidence for a performance of *My Children! My Africa!* I saw Kathy Bates in LA and I recognised her as the woman in who had played in *'Night Mother* on Broadway. I had seen it seven years earlier and was impressed by her performance. So I knew from direct experience that she was one of the top American actresses.

There was another point which Fugard made - because we wondered about her box-office appeal, her not being the conventional pretty actress - he said one of the elements of the play is that this is a woman who has been disappointed by love or betrayed. If we used a pretty young actress, he said, the sense of desperation would be much less. Such a woman could go out and get another man tomorrow, whereas a woman in her middle thirties who has staked all in a relationship and been bitterly disappointed is damaged in a far more serious way. It gives a dimension and depth to her suffering. Those were quite conclusive arguments.

Athol had said she had done marvellous things in Misery and then later he phoned excitedly from New York saying that the reviews had come out and that she was getting raves. But by then the decision had been made and of course, the fact that she didn't only win a nomination but the Oscar itself was a stroke of good luck, because it made the whole thing more commercially viable.

There are a couple of points which might be interesting specifically to your readers. Fugard has said that his loyalty is to people and not to institutions and just as he fought to get South African actress Yvonne Bryceland into America to perform the play over and above objections from Americans, he was determined that Kathy Bates should come to South Africa. He felt very strongly that the play itself is about artistic freedom - among many other things.

**Who objected?**

In the end the situation was resolved when it was explained, so it should not be seen as a heavy conflict. Quite understandably, not knowing the background I have just given you, it would be reasonable for South African actresses to say: hey, why are you getting a foreigner to play a South African in a uniquely South African movie? When you understand that Kathy Bates is a superb actress in her own right, that she knew the play very well and had done it successfully, and given our time frame could deliver the performance without having to work to discover the depth of the performance - all these were quite cogent reasons and these reasons were found acceptable.

**By whom?**

By Pawe [Performance Arts Workers Equity]. I wasn't involved, but negotiations were held and Pawe's initial objections were met. It is interesting that one of Pawe's officials is a man whom Athol had helped get into England for Sizwe Bansi is Dead. I think that Athol is totally consistent in his attachment to people.

**Was it difficult working with Fugard?**

I found it an absolute joy. I saw *Road to Mecca* six years ago and wanted to do it. We [Goldsmid, then a senior SABC drama director and SABC producer Roy Sargent] made approaches to Fugard, but he was not ready to release it. He felt it had too much theatrical life in it. He offered us *A Lesson from Aloes* instead.

I met him again and he was happy with that production [*Aloes*]. There was a basis of trust.

He did suggest that I write the script, retaining for himself some veto power. I found him extremely helpful and in no way attached egotistically to any parts of the play or to his own character's role. Marius, the dominee of the play, is not a totally unsympathetic character. In fact, he is the character Athol Fugard likes and identifies with, but if one had to cut the piece down, which was certainly necessary, a lot of it had to be this character. Elements in the relationship between Marius and Miss Helen, the romantic elements, emerge more strongly in the movie. Athol was quite literally a benign presence looking over my shoulder and for the most part he left the direction to me. Sometimes he would have suggestions which he would channel through me.

**Did Mecca become good film material?**

I thought it was good film material. When I saw the play it struck me that its language and its images of light and darkness, creativity and extinction: the Dark Ages, the Enlightenment, the darkness of prejudice, tunnel vision, all those things suggest darkness.

The Miss Helen Athol created is not a documentary portrait. That character is a visionary, but it is also about the artist's courage in creating in the face of a hostile community, which is something Athol has experience of. It's also about the importance of love, friendship and trust.

As Yvonne Bryceland plays her she is at once child and good witch, courageous rebel and frightened old lady.

It's filmed by one of South Africa's best cameramen, André Pienaar, currently making a name for himself in commercials in Canada. Its values are filmic, the way it's lit, the way the camera moves. For example, we never used a zoom lens which is a staple of a lot of TV work.

I wouldn't pretend for a moment that it's an action film. It's a dialogue driven film. As Tom Stoppard said of his recent film version of *Rosencrantz and Guildenstern*, he rejects the Hitchcockian notion that movies *have* to be totally transparent through action. I'd like to say this: I don't think it is an esoteric art film. I think the language is the language of articulate people, but it is not terribly heightened or poetic or stagey. I think it is honest and direct. We can all relate to issues like trust and intolerance. In a subtle way it is very relevant to the times in which we live.

It is a challenging and moving film, and I hope that it will find an audience, a significant audience, here and overseas.

**South African films like A World Apart, A Dry White Season and Cry Freedom have been criticised for portraying the country from a white point of view. Will the same fate befall Mecca?**

Issues of trust, loyalty, friendship, courage in the face of an intolerant majority, are issues which are very directly related to black people as well. Rightly or wrongly, there is a perception that there is intolerance and intimidation in the black community and it may be political, but the analogy with an artist who suffers intolerance is not an impossible one to make. I don't think Road to Mecca is political in an overt way, but then, often overtly political works are often bad works.

I think there have to be values that transcend points of view which are purely political or ideological. I really think this is Fugard's greatest work. I don't think it is an overtly "white" piece, and I, in any case, reject those values, although I am obviously a middle-class, liberal-minded, English-speaking South African and must operate from that point of view. I think people have more in common than is acknowledged.

**Does Koos Malgas feature in the film?**

Yes, he does. There were two men who helped her, but Koos Malgas was the main one. He has returned to New Bethesda and he has been employed by the Friends of the Owl House to restore the sculptures. One of the extra scenes I wrote was a scene with Koos helping her. The real Helen was very much the conceptualiser of the work and he executed the conceptions.

**Was the relationship between Helen and Koos one of master to servant?**

What was unique about the relationship is that a coloured sheep-shearer with an artistic sensibility he didn't know about and a white woman with an artistic vision she was physically handicapped in realising should come together and between them produce this extraordinary, visionary camel-yard of statues, is one of the nicest and most satisfyingly South African elements in the story. But that's the history, not the play or the film.


**Were you able to shoot in the house in New Bethesda?**

We did and we didn't. The house is a museum and it's small. You can't really film in that space. The objects are too delicate. We couldn't take the chance, but we filmed some scenes in the kitchen of the actual house which provides the link between the interior of the house and the camel-yard. We filmed other scenes in a studio which recreated and imaginatively extended some of the rooms. The house we recreated is somewhat more lovely than Miss Helen's house.

**Was Miss Helen a good artist?**

The question of whether the real Miss Helen or even Athol Fugard's Miss Helen is a "good" artist is far less important than the fact that she is an artist. The play is about artistic freedom, not about the freedom to be artistically good.

The mysterious, magical aspect is that a woman, at a time of despair and desolation, should find a unique personal vision and be compelled to express it even at the cost of alienating her friends and the community, is an extraordinary phenomenon. That happened in real life - and it inspired Fugard.




Wayne Barker se reaksie op die Pierneef-tentoonstelling in die 1820-Setlaars-monument in Grahamstad.

# Is Pierneef 'n verleentheid?

Dat 'n tentoonstelling van *Pierneef* se skilderye vanjaar 'n hoofattraksie op die Grahamstadse kunstefees is, krap 'n hele paar mense om. Sy werke is geskep as politieke wapen in die Afrikaner se stryd om oorheersing, sê die kunstenaar **Wayne Barker** (wie se 'nagebootsde' Pierneef-skets verlede jaar deur die feeskomitee afgekeur is). **ANDREA VINASSA** *bekyk die kwessie*

WAYNE BARKER het niks teen banke of Boere nie, maar dit pla hom dat 32 "Pierneef-meesterwerke" - soos die fees se persmededeling dit stel - by die Grahamstad-fees ten toon gestel word. Sulke tentoonstellings sit die legende van Pierneef as "Boer", "kulturele held" en "Suid-Afrika se beste landskapkunstenaar" voort sonder om die mites te bevraagteken, sê Barker.

Dié enfant terrible van die Johannesburgse kunswêreld is al die laaste vier jaar behep met Jacob Hendrik Pierneef, wie se hoekige landskappe die meeste wit Suid-Afrikaners se kulturele opvoeding deurdrenk.

Barker se beginpunt is dikwels 'n Pierneef-skildery wat hy sommer self namaak - "It feels like you are climbing up your own arsehole" - en dan begin hy die werk stelselmatig afbreek. Verbruikersikonografie wat bepaald met die werkersklas verband hou, word op die oppervlak aangewend om sodoende die skilder se geïdealiseerde werklikheid teen te werk. Jasper Johns se pop-teiken, politoer-borsels, grawe, "kulturele wapens", en karsinogeniese handelsprodukte wat swartmense gebruik om hul vel ligter te maak druis almal in teen die "skoonheid" van Pierneef se geliefde land. Ironiese titels soos *Exploit Your Talents* en *A Spade is a Spade* is a Spade dui op Barker se kritiese afstand teenoor die kunstenaar wat beskou word as die oupa-grootjie van alle Suid-Afrikaanse kunstenaars.

Pierneef se landskappe lyk heel "onskuldig" - maar 'n landskap is nie bloot 'n landskap nie; kuns is nie bloot kuns nie. Sy werk is die volmaakte voorbeeld van die gebruik van kuns as politieke wapen en die sameswering van die kunstenaar met die politici ten einde 'n politieke doel te bereik. Dit was doeltreffend ook. Pierneef het sy rol as volkskunstenaar baie ernstig opgeneem: "Jy moet saam met jou mense op die wa ry," het hy gesê.

"Dit is interessant dat dit juis my sketse vir 'n Pierneef-skildery is wat verlede jaar deur die beoordelaars van die Standard Bank Tekenwedstryd afgekeur is," sê Barker oor sy eksperiment verlede jaar om die onpartydigheid van die beoordelaars te toets. Hy het sy Pierneef-skets voorgelê, maar hy het ook 'n koddige skildery gemaak en dit onder die skuilnaam Andrew Moletsi ingestuur. Die Moletsi-skildery is aanvaar en die Pierneef nie. Of dit nou bewys dat die beoordelaars doelbewus swart kunstenaars wou voortrek, is betwisbaar.

Dat die feesorganiseerders onbewus is van die implikasies van hul Pierneef-tentoonstelling is egter minder betwisbaar.

"Dit is heeltemal absurd dat die Pierneef-skilderye vanjaar een van die fees se hoof-tentoonstellings is. Pierneef is deur die voortplanters van Afrikaner Nasionalisme gemanipuleer." Hy was eintlik 'n popkunstenaar wat deur dié met 'n visie van 'n verenigde Afrikaner-volk gebruik is om Afrikaners as 'n groep ekonomies te bevorder, sê Barker. Dit is nie vreemd dat Transnet die tentoonstelling borg nie - Pierneef is in 1929 deur die SA Spoorweë opdrag gegee om 32 muurpanele vir die nuwe Johannesburgse stasie te ontwerp - maar dit is ietwat ironies dat dit tydens die Grahamstad-fees in die 1820-Setlaars-gedenkmuseum te sien is.

(Die Standard Bank en Pierneef kom in elk geval al 'n lang pad saam: in 1960 het hulle die kunstenaar as deel van 'n advertensie-veldtog gebruik.)

Die tentoonstelling verteenwoordig die toppunt van ongevoeligheid in 'n tyd waarin die grondkwessie nog ver van opgelos is. Pierneef se skilderye simboliseer die Afrikaner se hebsug wat grond betref. En die styl waarin hy geskilder het, verheerlik die mite van die Afrikaner as die Gekose Volk.

Catherine Farlam, 'n student in die kunsgeskiedenis aan die Universiteit van Kaapstad, meen die konstruksie van Pierneef as volkskunstenaar en kulturele held was deel van die omvattende strategie om ekonomiese onafhanklikheid en uiteindelike oorheersing vir die Afrikaner te wen.

In die begin van die twintigste eeu was daar nie juis 'n Afrikaanse volk om van te praat nie - danksy Britse heerskappy en die hewige klassestryd tussen ryk en arm "Afrikaners". Dit was dus nodig om die illusie van 'n verenigde volk te skep, sê die historikus Isobel Hofmeyr in *The Politics of Race, Class and Nationalism in Twentieth-Century SA.* Sy meen baie van die Afrikaner se populêre opgetekende geskiedenis - sy noem dit "the invention of Afrikaner Nationalism" - is eintlik fiktief.

Mettertyd, met die ontstaan van 'n alliansie van ekonomiese en ideologiese belange tussen boere, onderwysers en professionele mense wat Afrikaner-etniese projekte soos die Nasionale Party, die Universiteit van Stellenbosch en Nasionale Pers van stapel gestuur het, is die volk geskep. En dit was inderdaad in *Die Huisgenoot*, die kulturele mondstuk van die vroeë Afrikaner-nasionaliste, waarin Pierneef vanaf 1917 gemitologiseer is.

"Die uitbuiting van die grond en sy vorige bewoners, die swartmense, word [in Pierneef se skilderye] geregverdig as die preservering van die landskap," sê Hofmeyr. Oor die skildery *Majuba* sê sy: "Beneath Majuba hill nestles an organised farm - the farmhouse is in the typical clay building style designated as 'Afrikaans', while the huts of the farm labourers 'huddle together' towards the right.

"This depiction indicates a particular notion of possession which inscribes the landscape as the property of its occupiers by right. This land and by implication the values that it promotes are those of a (Dutch) peasant rural order, thereby superceding claims on the land by the British (whose domain is the economic centres of the cities) and of the black man. The farm is an image of simplicity, order and peace, recollected in a spirit of nostalgia. As such it is a still point between the wilderness of lawless nature (as inhabited by the blacks) and the wilderness of the new cities."


In kunskringe is Pierneef skynbaar onaantasbaar. Min mense trek die regmatigheid van Pierneef se beeld as die "doyen van Suid-Afrikaanse kunstenaars" in twyfel. Farlam sê ernstige, ondersoekende en analitiese stof oor die kunstenaar ontbreek en dat sy reputasie gegrond is op mites wat in die eerste dekade van die deur ideoloë gepropageer is. Volgens die joernalis JFW Grosskopf - hy was nie 'n kunskritikus nie - was Pierneef die vader van 'n "nasionale styl". Maar Farlam sê die styl is net so kunsmatig vervaardig soos die legende.

Akademiese instellings, museums en galerye het Pierneef die status van "simbool van Suid-Afrikaanse kuns" en "profeet" opgelê.

Hy kan seker as 'n profeet beskou word: sy werk was 'n visuele voorteken van Afrikaner-grondbesit en ekonomiese oorheersing.

Johannesburg journalist **TSHOKOLO wa MOLAKENG** expresses his anger over what he calls *'Inkatha-bashing'*

# Smoke the peace pipe with Inkatha



TSHOKOLO wa MOLAKENG
(Foto: Weekly Mail)

THE human bloodletting in Natal and on the Reef has, mercifully, abated. Yet for the combatants, their families and communities, the painful wounds are still festering. God knows, the massacres pained us. For yours truly there were many agonising periods.

What infuriated me was how Inkatha members were reviled and maligned for their part in the gruesome drama. "Bloodthirsty hordes of impis", Inkatha people were branded inter alia.

One cannot allow some of these nasty indictments to go unchallenged. The most voluble Inkatha-bashers were African National Congress members.

The ANC members are so humane that they are prepared to reconcile with Dirk Coetzee - the monster who orchestrated and masterminded the SAP's hit squads. These squads have coldbloodedly slain some pretty brilliant blacks; yet today Coetzee is worshipped and lionised by the ANC.

Yes, the ANC is admirably forgiving towards whites. The organisation is quite happy to engage in reconciliatory egg dances with whites. It has gone to ridiculous lengths to seek peace with the National Party, the very same people(?) who have visited untold horrors on their members.

Yet these ANC members have bickered when it was suggested they bury the panga with Inkatha members.

The hatred between blacks and whites has to be eliminated, one could argue. It is the ANC's business to negotiate with the Nats. The organisation could make a monkey of itself in the process. For the talks-about-talks blah-blah has, on the ANC's side, become a stupendous farce. But these blacks have displayed a sheepish fortitude because they believe that peace is attainable since human nature is pliant.

Strangely, this benevolent human creation seems for the ANC to be running in the National Party's collective blood. So during the peace-seeking shambles the rulers can murder blacks ad lib, but the ANC's breast continuously bursts with the eternal belief that whites will see the light someday.

You don't find a Job within the organisation when it comes to Inkatha, their own folks.

By the way, I hold no brief for the bloodchilling atrocities Inkatha has perpetrated in the country.

Yet there are simple and strong facts to consider.

Inkatha does not approximate the ghastly horrors whites have committed on us for ages. But the ANC tolerates, nay, crawls on its belly before whites - but hates Inkatha with implacable intensity.

Indeed, it has become fashionable for blacks to get livid with their own folks; to become the white man's sycophants. What a shame!

You are also at liberty to call Inkatha names. And these could be fundamental fallacies because the Natal Zulus I meet in Johannesburg - who could be Inkatha loyalists - are wonderful and loving people.

I also have one thing in common with Inkatha followers: We have been dehumanised and raped by the European settlers.

The Inkatha-bashers have purposefully ignored some vital truths, making Inkatha supporters barbarians, if you like.

Inkatha members are mostly Zulu. You don't mess around with Zulus. For Zulus are a noble people. Faithful to their tradition. Great singers and dancers. They have fought glorious battles and went to war with whites before any black tribe thought about it.

It has been argued that the recent rise of Zulu nationalism comes down to jockeying for political stakes. Yet when the hallowed ANC, the global blue-eyed boy, was crossing swords with every political outfit in the country, there was no power greed.

Since everybody claims that Inkatha is solely obsessed with ethnicity, it should be noted that a survey has revealed that pro-ANC Xhosas in a shack settlement on the East Rand felt that Zulus had no room in their organisation. They also booed Chris Hani when he outlined Zulus' pioneering contributions in the liberation struggle. These incidents drew scant attention. Had the boot been on the other foot, the hullabaloo would have been astounding.

Ethnicity has been a powerful, omnipresent force in eastern Europe, South Africa, the world over. It is a natural, ineluctable phenomenon. The Afrikaners exploited it in the 1940's when they built the apartheid juggernaut.

The Natal Zulus washed in a bloodbath for some years. Pro-Inkatha Zulus felt that pro-ANC Zulus were selling out their identity.

The story was different on the Reef. Over the years hostel-dwellers had been ostracised. The hostels, as author Mtutuzeli Matshoba observed, castrated the inmates. And nobody's heart went out to them.

Today there are belated and spurious calls to mow down the structures. Some Inkatha Zulus have vowed that, come that day, thousands would die. Zulus are now on their feet and unstoppable.

It had to happen; we let it happen. For years hostel-dwellers had been devastated... inside, helplessly. The Inkatha dwellers particularly, because Zulus are a dignified and royal people who hate to be humiliated. Their fury has been simmering. Some day it had to pour out.

With the Reef violence the buck stops with the whites who *built* the hostels - and nowhere else.

Inkatha is no enemy. We should take pains to smoke the proverbial peace pipe with them. We are all black, for Steve Bantu Biko's sake! VW

# New approach to monitoring violence

**DAWID VENTER**, convenor of a workshop on monitoring and researching political violence, outlines major decisions taken

A commitment to exchanges of information and a draft code for working relationships were two of the results of the first national workshop on the research and monitoring of "political" violence.

The two-day residential workshop - which included the SAP - was held recently in Pietermaritzburg under the auspices of the Centre for Intergroup Studies, Cape Town.

The 30 participating monitoring and research organisations made several decisions. These include the establishment of a national directory for exchanging information, of guidelines for dealing with the police, and co-operation in training community-based monitors.

A draft code of conduct with suggestions for interaction between monitoring and research groups was drawn up to be circulated for comment. One of the points emphasised is "that researchers and monitors have a deep social responsibility to work for the protection of human life".

Most groups said they experienced great difficulty in dealing with Inkatha, because of suspicions from within the organisation regarding their political affiliations. The Inkatha Institute was regarded as easier to approach.

Participant Seshi Chonco, of the Institute for Multi-Party Democracy, reflected a significant trend in the workshop when he warned against the polarising effect of often repeated statements which reinforce stereotyping.

The workshop demonstrated an awareness that the present situation requires new approaches. Black researchers gave examples of how verbal interviews can be used in township research - with reports being written up soon afterwards - instead of notebooks. The latter's appearance often signalled the exit of any useful information, they said.

Radley Keys from Peace in Natal - as well as Idasa (Natal)'s Unrest Monitoring Service - exemplified the trend to go beyond reactive monitoring. Keys emphasised the importance for proactive monitors to keep communication-channels with all parties "well-oiled" - even with those one disagrees with.

Pierre Cronjé, representing the newly-founded Albert Luthuli Foundation, strongly recommended the vertical linking of monitoring groupings with other development agencies in a given area. He felt that a major problem facing such groupings at present was their isolation.

The interaction between monitoring and research groupings and the communities within which they operate came into focus. Some questioned whether their work was contributing positively or negatively to the violence. Any engagement should be consistent and long-term, instead of causing confusion by moving in and out of communities, particpants agreed.

There was agreement that the final goal must be to empower communities to deal with their own needs. But John Aitchison - director of the Unrest Monitoring Project of the Centre for Adult Education, University of Natal - cautioned that this goal may be beyond the capacity of monitoring groups.

A major aim of the workshop had been to promote links between groupings perceived to be duplicating the antagonisms of different sides of the conflict in their relations with one other.

The absence of organisations such as the Human Sciences Research Council and the Institute of Race Relations - whom participants described as "key players" - therefore aroused strong feelings. The non-participation of the Inkatha Institute caused particular disappointment.

Yet the workshop "expressed a strong desire to improve working relationships with those organisations and institutes not present". VW

# Digter van die "bevryde Afrikaans"

Die digter **Patrick Petersen** is 'n predikant in die NG Sendingkerk. In 1985 het hy amandla ngawethu gepubliseer en in 1988 Advent. Hy speel deesdae ook as redakteur en uitgewer 'n belangrike rol in die opkoms van swart Afrikaanse poësie. **HEIN WILLEMSE** van die Departement van Afrikaans aan die Universiteit van Wes-Kaapland en redaksielid van dié departement se tydskrif vir die onderrig van Afrikaans, *Karring*, het met hom gesels

**Gee 'n bietjie agtergrond oor jou digwerk.**
As 'n student van die platteland was die biblioteek by die universiteit vir my 'n wonderlike ontdekking. Ek het geweldig begin lees. Hoewel ek as student my nooit by 'n literêre klub aangesluit het nie, was ek tog geprikkel om te skryf, in my admissie-jare. Maar ek koppel altyd my skryfwerk aan die geboorte van my dogter, Renate, in 1979. Dit was die eerste keer in 'n lang tyd dat ek alleen en eensaam was. Vir my is dit die begin van my werklike skryf. Sederdien het ek indringend poësie begin lees en digbundels van oraloor aangekoop.

**Wat van die politieke lading in jou werk? Is dit 'n natuurlike, organiese ding of het dit abrup plaasgevind?**
Ek koppel my gedigte regstreeks aan my studie as predikant in die Sendingkerk. Ek is geskool in die tradisie van die Swart- en Bevrydingsteologie, die gedagterigtings van James Cone, die swart teoloog.
Swartteologie het 'n verreikende invloed op my gehad. Dit het my mens laat voel in dié land. Black Consciousness het 'n politieke bewustheid gebring. Dit het my opgeskerp - ek kon nou my kop hoog hou in die gemeenskap. Jy weet, ons kom uit 'n gemeenskap waar kleur voorop staan: jy moet hare hê, jy moet complexion hê. Deur Black Consciousness het ek van 'n skaam mens - teruggetrokke oor hare en velkleur-eenvoudig 'n ander mens geword. Was dit nie vir Black Consciousness nie dan sou ek waarskynlik ook nie in die teologie opgegaan het nie. In 1974 tydens 'n konferensie oor Swartteologie het die Kerk radikaal verklaar dat mense die Bybel vanuit jou swart omgewing kon lees. Dit was 'n belangrike verskuiwing.
Hierdie gevoelens kon ek ook deurtrek na my gedigte. Ek kon my swartwees en die politiek prominent in my gedigte laat staan. Die politiek in my gedigte word dikwels gekritiseer. Die kritici sê die politieke laag word té uitgesê en dat mens nie die vaardigheid sou hê om dit verskuil te hou nie. Dit sou dan afbreuk doen aan die gedig. Maar dit was nodig: 'n helder, duideliker stem moes uitkom vir die mense wat luister. As jy skryf vir die akademie sou jy waarskynlik meer verskuil te werk gaan, maar ons het nie vir universiteite of skole geskryf nie. Ons het geskryf vir gewone mense - sodat mense hul lewens kon herwaardeer en kon veg teen alle strukture wat hulle tot onmens wil maak. Of ons geslaag het, dis vir andere om te besluit.

**Beleef jy dit nie as 'n botsing dat jy predikant is en dan die kruuste tale in jou gedigte gebruik nie?**
Mens sou die teologie as verhewe wetenskap kon beskou, maar dit beteken nog nie dat teologie aan die wêreld ontsnap nie. Teologie staan in hierdie wêreld. Ek het dit vir myself uitgemaak: mense moet nou nie heiliger as die teologie van die Woord wil wees nie. Die teologie van die Woord is nie in alle opsigte dit wat mense reken dit is nie. Die teologie bevry mense nie van hulle kwaadword nie. Kyk na die profete-geskrifte - hoe 'n profeet kwaad kan word en selfs kan vloek teen God.
Ek gebruik soms kru taal omdat ek nie die staatsbestel in die mooi taal van 'n liefdesgedig kan beskryf nie. Dit wat sedert '48 op ons afgestorm het, het ons samelewing bedonder.

**Hoe sal jy die digwerk van kontemporêre swart Afrikaanse digters tipeer?**
Ons het aangekom by die punt waar die swart stem gehoor word. Oor die laaste klompie jare het ons in Afrikaanse digwerk 'n ander stem gekry wat anders praat as die wit stem. Vorentoe sal daardie stem belangriker word. Hy sal langs ander bane praat, maar dis 'n stem wat nie geïgnoreer kan word nie.

**As uitgewer speel jy 'n belangrike rol in die hoorbaarheid van daardie stem. Watter soort werk gee julle uit?**
Ons het die laaste tyd hoofsaaklik digwerk uitgegee, om verstaanbare redes. Hoe moeilik die maak van 'n gedig ook al is, dit beslaan min ruimte, 'n mens kan dit in 'n korter tyd skryf as 'n stuk prosa. In die tye waarin ons geleef het - die moeilike tye - moes ons so skryf dat die gedig die volgende dag aan die massa voorgelees kon word.


**Dink jy dit is aan 't verander - weg van die efemere na digwerk wat kwalitatief meer bewus is?**
Dit gaan nie bloot om die kwalitatiewe - die mooie - digwerk nie. Ek sou nie mense wou aanspoor om maar net esteties bevredigend te skryf nie. Daar sal deurgaans die behoefte bly om bepaalde goeters aan te spreek. Neem die agtergeblewendheid van plaaswerkers. Rondom dié pastorie sien jy dit. Ek kyk elke dag daarin vas. Dit is die omstandighede wat my aanspreek.

**Behoort mens estetika en politieke betrokkenheid as wedersyds uitsluitende en afgeslote kategorieë te sien? Sou dit byvoorbeeld moontlik wees om 'n politieke gedig oor die plaaswerkers te skryf, maar ook 'n groter bewustheid van die aard van die woord te openbaar?**
In daardie sin is dit natuurlik moontlik. Maar ons het nog nie by 'n punt beland waar jy uitsluitend gemoeid kan wees met estetika nie. Daar is egter plek vir 'n groter bewustheid van die digter se vakgerigtheid.

**In die lig hiervan wat is die toekoms van Prog- of Domestica-uitgewers?**
Ons het Prog opgerig omdat ons swart Afrikaanse werk wou uitgee. Ons gaan voortaan dieselfde behoefte bevredig. Ook sou ons mense wil aanmoedig tot 'n nuwe wending in hul skryfwerk, 'n groter bewustheid van die krag en die vakmanskap van die woord wou sien. Ons het 'n toekoms en ons voel nie benoud nie. Solank ons mense Afrikaans praat, solank ons die sekerheid het dat Afrikaans gelees en ervaar word, sal ons dit uitgee. Ons wil ook uitbrei na ander meer prosa. Ons het nie groot strukture nie, maar ons verspreiding is goed. Die verspreiding deur die pos werk en ons sal op dié trant voortgaan.

**Sien jy skryf in Afrikaans as 'n strydpunt? Wat is die posisie van die swart Afrikaanse skrywer ten opsigte van die toekoms van Afrikaans?**
Vir my as skrywer is skryf in Afrikaans nie 'n strydpunt nie. Die senuweeagtigheid van witmense oor alle kateders heen - oor die toekoms van Afrikaans, noop dié soort vrae. Ek glo dat sou Afrikaans gelyk gestel word aan alle ander tale in die land, sal ons in die toekoms vryer wees.

**Is 'n etiket soos swart Afrikaanse skrywers geldig - gesien in die lig van die behoefte aan nie-rassigheid? Bots die twee begrippe?**
Ek dink nie ons het met botsende begrippe te doen nie. Swart Afrikaans sê vir ons waar ons gewees het, waarvandaan ons kom, wat ons roots is. Dit vertel van neerdrukkende omstandighede, opstande, polisiegeweld. Die mooi verklarings en voornemens van die televisie raak nie werklik die mense se situasie nie. Ons moet nie nou skuldgevoelens oor swart Afrikaans ontwikkel nie. Die term sal ons nog sommer vir 'n baie lang tyd moet gebruik. Daar is plek in die toekoms vir die begrip. Ons moet onthou dit is ook vanuit hierdie hoek dat Afrikaans bevry geraak en aanvaarbaar geword het. Ons kan nou Afrikaanssprekend wees sonder om skaam daaroor te wees. Swart Afrikaans is 'n stuk bevryde Afrikaans. En ons het 'n belangrike rol gespeel in daardie rigting. Daardeur is Afrikaans toeganklik gemaak ook vir ander mense.



Patrick Petersen (Foto: Karring)

**Bestaan die inherente gevaar nie dat die beklemtoning van swart Afrikaans 'n pad loop wat uitmond in pseudo-etnisiteit nie?**
Ons moenie vrese daaroor hê nie. As ons ons vere kwaliteitgewys gaan regskud, moet ons nie verval in daardie agterlikheid nie.

**Wat lê vir jou as digter voor?**
Ek sou graag 'n nuwe wending in my skryfwerk wou sien - op pad na 'n bewuste kwalitatiewe skryf. Daar is egter nog plek vir die dinge wat ek in die verlede geskryf het. Hier lê ook 'n klomp halwe sketse en prosastukke wat ek verder moet verwerk.

(Dié onderhoud het in die tweede uitgawe van Karring verskyn. Karring is beskikbaar by die Departement van Afrikaans, Privaatsak X17, Bellville 7535.)

# Die vreugde taan in Duitsland

Die hereniging van Duitsland 'n jaar gelede gaan die regering en die burgers baie meer kos as wat hulle eers gemeen het. Onder meer is vandeesweek onthul dat 'n enorme skuldlas van 300 miljard mark van die voormalige Oos-Duitsland geërf is. En dit moet einde aanstaande jaar betaal word. Intussen neem werkoosheid op groot skaal toe in die ooste van die land. **RICHARD INGHAM** van **AFP** *doen verslag*

BERLYN - Die Reise Welt reisagentskap en die kantoor van die Treuhandanstalt in Oos-Berlyn is bure aan 'n winderige plein en simbole van die vreugde en die vrese wat baie Oos-Duitsers die laaste jaar gevoel het.

By die plastiek-tafels in die Reise Welt sit werkverslaafde pensioenarisse en tieners deur reisbrosjures en blaai en droom oor hul eerste vakansie in 'n vreemde land.

"Hoe dink ek lyk Griekeland?" sê die agttienjarige Helga Westfall en draai 'n blonde krul om haar voorvinger: "Daar's wonderlike strande, lekker kos en 'n diep blou see."

En sy kan die Duitse mark bedank vir haar tien dae lange avontuur in 'n hotel in die son. Op 1 Julie verlede jaar, as 'n eerste stap na die hereniging van Duitsland, het dié magtige Westerse geldeenheid die sagte Ostmark van Oos-Duitsland uitgeskop. Onmiddellik is verbruikerstekorte beëindig en die deure van die verbruikersparadys oopgegooi vir reis, motors, video's en hi-fis.

Maar saam met dié plesier het die pyn en onsekerheid van markkragte gekom: die grootskaalse sluiting van fabrieke en plase, die lang toue werkloses en 'n skuldlas waarvan 'n bekommerde Duitsland probeer ontslae raak deur te toor met belastingverhogings en oorsese lenings.

In die bedompige gange van die Treuhand-agentskap - Bonn se belangrikste middel in die afbreek van die kommunisties-beplande Oosblok-ekonomie - het die burokratiese (klerklike) breine egter maar min tyd om aan sonnige strande te dink.

Soos die herdenking van ekonomiese en geldelike eenheid nader kom, is die Treuhand gereed om byna een en 'n half miljoen Oos-Duitsers werkloos te maak. Dié stap sal net die krisis vergroot in 'n gebied waar een uit drie werkers reeds nie 'n heeltydse werk het nie.

Om 'n donker prentjie nóg swarter te maak is dié week bekend gemaak dat die verenigde Duitsland verlede jaar meer as 300 miljard mark (167 miljard dollar) se skuld van Oos-Duitsland geërf het.

Die voorsitter van 'n parlementêre sub-komitee, Christian Neuling, wat dié onthulling gemaak het, het gesê: "Niemand het verlede jaar Oktober gedink die situasie is só verskriklik, só katastrofaal nie". Hoewel dit tussen tien en twintig jaar sal kos om die skuld af te betaal, moet die rekeninge reeds teen die einde van 1993 vereffen word. Lenings en geldelike beleid sal dus die belangrikste onderwerp van bespreking wees tydens die bestuursvergadering van die Bundesbank wat eersdaags plaasvind.

Om Oos-Duitsland weer op die been te bring, sou andersins ook geen maklike taak gewees het nie, maar die algemene opvatting was dat die gebied in groot mate deur Wes-Duitse ondersteuning gehelp kan word. Pleks daarvan het dit op kort termyn die ergste ekonomiese ineenstorting van enige voormalige kommunistiese staat in Oos-Europa ervaar.

Baie mense blameer die omvang van die krisis op kanselier Helmut Kohl se vrygewige voorwaardes vir geldelike eenheid in die tyd toe hy die uittog van Oos- na Wes-Duitsland wou stuit en Oos-Duitse stemme wou werf vir die eenheidsverkiesing in Desember.

Voorheen het een Duitse mark enigiets tussen 5 en 25 Ostmark in Westerse banke behaal. Maar met die geldelike eenheid is Oos-Duitsers hul land se amptelike wisselkoers van een Ostmark vir een mark betaal wat persoonlike spaargeld (beperk tot 2 000 mark per persoon), pensioene en lone betref. Bokant dié grens en wat maatskappy-skuld betref, het 'n wisselkoers van twee-vir-een gegeld.

Volgens 'n studie wat verlede maand deur die Universiteit van Kalifornië in Berkeley gepubliseer is, het dié geld-reëling Oos-Duitse sakke vol kontant geprop - wat 'n skerp styging in besteding tot gevolg gehad het en natuurlik die Wes-Duitse vervaardigers baie gelukkig gemaak het.

Maar dit het ook hoë lone én hoë skulde op baie Oos-Duitse maatskappye se skouers geplaas - wat hulle onmiddellik in bankrotskap gedompel het. Die verskeidenheid van hul produkte kon reeds nie meeding met Westerse en Japanse produkte wat gehalte betref nie en hul enigste hoop om 'n marksegment te vind - laer pryse weens laer lone - is uitgewis.

Dié studie sê slegs agt persent van Oos-Duitsland se werkmag is in diens van lewensvatbare ondernemings en voorspel: "Weens die afwesigheid van grootskaalse produktiwiteit-verbeteringe of noemenswaardige subsidiëring sal die meeste Oos-Duitse nywerhede moet toemaak."



Kanselier Helmut Kohl begin nou besef met watter nagmerrie hy in die herenigde Duitsland opgesaal is. (Foto: Michel Lipschitz, AP)

As die wisselkoers by die markwerklikhede gehou het, sê die navorsers, sou baie Oos-Duitse ondernemings aan die gang kon bly of minstens hul sluiting kon uitstel. Dit sou Kohl 'n lewensnoodsaaklike blaaskans gegee het.

Nou moet hy egter 'n tyd van ekonomiese verwaarlosing en die verslegting van sosiale spanning in Oos-Duitsland verduur voor die herstel kan begin wat deur belegging gestimuleer word. Die herstel sal na verwagting egter nie voor die einde van die jaar begin nie.

'n Jaar nadat Oos- en Wes-Duitsland in ekonomiese en geldelike eenheid verenig het, is die ekonomiese gaping tussen dié twee kante van die land dieper as ooit. Belangrike aanwysers toon dat die ekonomie in die weste opbloei danksy die groeiende aanvraag na verbruikersgoedere in die ooste - wat teweeggebring is deur die omsetting na die Duitse mark.

In die eerste kwartaal van 1991 het groei in die weste met 4,2 persent gestyg in vergelyking met dieselfde tyd verlede jaar. Kwartaallikse skattings van die ooste se ekonomie is egter onbetroubaar aangesien dit gegrond is op syfers wat onder die vorige regering bepaal is.

Hoewel die Deutsche Bank sê dat beleggings nou in volle swang is tot 'n groeikoers van tot tien persent kan lei, weerspreek onafhanklike voorspellings egter oor die algemeen dié optimisme, moontlik weens die dubbele syfers.

Werkloosheid in die voormalige Wes-Duitsland het met 219 700 tot 1,6 miljoen mense gedaal. Dié syfer is bereken tot Mei vanjaar. Die werkloosheidsyfer word bereken as 6,2 tot 5,4 persent van die werkmag. Nog 1,96 miljoen mense was net deeltyds in diens - wat in baie gevalle die voorspel tot werkloosheid is - en 350 000 mense het elke dag na Wes-Duitsland gereis om te werk.

Regeringsamptenare meen die getal geregistreerde werkloses in die ooste kan met tussen 450 000 en 500 000 styg ná einde vandeesmaand, wanneer sekere poste nie meer beskerm gaan word nie.

Gebeur dit, sal die werkloosheidsyfer drie maal groter wees as in die weste van die land. En die Treuhand waarsku ook dat nóg 600 000 Oos-Duitsers aan die einde van die jaar in die werkloosheidsrye kan staan.

# Khmer Rouge nie meer so veglustig nie

Ná 'n 12 jaar lange oorlog lyk dit of die eens onverbiddellike guerrilla-groep, die **Khmer Rouge**, na 'n skikking met die pro-Viëtnamese regering van Kambodja beweeg. **CHARLES ANTOINE DE NERCIAT** van **AFP** doen verslag



'n Verwaarloosde, ondervoede seuntjie in Phnom Penh, die hoofstad van Kambodja, hou 'n banknoot vas wat hy by 'n buitelandse besoeker gekry het. Omtrent al 8 miljoen inwoners van Kambodja ly onder die gevolge van die 12 jaar oue oorlog in dié land. (Foto: AP).

PATTAYA, Thailand - Kambodja se gevreesde guerrilla-groep, die Khmer Rouge, word nou blykbaar deur militêre terugslae en diplomatieke afsondering gedwing om toegewings te maak in die poging om vrede in die land te bewerkstellig.

In wat deur waarnemers beskryf word as 'n vasbeslote poging om weer aan bewind te kom, het die radikale Marxistiese beweging vandeesweek sy vorige onbuigsaamheid laat vaar en meer toegewings as ooit tevore gemaak.

Die Khmer Rouge is die sterkste mag in 'n koalisie van drie groepe guerillas wat Phnom Penh se Viëtnam ondersteunde regering beveg. Net 'n paar weke gelede nog het die groep 'n maand lange skietstilstand - die eerste in die 12 jaar oue oorlog - eensklaps verbreek. Maar toe 'n permanente skietstilstand vandeesweek voorgestel is op 'n vergadering in Thailand van die Nasionale Opperraad (NO), het die Khmer Rouge dit onmiddellik aanvaar.

Dit op sigself was 'n aansienlike afwyking van die Khmer Rouge se tot dusver hardkoppige aandrang daarop dat vrede nie stelselmatig na Kambodja gebring kan word nie, maar op een slag gewen moet word deur 'n omvattende politieke en militêre skikking. Boonop het die Khmer Rouge selfs die voorstel aanvaar dat alle buitelandse militêre steun aan al die groepe onmiddellik gestaak moet word. In die Khmer Rouge se geval kom die hulp van China.

In Hanoi het Viëtnam se uittredende minister van buitelandse sake, Nguyen Co Thach, onmiddellik verklaar dat die Kambodjaanse regering 'n "70 persent-oorwinning" behaal het.

Hoewel dié opmerking van Thach, wat na bewering politieke probleme in sy land ondervind, waarskynlik aan sy kiesers gerig was, stem die meeste waarnemers saam dat sy stelling geldig is.

Die Khmer Rouge se nuwe houding is die gevolg van terugslae aan die oorlogsfront. Ná die beweging se aanvanklike militêre suksesse in die maande ná September 1989, toe Viëtnam sy troepe aan Kambodja onttrek het, kon die Khmer Rouge nie eintlik meer veld wen nie.

Die Kambodjaanse premier Hun Sen het onlangs selfs gespog dat die Khmer Rouge nie meer 'n gedugte militêre mag is nie.

Sommige regeringsamptenare beweer die guerrillas is verlig oor die nuwe kans op 'n skietstilstand.

Politieke waarnemers meen dié stellings oordryf die Khmer Rouge se swakheid, maar diplomate wat die gebeure in Kambodja dophou, sê die beweging se betreklik swak prestasie aan die gevegsfront is nie sy enigste probleem nie.

Hulle sê daar is tekens dat China druk op die guerrillas uitoefen om 'n kompromis aan te gaan en dat dié land se steun aan sy voormalige bondgenoot in Kambodja aansienlik verminder is.

Die mees regstreekse druk waarmee die Khmer Rouge nou te kampe het, kom egter straks van sy onsekere bondgenoot, prins Norodom Sihanouk. Met die duidelike bedoeling om gewig te verleen aan voorstelle dat 'n verandering van alliansies oorweeg moet word, het die oud-monarg ná die NR se vergadering Woensdag premier Hun Sen na 'n groep fotograwe gelei en sy hand met 'n breë glimlag omhoog gelig.

Maar ondanks die Khmer Rouge se toegewings - onder meer sy instemming dat die OR vir die eerste keer sedert 1979 weer sy hoofkwartier in die hoofstad, Phnom Penh, mag inrig - is daar nog nie aan verskeie hoofkwessies geraak nie wat opgelos moet word voordat 'n vredesooreenkoms bereik kan word.

Die OR-vergadering kon byvoorbeeld nie 'n ooreenkoms bereik oor internasionale kontrole oor die skietstilstand nie. As gevolg daarvan sal dit maar 'n brose vrede bring.

Die kwessie van internasionale waarnemers is regstreeks verbind met die vraag oor watter rol die VVO in die vredesproses kan vertolk. Voordat die VVO betrek word, sê die Khmer Rouge, moet Phnom Penh se pro-Viëtnamese regering die trekpas kry.

## Aarbeie, Room en Water



'n Ligte oomblik op Wimbledon ... 'n kelnerin by die All England Lawn Tennis and Croquet Club probeer haarself tussen die leë tafels droog hou in die gietende reën wat Maandag die begin van die twee weke lange tennisstryd vertraag het. (Foto: Robert Kozloff, AP)

# 1991 WINTER PROGRAMME

Damelin Management School is the leading Management Training Centre in Southern Africa, with over 60 000 graduates, many of whom now hold senior executive positions. Delegates have the choice of attending either the evening or Saturday morning classes.

| COURSE | DURATION | STARTING DATE |
|---|---|---|
| Business Management | 7 months | 31 July |
| Small Business Management | 4 months | 1 August |
| Business Organisation Management | 4 months | 10 August |
| Manager Development | 3 months | 15 August |
| Financial Management | 4 months | 5 August |
| Practical Accounting | 2 months | 5 September |
| Basic Bookkeeping (Part-time) | 11 weeks | 4 September |
| (mornings only) | 2 weeks | 9 September |
| Credit Management | 3 months | 22 August |
| Marketing Management | 5 months | 31 July |
| Marketing & Sales Management | 3 months | 7 September |
| Sales Management | 3 months | 24 August |
| Successful Salesmanship | 3 Months | 19 August |
| Public Relations | 3 months | 14 August |
| Frontline & Public Relations | 3 months | 24 August |
| Personnel Management | 4 months | 10 August |
| Personnel & Training Management | 3 months | 31 August |
| Industrial Relations | 3 months | 28 August |
| Training Management | 2 months | 1992 |
| Project Management | 3 months | 17 August |
| Production Management | 4 months | 10 August |
| Production & Supervision | 3 months | 7 September |
| Purchasing Management | 3 months | 21 August |
| Warehouse Management | 3 months | 29 June |
| Storekeeping and Stock Control | 3 months | 31 August |
| Security Management | 4 Months | 4 September |

Phone (012) 322-6710 or call at 5th Floor, Sinodale Sentrum, 234 Visagie Street, Cnr Andries Street, Pretoria.
Our special nightline (012) 73-5771 is open between 6-9 p.m.

# Damelin
## MANAGEMENT SCHOOL

DMS COURsES ARE HELD IN JOHANNESBURG, ROSEBANK, PRETORIA, VEREENIGING, MMABATHO, DURBAN, PIETERMARITZBURG, PORT ELIZABETH AND CAPE TOWN.

GREY ADVERTISING 07136

## INDUSTRIAL RELATIONS DIPLOMA

The sudden spate of strikers in South Africa clearly indicates a lack of understanding between workers and management. This situation necessitates that both sides have a thorough knowledge of each other's rights and viewpoints. Learn where you stand, how to negotiate and how to deal with conflict. Create a profitable working environment for your company, its staff and for yourself.

RECOGNITION
Students successfully completing this intensive diploma course will earn credits towards a Bachelor of Business Administration degree from Newport University, USA, and students will be able to use the abbreviation Dip.I.R. (EE) after their names.

The course will be run by a leading industrial relations practitioner who has had 17 years experience in Industrial Relations with one of South Africa's largest companies. He has an M.A. degree in industrial relations from Warwick University in the UK and is a fellow of the Industrial Relations Practitioners' Association of SA.

COURSE CONTENT
1. Understanding industrial relations; 2. Trade Unions: their place in the workplace and society; 3. Labour Law; 4. The disciplinary procedure; 5. The grievance procedure; 6. Collective bargaining; 7. Handling disputes; 8. Corporate communications.

DURATION
COMMENCEMENT DATE
5 days full-time 08h00 to 17h00
1st July 1991
3 months part-time 08h30 to 12h30 - Saturday mornings
17 August 1991

*Executive*
# EDUCATION
COURSES FOR EFFECTIVE MANAGEMENT

For a full prospectus on courses offered call on us at:
207 Cradock Avenue Rosebank. Tel: (011) 880-2772
Fax: (011) 442-8092

## *Vrye* Weekblad

Ja, ek wil graag op *Vrye Weekblad* inteken, ek sluit hiermee my tjek/poswissel in vir:

R110 (12 maande)
R60 (6 maande)
(AVB en aflewering of posgeld ingesluit)

Naam:........................................

Adres........................................

........................................Kode........................

Pos asb aan: Vrye Weekblad Verspreiding, Posbus 177, Newtown 2113

# Surviving through the 50's

**JOYCE DUBE** is a Fifties Person who fondly remembers the golden era of jazz and natty dresses, of the Sisulus, the Mandelas and the political awakening of black South Africa. It was also a time of terrible poverty, of overcrowded schools and shanty towns. This is her reflection of the era of the fifties.

I was born on 11 November 1952. I was conceived in the servant's quarters of a Johannesburg hotel where my father worked as a chef. You must understand that in the eyes of the South African law, I was already an "illegal" whilst in my mother's womb. For, there were already many discriminating laws passed at the time of my birth.

- Act no. 55 of 1949: Prohibition of Mixed Marriages Act
- Act no. 21 of 1950: Immorality Ammend ment Act
- Act no. 30 of 1950: Population Registration Act
- Act no. 41 of 1950: Group Areas Act
- Act no. 46 of 1951: Separate Representation of Voters Act
- Act no. 52 of 1951: Prevention of Illegal Squatting Act
- Act no. 68 of 1951: Bantu Authorities Act
- Act no. 67 of 1952: Natives Act - and many others that followed.

The moment I was born I was already a lawbreaker. Even my father's employer warned them about bringing another "illegal" onto his premises. The only option my parents had was to join thousands of other squatters who had erected shacks in Orlando West. The squatter camp became known as Shanty Town or The Shelters. I do not have to give details about the bucket toilets shared by 30 families.

Although Shanty Town was a ghetto in the true sense of the word, my memories are of drumbeats, penny whistles and all that jazz. When the sun set in Shanty Town a mist of smoke drifted from hundreds of braziers, followed by the aromas of various ethnic dishes.

Beautiful women of Shanty Town gracefully walked on their stilleto shoes, their full skirts swaying from their belted waists. The old timers wore two-toned shoes, baggy pants and Stetson hats - sitting recklessly in the 50's Buick automobiles.

We had relatives in Sophiatown who I think were the nattiest dressers. Every Sunday was like a festival when we visited Sophiatown. The birth of a child called for the whole community to celebrate. I recall the colourful people who shared everything - food, laughter, gossip and grief. A close-knit community of various ethnic groups who lived happily side by side.

In 1957 we moved to the new South Western Townships we call Soweto today. The massive sprawling township was divided into scores of locations - Dube Village, Orlando West Extension, Chiawelo etc. etc. The government further divided the ethnic groups - Zulu Section, Sotho Section, Shangaan Section and so forth.

I believe that divide and rule is the root of all faction and unrest-related violence happening today. Blacks have lived side-by-side in the past - throughout the poverty of the 50's but have never been one another's enemies.

I started school in 1960. Thloreng Primary School was just a few blocks away from Nelson Mandela's house, Walter Sisulu's and Zeph Mothopeng's. Our school walls were painted with bold ANC and PAC graffiti reading: "Mandela, Sisulu - lead us". The PAC graffiti read: "The people shall conquer". Every major happening like the Sharpville massacre was an "adult affair" which was hushed in our presence.

I grew up in a vibe of politics, gangsters, jazz and rebellion. In those days the parent-child, teacher-student relationships were one of simple authority. We could never even enquire about the pass strikes, police raids or other happenings which were part of our lives.

I discovered a solution to the unanswered questions: Drum Magazine. When our skinny religious teacher was busy crucifying the likes of Lucifer, I would be gracefully paging through Henry Nxumalo's exposés in Drum Magazine. So informative was Drum that I valued every issue which I safely tucked under my straw mattress. What fascinated me most was the dangerous living of the 50's gangsters - The Spoilers and Msomi gangs of Alexandra - The Russians - The Berliners - The Salamas and so forth.

I was heavily influenced by the Drum writers. Although I never set eyes on many of them (since some died when I was too young to read) I believed in their writings. My essays were either exclaimed creative or junk tsotsi taal. For I mimicked their easy sarcastic way with words.

When I started school in 1960 I became friends with Maud Nxumalo who was Henry Nxumalo's fourth child. In later years their home became like a second to my own. I learnt about the guru of black journalism. I heard from his eldest daughter Suzette about his heroic investigation career. I could literally feel the man's presence in his house - this is something I could never explain but Henry Nxumalo was a powerful man whose presence still haunts me. I believe his fascinating stories and what I learned about him changed my whole life - years later.

Walter Sisulu's house was next to Belle Primary School where I completed my primary education. The political leader's house was open to all. As children we used to visit ma Albertina Sisulu during school breaks. Ma Sisulu used to make the best cookies and tea. Nothing much was discussed but there was a rapport we felt every time we were in her presence. Unsaid thoughts of understanding that we were all going through the toughest test of our times. Unsaid words I could not explain to date.

Let me give you a picture of the schools we attended. They were dilapidated buildings whose roofs were leaking, windows shattered beyond the winter breeze. Bucket-toilets overflowing. A shortage of teachers faced with overcrowded classrooms. Many children came from poverty-stricken homes and had to go to school without stationary or school-uniforms.

The desks which were normally donated to us seated four pupils. School was a place of cold and discomfort - it is a wonder I did not quit like many of my peers.

It was a relief to reach Orlando West High School, the most sophisticated school in those days (township standards of course). It was headed by Dr SK Matseke, an educationalist who wanted to make the best of Bantu Education. Indeed he tried, for his school produced Mara Louw, Khaya Mahlangu, Aubrey Mokoena, Sipho Mabuse, Tokyo Segwale - the list is endless. Those were my peers who fought against the odds. They too, were born in the 50's - an era where the fittest survived, an era of living dangerously, an era of hope and optimism.

In 1978 I became a freelance feature writer for the Sunday Post which was edited by Zwelakhe Sisulu. This is the influence I am trying to portray - the influence of the 50's writers.

I later wrote for the Sunday Express' "Living" supplement, Classic Magazine, Drum magazine, and other overseas publications.

I joined Drum Publications in 1981 as an advertising consultant. In reality, I joined Drum to meet with Jim Bailey, Stan Motjoadi, Obed Musi and other writers of yesteryear. I was exposed to distinguished figures inside and outside of our continent. I mingled with the Mphahlele family, the Mandelas, the Mothopeng family and the cream of Johannesburg.



Die danseres Ursula Bergman op die verhoog in die Ritz, 'n gewilde danslokaal in Johannesburg in die jare vyftig. (Foto: Jurgen Schadeberg)




Sophiatown in Februarie 1955, toe ingevolge nuwe wetgewing met die eerste verskuiwings van inwoners begin is. (Foto: Jurgen Schadeberg)

I spent all my leisure time reading about the 50's writers. To many black writers Drum was in fact the university of wisdom (that is if you were strong-willed enough to escape their constant drinking sprees). There was no formal training or instruction course so one had to rely on one's wits for survival. I spent lots of time talking to Stan about Jim Bailey, Can Themba, Nat Nakasa, Henry Nxumalo and others. By then I had realised that my strength lay in advertising and promotions, but I still write occasionally when inspiration strikes.

Drum Publications opened a new world for me. I dined with the kings and danced with the jazz maestro's of our times. I have learnt to live with my neighbours of all races because of the simplicity of Jim's establishment. What else can one say about the influence of the 50's people? What film-maker can capture the dangerous living of the 50's? What narrator can accurately tell the story of the 50's? And what photographer can capture the lifestyle of the people who changed the face of South Arica?

Perhaps another reincarnation generation of the 50's writers.

VW

DIE JARE VYFTIG *vervolg van bladsy 20*

## Duur moord

In Desember 1956, in 'n swak verligte straat in die Newclare township, is Mr Drum vermoor. 'n Legende het wreed tot sy einde gekom.

Nxumalo was besig met 'n ondersoek na 'n witman - "Mr Big" - wat aborsies vir jong swart meisies gedoen het. Nxumalo was glo warm op sy spoor, en daar is mense wat glo dat hy deur Mr Big vermoor is. 'n Paar dae voor sy dood het iemand op sy kar geskiet.

Jare later het 'n swart gevangene erken dat hy 120 pond deur ene "Lefty" betaal is om Nxumalo te vermoor. Dié Lefty moet 'n witman gewees het - want die prys vir 'n moord in die vyftigerjare in 'n township was net 25 pond.

Nxumalo was Drum se beste joernalis. Hy was vreesloos en word vandag deur van sy oud-kollegas as die beste ondersoekende joernalis ooit in Suid-Afrika beskou.

Nxumalo was só gewild in die townships dat die hoofopskrif in Drum in die uitgawe van Januarie 1952 uitbasuin: "GET READY FOR MR DRUM". Daaronder was 'n foto van Nxumalo met die onderskrif: "...look at it carefully and remember what he looks like. Mr Drum will be touring round the towns of South Africa in the next few months. The first Drum reader to recognise him in each place he visits will get five pounds. All you have to do is: walk up to Mr Drum holding a copy of The African Drum magazine and say: 'You are Mr Drum. I claim The African Drum prize'."

Tot en met sy dood het Nxumalo vyfpondnote in die townships uitgedeel.

## Die rampokker-era

Maart 1951, Volume 1, nommer 1. In die middel van die voorblad was 'n kaart van Afrika, links 'n man met 'n assegaai, en aan die regterkant 'n man met 'n pak klere. In die eerste drie uitgawes het die voorblad dieselfde gebly; net die kleure het verander. Die vierde uitgawe wys 'n jong kind wat kyk na 'n aardbol.

En toe kom die vyfde uitgawe: 'n rampokker in 'n Woodrow-hoed, sy oë manies, die onderste gedeelte van sy gesig toegebind met 'n sakdoek. Die opskrif lees: "Shadow over Johannesburg."

Vir die eerste keer het Drum gepubliseer wat later 'n obsessie sou word: misdaad, rampokkers, boewe en tsotsi's. In 1954 het die tydskrif die verhaal vertel van die Americans - die "homicide squad" van Kortboy Mbalweni.

Die foto van die rampokkers vertel sy eie verhaal: op die voorgrond is 'n linker-stuur Cadillac Coupé met vyf mans in. Hulle dra almal Woodrow-hoede en wit pakke klere. Die Coupé (een van die enigste goed wat hulle ooit self gekoop het), is nuut, blinkgepoets en die wiele het 'n wit strepie om. Dit dreun sag en diep in die gehawende Sophiatown-straat en vorm 'n sterk kontras met die sinkgehuggies, die beplankte vensters en die vuilgoed wat oral rondlê. Die mans in die Cadillac glimlag almal, hul hoede effens teruggeskuif op hul koppe en half gerookte sigare in hul monde.

Teen die tyd dat die storie in Oktober 1954 verskyn het, was Kortboy in die tronk besig om 'n vonnis van agttien jaar uit te dien. Sy verhaal is die ou, ou storie van 'n rampokker wat gedink het hy gaan wegkom daarmee.

Só het Drum die storie aan sy lesers oorgedra: "Kortboy was the so-called knife artist of the Americans in the battles. The knife had long been his bloody companion and he used it brutally and recklessly on any who dared interfere with him or any other member of the gang. A young, smiling man with the curious name of Chanam had also been attracted to the Americans. He became the gunman of the gang. He carried two guns that he shot often and indiscriminately, scaring off any any enemies though hardly ever hitting one with his abundant bullets. He also carried a long-bladed knife for emergencies.

"...Knifemen have always been feared - even more than gunmen, who can easily miss and often lose their nerve to pull a trigger at point-blank range - and this five-foot-nothing man (Kortboy) was feared above them all. And so he thought he was a big shot; everybody was scared of him... And it seemed the police were powerless against him, for nobody was brave enough to give evidence in court against him for his many misdeeds."

Maar vir Kortboy het die uurglas leeggeloop toe een van sy makkers kroongetuie draai ná 'n moord op 'n jong man. "Kortboy realised, too late, that the legend that had grown up around him was a hollow mockery, and that for him, as for all other criminals, the law sooner or later has its revenge."



Só het Nelson en Winnie Mandela op hul troudag gelyk - 14 Junie 1958. (Foto: Eli Weinberg. Met vergunning van die International Defence and Aid Fund.)

## Swier in die nag

Die beste en grootste balsaaldans- en swingorkes. Die beste orkes in Johannesburg. Dit is hoe Todd Matshikiza die Merry Blackbirds beskryf het. Hulle is almal dood nou - tering, kanker en seker maar drank ook. Al wie oor is, is Peter Rezant, nou in sy sewentigerjare en steeds werksaam in sy familie se klein supermark in Riverlea.

In die jare dertig, veertig en vyftig het hy bedags as drywer gewerk en saans sy deuntjies saam met die Merry Blackbirds uitgetokkel. Hulle het op die wit rykes se satyngroen grasperke in die noordelike voorstede gespeel en veral in Sophiatown se nagklubs.

Dit is hoe Matshikiza hulle beskryf: "The hall was chock-full of people. The hall was chock-full of music. It was good music... I said to the fellow next to me: 'What do you think of this fellow, Peter Rezant?'

'The fellow next to me said, 'Man, firs' class.'

"...Thanks a lot Peter Rezant. Your band has been a great civilising agent. My cousin Joe says he felt real small at your last dance. You and your band turned out smart. Kitty-bows, nugget shines, toothbrush smiles, gold cuff-links. And there he was, waltzing, waltzing... in brown shoes and grey pants. Heavens! Thanks. Firs' class, firs' class, Peter Rezant."

Rezant self onthou die swier en praal van die jare nog so duidelik: hulle speel 'Jealousy is a Tango'. Voor gly paartjies - die mans in wit of grys pakke, die vroue in uitspattige blomrokke - oor die balsaal. 'n Paar kom aan die einde van die nommer na hom toe en sê: Ons ken hierdie nommer goed, maar nog nooit het iemand dit gespeel soos julle vanaand nie."

Maar in Sophiatown hou musikante ook nie lank nie:

HOW MUSICIANS DIE
by Todd Matshikiza:

Some are stabbed
Some are burned
Some just vanish...

En dan was daar in die vyftigerjare die verbod op die verkoop van drank (prohibition) aan swartmense. Daar was 'n verbod, maar daar was ook nie. Want almal was dronk, en almal het gedrink. "Witmansdrank" was verkrygbaar in elke agterstraat-sjebeen in Sophiatown.

Prohibition het ook aanleiding gegee tot die uiters winsgewende, maar dodelik gevaarlike tuisbroueryе. Hierdie brousels - wat name gehad het soos "pink gold" en "spider's pouison" en enigiets van batterysuur tot brandspiritus bevat het - het meer dikwels as nie die drinker se lewe geruïneer en soms tot 'n einde gebring.

"I got sloshed with with all the Drum guys in the shebeens. I did. I got sloshed. There was prohibition. And it was great fun going to shebeens and hearing on the grapevine that the gatters (police) were on the way, and everyone would dive through doorways and windows and leave glasses and things. There was an element of fun and exitement about it," onthou een "old-timer" nog goed.

Nat Nakasa beskryf die sjebeens as "edele instellings" wat hom aan 'n warm moederhuis herinner. Sjebeens was ver verwyder van die wreedheid van apartheid, soos hulle name vertel: Back o' the Moon, Cabin in the Sky, Little Heaven, The Sanctuary, Kind Lady.

Talle verhale - sommige waar, sommige nie - is deur Drum rondom die sjebeens geweef. Soos dié een, geskryf deur Can Themba, wat in Mei 1957 verskyn het: "No 17, Marshall Street, Ferreirastown, Johannesburg, is just about the craziest address I've met. So many who lived here have gone mad, even as so many other people have stood in the slummery yard drinking that poisonous brew of shebeen invention - Baberton. There is an obvious connection. But the startling fact is that four of these people lived and went mad in the same room.

"A South African neurologist has sent a paper to America on Baberton. He has found that it does drive certain people mad...

In die sjebeens van Sophiatown het Dollar Brand gesing:

If you're white
you're all right
If you're brown
Stay around, but
If you're black
Get away your nigger
Get back.

Warm meisies. Drum was warm op die "hot dames" van die vyftigs. Die eerste voorblad met 'n meisie in 'n bikini het in Februarie 1952 verskyn. Sy het op die strand gelê en Drum-lesers met 'n wonderlike, wit glimlag vermaak.

Daar is geen twyfel nie - voorblad-meisies het Drum verkoop. Can Themba het in die laat vyftigerjare 'n totale obsessie gehad met 'n voorbladmeisie met die naam Dolly Rathebe, wat later ook 'n sangeres en rolprentster geword het. Hy het drie lang artikels oor haar lewe in Drum gepubliseer: "It is true that she has had a tempestuous life. Men have floated in and out of it, some as gloomy spectres, some as rogues, some as vital, effervescent boilers. She has known and lived the violence and sordidness and stink of township life... Out of the mire has emerged a queen, on the compost heap has grown a flower to perfume the township air."

## Sophiatown verdwyn

In Februarie 1956 het Drum 'n foto gepubliseer van drie mans wat op die sypaadjie sit en dice speel. 'n Vreedsame, alledaagse toneel - maar die drie mans wat dobbel, is nie die hooftema van die foto nie. Agter teen die muur is daar graffiti met die woorde: "We won't move".

Die foto is in Sophiatown geneem. Sophiatown was gedoem. Die regering het besluit die mense moet trek. Sophiatown met sy gehuggies en sy sjebeens en sy rampokkers en sy voorbladmeisies word platgeslaan. Dit word wit gebied.

Drum kondig die verdoemende nuus aan: "The first sixty families in Sophiatown, Johannesburg, have been given orders to leave their houses... These are the first of fifty thousand people who are scheduled to be moved from the Western Areas of Johannesburg to new locations further out of town."

Jare later sê die joernalis Don Mattera: "In Sophiatown nobody looked at the colour of your skin. It was who you were that counted. That is why I say that in another time Sophiatown will be reborn. Not Sophiatown of the slum, but the Sophiatown of the idea, the ethic."

## Die einde

Die jare vyftig - 'n era van optimisme en hoop - het op 21 Maart 1960 by Sharpeville tot 'n einde gekom toe 69 mense wat teen die paswet betoog het, deur die polisie doodgeskiet is en 180 gewond is.

Nege dae later is 'n noodtoestand afgekondig, en in die volgende maande is die ANC en die PAC verban, aanhouding sonder verhoor ingestel en verdere veiligheidswetgewing deur die regering afgekondig.

Drum het sy lewenslus verloor. Sy redakteur, Tom Hopkinson, is terug Engeland toe. Nat Nakasa het, soos so baie van sy voorgangers, land uit gevlug en uiteindelik in New York selfmoord gepleeg. 'n Jaar later is Lewis Nkosi ook landuit. Die enigste oldtimer wat by Drum oor was, was Casey Motsisi.

Die era van die Fifties People het wreed tot 'n einde gekom. VW

ELMARI RAUTENBACH SKRYF OOR DIE WEEK SE TV

# EN WAT HET GEWORD VAN VRYHEID VAN DIE PERS?

DR DAVID WEBSTER - wie hy was, hoekom 'n doodgewone man soos hy met 'n betreklik lae politieke profiel die teiken was van 'n geheimsinnige sluipmoord-aanval, maar veral wie dié moordenaar was, was Sondagaand die onderwerp van 'n boeiende program op M-Net se aktualiteitsvlagskip *Carte Blanche*.

Die eerste vraag wat by 'n mens opgekom het, is hoekom so iets nou uitsaai, 25 maande ná dr Webster se dood? Ruda Landman, die aanbieder van dié insetsel, het egter reg in die begin van die program 'n antwoord gegee: *Carte Blanche* is genader deur sekere mense wat meen hulle het die antwoord op die raaisel rondom die sluipmoord-aanval. Wat gevolg het, was 'n terugblik op die ontwikkeling van die polisie-ondersoek na dr Webster se dood, maar gesien vanuit 'n heel ander hoek deur 'n gewese spioen en Johannesburgse stadsraadslid, Dave Verster, en speursersant Hennie Els.

Verster, wat ook as luit Johann Steyn diens gedoen het by John Vorsterplein, was 'n gewerfde lid van die BSB en moes saam met Els die verloop van die Harms-kommissie se ondersoek dophou met spesiale verwysing na die Webster-moord. Later het hulle - omdat die moord hulle "gewalg" het - begin met 'n eie, private ondersoek, waarvan die inligting nou in die hande is van die Kaapse Prokureur-generaal. Die bevindinge van Verster en Els se ondersoek en hul teorie oor in besonder wie die moordenaars was, was die grondslag van die program en die vars ooghoek waaruit na die reeds bekende gegewe gekyk is.

'n Teatrale gebaar wat nietemin gesorg het vir opwinding was Ruda se telefoonoproep na een van die beweerde betrokkenes by die sluipmoordkontrak waarvan Verster en Els gepraat het.

Dit was egter nie net Verster en Els wat hulle mening gegee het oor wie die moontlike moordenaars sou wees nie. 'n Vorige onderhoud met kapt Dirk Coetzee is bygehaal, waarin Coetzee bepaald na die Webstermoord verwys. Daar is ook gesels met oud-majoor Nico Basson, wat onlangs in die nuus was oor gebeure tydens sy Weermagdienstydperk in Namibië. Saam het dié mans bespiegel of die BSB dalk betrokke was by die sluipmoord, of die staat betrokke was - al was dit net indirek, en of dr Webster se toevallige ontdekking van 'n geheime verskaffingsroete na Renamo gelei het tot sy dood. Op die oog af 'n gesprek wat al die laaste 25 maande aan die gang is, maar opnuut aktueel is na aanleiding van die bekendmaking van Verster en Els se teorieë.

Maar wat gebeur nou? Skielik loop die gerugte dat *Carte Blanche* op die rooi tapyt is oor die program. By wie presies en waaroor kan niemand sê nie. By navraag antwoord Pieter Cilliers, die uitvoerende regisseur van *Carte Blanche*, net: "Ons mag niks sê nie." Hoekom? Laster dalk? Een Portugese sakeman is 'n paar keer by name genoem. Dit is ook hy wat die telefoonoproep ontvang het. Voorts is dit bekend dat die program wye reaksie uitgelok het onder kykers.

Maar het ons nie hier te doen met vryheid van die pers nie? Daar is deesdae 'n taamlike verslapping van die beginsels van laster. 'n Goeie voorbeeld is die verweer waarmee die *Weekly Mail* geslaag het in die aksie wat genl Lothar Neethling teen dié Engelse weekblad aanhangig gemaak het: lasterlike bewerings is geregverdig as dit in 'n genoegsame mate in die openbare belang is, ongeag die waarheid daarvan.

Hopelik hoor ons later meer oor die storm om *Carte Blanche* se kop - dalk nog in die program self. *Carte Blanche* is immers bekend vir sy verantwoordelike, maar steeds indringende ondersoekende joernalistiek

## HOOGTEPUNTE

**VANDAG:**
* "Champions" in Afrikaans oorgeklank, maar darem met 'n Engelse klankbaan. Om 9nm op TV4. John Hurt speel die hoofrol.
* "Snow White" as deel van K-TV se vakansie-kykfees op M-Net. Om 1nm.

**MÔRE:**
* "LA Law" wat skielik nuwe hoogtes op die romanse-vlak bereik het, en die klassieke "Fantastic Voyage" om onderskeidelik 8.30nm en 9.30nm op TV1.
* Heruitsending van die mini-reeks "The Phantom of the Opera" om 11vm en "Kiss of the Spiderwoman" om 1.15vm op M-Net.

**SONDAG:**
* "Say Anything" om 8.30nm op M-Net, 'n zany komedie met John Cusack.
* "Collage" om 3.45nm, 'n program wat beslis 'n beter uitsaai-tyd verdien.

**MAANDAG:**
* M-Net se nuwe oop tyd begin vanaand om 5nm.
* "To Diana with Love", 'n schmaltzy program met "hot potato"-, niksseggende kommentaar deur Sue Kerr, maar 'n paar mooi modes om Diana se dertigste verjaarsdag te vier. Om 7.30nm op M-Net.
* "Twin Peaks" om 9.30nm op TV4.

**DINSDAG:**
* "Ingxaki Ka Sam", 'n nuwe TV2-reeks wat oorwegend in Engels is en vertel van 'n Amerikaanse uitruilstudent se wedervaringe in 'n swart Suid-Afrikaanse huis en skool. Om 6.30nm.
* "American Chronicles" om 10nm op M-Net.

**WOENSDAG:**
* "Hostile Witness" om 9.04nm. en "Night Court" om 10nm op TV4.

**DONDERDAG:**
* "Meester" om 7nm en "thirtysomething" om 9nm op TV1.

## M-Net se nuwe oop kyktyd

M-Net begin uiteindelik van aanstaande Maandagaand met sy nuwe, verlengde "oop" kyktyd tussen 5 en 7nm en dié is behoorlik gepak met nuwe reekse.

Maandagaand begin *Sydney*, 'n komediereeks met die wulpse Valerie Bertinelli as 'n private speurder met 'n gladde mond, en *Working it out*, 'n komiese dramareeks oor 'n geskeide ma (Jane Curtin) wat 'n aantreklike fotograaf met twee kinders ontmoet by 'n kookklas.

Carol Burnett ken almal en haar skreeusnaakse Carol and Company word Dinsdagaande vertoon. Ook op 'n Dinsdagaand begin America's Funniest People oor die komiese manewales van gewone mense.

Woensdagaand is daar *Three's Company* en *Perfect Strangers*, en Donderdagaand begin *Blossom*, 'n reeks oor 'n veertienjarige meisie wat al die tipiese probleme het van 'n gewone tiener en boonop die huishouding moet bestuur vir haar kunstenaarsma. Die gewilde sportprogram, *The World of National Panasonic*, word nou ook op Donderdagaande vertoon.






Wahl Bartmann... die wêreld se beste flank?

**SPORTRUBRIEK**
**TINUS HORN**

# Wie's wie in Suid-Afrikaanse rugby?

RUGBYSPELERS in Suid-Afrika droom weer van Springboktruie en die keurders begin volgende week sif wanneer hulle die spanne vir die jaarlikse Noord-Suid-wedstryd kies. Halfpad deur die seisoen behoort hulle 'n goeie idee te hê van wie in en wie uit is. As hulle dalk die afgelope ruke aan 'n oordosis Zandberg Jansen blootgestel is en dus nie meer helder kan dink nie, kan hulle gerus dié lysie noukeurig lees:

## Heelagters:

Andre Joubert sou een van min seker keuses gewees het as die keurders môre 'n Springbokspan moes kies - en dis 'n skrikwekkende gedagte. Hy is beslis nie in dieselfde klas as sy voorgangers Johan Heunis of Gysie Pienaar nie, en maak soms foute wat jy nie kan vereenselwig met sy sporadiese briljantheid nie. Hendrik Truter speel al hoe beter, en soos Joubert ken hy nie kuns om verdediging in aanval te omskep. Maar hy't ook meer "af" oomblikke as wat 'n Springbokspan kan bekostig. Mike Bailey het baie durf, maar ervaring kom kort. Hy't ook nog nie veel op die aanval gewys nie. Johnny Vermeulen het meer talent as die ander klomp saam, maar sy wisselvalligheid laat koue sweet op 'n mens se voorkop uitslaan by die blote gedagte aan 'n Springboktrui.
Vleuels:
Links: Hier's beslis talent, maar nie 'n enkele speler wat naby Carel Doep se ou togs kom nie. Boet Jacques is 'n derduiwel om neer te trek, maar soos die meeste ander spelers wat baie op hul eie regkry, het hy nie 'n voorliefde vir uitgee nie. Pieter Hendriks kan dalk Springbok word, maar ons moet sien wat doen in die volgende jaar of wat voor ons te opgewonde raak. Kyk waar's ou JJ nou. Daar's darem nog Kobus Burger, wat klaar 'n groen trui in sy kas het.
Regs: Tony Watson is die bestendigste en Niel Burger het vroeër vanjaar van sy beste rugby gespeel, maar dis 'n posisie waaroor die keurders lank gaan stry. Daar eenvoudig niemand wat homself kies nie. James Small lyk nie lus vir groot rugby nie. Dis jammer; hy sou 'n GROTE kon wees. Ditto Deon Oosthuysen, wat nog nie letsels van daardie rampspoedige Noord-Suidwedstryd twee jaar gelede heeltemal kon uitwis nie.

## Senters:

As jy Michael du Plessis wegvat, bly daar maar min oor. Hy's gelukkig oor sy beserings en praat nie meer van uittree nie. Bernard Fourie is die man van die oomblik en Pieter Muller lyk bestem vir groter dinge. Laasjaar se sterre, Riaan Potgieter en Jannie Claassens, het tot dusver dié seisoen teleurgestel. Albei hardloop sterk en verdedig goed, maar 'n gebrek aan verbeelding hou hulle terug. Veral Potgieter kan gerus iets ander as sy alewige binnebreek oorweeg. Natal se Jeremy Thomson en Dick Muir is nog beskikbaar om fabelagtige drieë te druk, maar vuil word wil hulle nie. Dis hoekom Muir nou uit die Natalspan geskop is.

## Losskakels:

Teen die OP het Naas die res ontmasker as die amateurs wat hulle is. Hy was egter maar flou teen die WP. Wie weet hoe lank hy nog bo gaan bly? Ondank Henry Honiball se middelmatige kantlynskoppe is hy stukke beter as die ander jonges. Rugby is tog oor hardloop, of hoe? Hennie le Roux is ook lekker opwindend en skop deksels goed. Arme Joel Stransky hardloop wanneer hy moet skop, en skop wanneer hy moet hardloop. Dis waarom Natal sy laaste twee wedstryde verloor het. Lance Sherell se spelpeil spring van die een uiterste na die ander.

## Skrumskakels:

Garth Wright. No contest. Hy't sy ou selfvertroue terug, en dis slegte nuus vir die ander aanspraakmakers. Sy grootste bate is sy onvoorspelbaarheid. Robert du Preez se skopwerk is sonder gelyke en hy breek goed, maar hy kies te veel verkeerde opsies. Hou vir Hentie Maartens en Craig Richardson dop. Albei kan nog oor 'n paar jaar Springbok word. Craig Jamieson se beste dae is verby.

## Stutte:

Loskop: Guy Kebble is die soort kragman waarmee jy die All Blacks wil pak. Hy't in twee seisoene van middelmatig in verstommend verander. (Dankie, Tom Lawton). Heinrich Rodgers is nog in die prentjie, maar hy moet opskud. Dit lyk nie of Frans Erasmus weer aan die loskopkant in 'n Springbokspan gaan sak nie, al probeer Zandberg ons anders wysmaak.
Vaskop: Hier het Groot Frans 'n beter kans, want van talent is hier bitter min sprake. Ons kan maar net hoop Jan Lock ruk hom reg. Hulle sê Johan le Roux is baie sterk, maar Kebble het hom al lelik gebuig. Aan die ander kant kan een man darem ook nie 'n verloorskrum in rat hou nie. Piet Bester probeer natuurlik week ná week die teendeel bewys, en kry dit verbasend goed reg.

## Hakers:

Uli Schmidt dreig om die einde van die jaar uit te tree. Dit sal 'n ramp wees, want hy's verreweg ons beste. Andrew Paterson is nommer twee, al kry hy nie in die WP juis die kans om dit te wys nie. Harry Roberts speel nie so goed soos in die dae voor sy trippie Engeland toe nie, maar hy bly in die wedloop. Shaun Gage het 'n paar jaar terug skitterend gespeel, maar deesdae draf hy vir die Natalse Duikers uit. Hy kry môre die kans om Tom Lawton te lig. Kom ons kyk.

## Slotte:

Die Bokke het lelik in die lynstane gesukkel in die toets teen 'n internasionale span twee jaar gelede, maar noudat ons skeidsregters optellery begin vasvat het, het ons slotte weer geleer spring. Die veteraan Rudi Visagie is die beste van die lot. Drikus Hatting het vinnig opgang gemaak, maar Adolf Malan lyk nie meer na 'n Bok nie. Die keurders kan seker die wag dat Kuifie van der Merwe van sy beserings herstel nie. Adri Geldenhuys en Armand du Preez is 'n vurige kombinasie (by tye effens té vurig) wat genoeg in die vaste los doen om vir hul gebreke in die lynstaan te vergoed. Maar Springbokke? seker nie.

## Flanke:

Wahl Bartmann ken nie sy gelyke nie. As die Bokke gereeld toetsrugby gespeel het, was hy vandag straks as die wêreld se beste gereken. Die afgelope paar weke was hy effe stil, maar hoe dan anders as jy jou dinges af speel en jou spanmaats foeter alles agter op?. As Gert Smal honderd persent fiks is, sak hy aan die ander kant van 'n Bok-skrum. So nie seker Ian MacDonald, wie se vaart in 'n toetsreeks teen die All Blacks 'n goeie teenvoeter vir Michael Jones s'n kan wees. Cheese van Tonder en Martin Mostert is ook goed op dreef en ons wag op Tiaan Strauss. Almal wat al vanjaar teen Wes-Transvaal gespeel het, praat net met lof van Botha Rossouw. Ons sal waarskynlik volgende jaar meer van hom sien, nadat Noord-Transvaal hom gekoop het.

## Agtstemanne:

Jannie Breedt lyk of hy nog lank ons beste wil wees. Hy speel weer so goed soos in die 1986-toetsreeks teen die Kavaliers. Pote Human het ook nog niks van sy vuur en vaardigheid verloor nie. In 'n sterker agttal sou hy dalk 'n groter bedreiging vir Jannie ingehou het. Pote Fourie speel ook eenvoudig nie 'n swak wedstryd nie en Andrew Aitken lyk na die volgende Bok-agtsteman - en miskien kaptein.

VW

# DIE WEEK SE TV-SPORT

M-NET saai môreoggend twee wêreld-titelgevegte regstreeks uit: Jerry Ngobeni teen Joey Gamache en die wraakgeveg tussen Mike Tyson teen Razor Ruddock. Dis die hoogtepunt van die naweek se sport op die kassie. Uitsaaitye was teen druktyd nog nie bekend nie. Wimbledon oorheers nog tot volgende Sondag die sport op M-NET en èn die SAUK se kanale.
Die derde kriekettoets tussen Engeland en die Wes-Indiese Eilande begin volgende Donderdag. M-Net sal elke dag se hoogtepunte dieselfde aand wys.

**DIE WEEK SE VOLLEDIGE SPORTPROGRAMME IS:**

**SAUK:**
Vrydag, 28 Junie: TV1, 08:40, 15:00 en 23:00 - Tennis: Wimbledon. 18:30 - Gillette World Sports Special.
Saterdag, 29 Junie; TSS, 10:45 - Perdewedrene vanaf Clairwood Park in Durban. TV1, 12:00 - Junior Sport; Perdewedrenne: Bloodline Million Derby; Tennis: Wimbledon; Gholf: Sharp se winterreeks en die Europese toernooireeks; Bankfin-rugby: (Oos-Transvaal teen Natal of Wes-Transvaal teen OP)
Sondag, 30 Junie: TV1, 13:00 - Junior sport (heruitsending)
Maandag, 1 Julie: TV1, 08:40, 15:00 en 23:00 - Tennis: Wimbledon
Dinsdag, 2 Julie: TV1, 08:40, 15:00 en 23:00 - Tennis: Wimbledon
Woensdag, 3 Julie: TV1, 08:40, 15:00 en 23:00 - Tennis: Wimbledon
Donderdag, 4 Julie: TV1, 08:40, 15:00 en 23:00 - Tennis: Wimbledon

**M-NET**
Vrydag, 28 Junie, 18:30: The World of National Panasonic. 19:00: Tennis: Wimbledon.
Saterdag, 29 Junie, 14:00: Fietsry: Voorskou van die Tour de France; Amerikaanse PGA-Gholf; Rugby: Vrystaat teen Noord-Vrystaat; 19:00: Tennis: Wimbledon.
Sondag, 30 Junie: 14:00: The World of National Panasonic. Middag (tyd onseker): Perdewedrenne: die Irish Derby.
Maandag, 1 Julie, 19:00: Tennis: Wimbledon.
Dinsdag, 2 Julie, middag (tyd onseker) - Perdewedrenne: Die Administrator's Cup. 19:00: Tennis: Wimbledon.
Woensdag, 3 Julie, 19:00: Tennis: Wimbledon.
Donderdag, 4 Junie, 18:00: The World of National Panasonic. 19:00: Tennis: Wimbledon. 22:40: Krieket: Hoogtepunte van die eerste dag se spel van die derde toets tussen Engeland en die Wes-Indiese Eilande op Trent Bridge.

# LENDL EN WIMBLEDON: Die groot obsessie

Die afgelope dekade op Wimbledon is veral deur twee verskynsels gekenmerk: **Martina Navratilova** se welslae en **Ivan Lendl** se mislukkings. Martina se sukses is maklik om te verklaar: Sy is die beste vroue-tennisster wat die wêreld nog opgelewer het. Maar waarom kon Lendl, die voorste speler van die dekade tagtig, nog nooit die enkelspeltitel vir mans wen nie? **TERRY KIRK** *neem die feite in oënskou*

DIE teorie dat Ivan Lendl se styl eenvoudig nie op die blitsige bane van Wimbledon werk nie, word gewoonlik met twee woorde afgemaak: Bjorn Borg. Die SuperSweed was soos Lendl 'n agterbaan-spesialis wat min punte met afslane en vlughoue ingesamel het. Sy vertoningslys lyk egter nouliks soos dié van 'n man wat nie op Wimbledon tuisgehoort het nie. Sy vyf agtereenvolgende enkelspeltitels sal nog lank 'n rekord bly.

Wat 'n mens egter nie uit die oog moet verloor nie, is die feit dat Borg op sy beste nooit met meesters van die vlughou soos Boris Becker en Stefan Edberg te doen gekry het nie. Sy aartsvyand, Jimmy Connors, het ook sy neus vir die net opgetrek. Hul kragmetings is deur marathon-verwisselings van die agterbaan gekenmerk. Wanneer Edberg of Becker op die baan is, hou geen verwisseling langer as drie of vier houe nie.

Die laaste van Borg se vyf seges was wel teen John McEnroe, wat as 'n soort voorloper van Becker en Edberg beskou kon word. Maar 'n jaar later het die einste McEnroe sy segetog gestuit.

Maar ondanks Becker en Edberg se onheilspellende teenwoordigheid sou dit dwaas wees om te sê Lendl is nie toegerus om Wimbledon te wen nie. 'n Speler wat die eindronde van 'n toernooi haal, kan hom wen. Lendl het al twee eindstryde agter die blad.

En hoewel Becker hom sedert 1986 drie keer op Wimbledon geklop het, was dit sonder uitsondering harde wedstryde wat net so maklik ander kant toe kon gaan.

Waar lê die probleem dan? Arthur Ashe, 'n voormalige Wimbledon-wenner en 'n kenner van grasbaanspel, het aan die toonaangewende Amerikaanse tydskrif "Tennis" gesê Lendl se selfvertroue is is nie na wense nie.

"Hy was tussen 1983 en 1989 amper deurgaans die wêreld se voorste speler, maar op Wimbledon kon hy nie wen nie. Kan 'n mens hom verkwalik as hy in sy eie vermoëns begin twyfel?"

Volgens Ashe het jare se mislukkings Lendl se hele houding jeens Wimbledon nadelig geraak.

"Om op gras te kan wen, moet jy meer waag as op enige ander oppervlak. Vir Lendl het Wimbledon eenvoudig te belangrik geword. Hy voel hy kan nie bekostig om te waag nie. As jy veilig hier speel, veral teen iemand soos Edberg, is dit verby met jou."

Ashe meen Lendl, wat vanjaar 31 jaar oud geword het, speel ongetwyfeld beter op gras as ooit tevore, maar sy grootste fout die afgelope paar jaar was om sy spel aan te pas om Becker en Edberg op gelyke voet te probeer aandurf.

"Sy skitterende grondhoue is uiters doeltreffend op gras, omdat hulle laag deurskiet en sy teenstanders onder druk hou. Maar hy voel nou hy móét aanmekaar net toe hardloop. Veral op sy tweede afslaan is dit selfmoord, want hulle sien dit kom en klop hom met verbyhoue."

Wat Lendl se taak deesdae moeiliker as ooit maak, is die feit dat hy die eerste plek op die wêreldranglys prysgegee het, en daarmee saam die eerste plek om die keurlys vir Wimbledon.

Hy is vanjaar derde gekeur. As alles volgens keuring verloop, sal hy Becker én Edberg (in daardie volgorde) moet klop. Dit lyk na 'n haas onmoontlike taak vir 'n man wat nog nie een van hulle op gras kon baasraak nie.

Soos verlede jaar het Lendl vanjaar besluit om nie aan die Franse Ope deel te neem nie, sodat hy hom op Wimbledon kan toespits. Saam met Tony Roche het hy hom dag ná dag vir die een oorblywende uitdaging van sy tennisloopbaan geslyp.

Deur meer tyd op gras deur te bring as sy vernaamste teenstanders, wil hy verseker dat hy vinniger aanpas by die moelike speeltoestande.

Roche het twee jaar gelede vir Lendl gesê die sleutel tot groter welslae op gras lê in twee houe opgesluit: Sy afslaan, wat dramaties moes verbeter, en 'n handrug-naderhou, wat hy glad nie in sy mondering gehad het nie.

Om sy afslaan reg te ruk, moes hy die bal laer opgooi, en effens na regs. Dié klein aanpassing het wondere vir hom verrig.


Die handrug-naderhou is ook nou een van sy vernaamste wapens. Voorheen het hy alles met bodraai geslaan. Deesdae sit hy terugtol op sy naderhou, wat sake bitter moeilik maak vir 'n teenstander wat op pad net toe is.

Maar gaan dit hom help wen? Pancho Segura, wat in die verlede al baie top-spelers gehelp het om foute uit te stryk, meen Lendl sal nooit op gras werklik teen Becker of Edberg opgewasse wees nie.

"Dit beteken nie dat hy g'n kans staan nie. As hy op sy beste is en een van hulle is net effens van stryk, kan hy hulle klop. Ongetwyfeld."

Segura sê dat Lendl baie tekortkominge op die baan moet oorbrug.

"Hy is 'n sportman wat uitstekend afgerig is, eerder as een met baie natuurlike talent, soos Ilie Nastase, McEnroe of Edberg. As 'n mens kyk waarmee hy toegerus is, kan jy nie anders as om respek vir hom te kry nie. Hy het deur die jare uitstekend gevaar. Moenie veel meer van hom verwag nie."


Ivan Lendl

## 'n Wen-masjien sonder gelyke

Martina Navritilova se beste dae is verby. Sy is vanjaar 34 jaar oud, en speel vir die 19de keer op Wimbledon. Maar al kan sy nie vanjaar daardie gesogte tiende enkelspeltitel wen nie, is haar posisie as die beste vrouespeler wat nog 'n raket op Wimbledon geswaai het, onbesproke.

"Wimbledon is verslawend," sê Martina. "As jy eers daardie titel gewen het, moet jy dit eenvoudig weer wen. Is ek verslaaf? Natuurlik!"

Vanjaar het sy so byna-byna teen Suid-Afrika se Elna Reinach in die eerste ronde verloor en as sy nie haar spelpeil dramaties opstoot nie, lyk die kanse vir nommer 10 lyk maar skraal - selfs in die afwesigheid van Monica Seles, die wêreld se voorste speelster.

Martina se segetog het in 1978 begin, toe sy die liefling van Wimbledon, Chris Evert, in drie stelle geklop het. In 1982 het 'n ongelooflike reeks oorwinnings begin, wat eers in 1988 deur Graf beëindig is. By vier geleenthede het Martina die eindstryd in skoon stelle beklink. Sy was al in 100 wedstryde aan die wenkant.

Graf het weer in 1989 gewen en is vanjaar die gunsteling.

Maar verlede jaar was Graf ook die gunsteling, en Martina het nietemin haar totaal na nege titels opgeskuif - een meer die rekord wat Helen Wills-Moody voor 1940 opgestel het. VW



# VALDES by DRAKE HUTTON

When people asked us where we met we'd always say we met in 'Nam...I was in a bar in Mau Willi Willi Kwai, shooting billiards with a midget waitin' for the rain to stop...I always imagined 'Just Like Tom Thumb's Blues' on the jukebox and the first lines at that..."When you're lost in the rain in Juarez and it's Eastertime too"...if people laughed, which they always did (all except that faded blonde one time that is), there'd come a time in the fragmented speech when one of us, usually me (well hell it was my line) would say "This muthafucka saved my life." The humble truth is we met in Madrid without much direction and ate tortilla with a bunch of people I don't remember, all except Betsy that is...Betsy was about 10 years older than us and Lord was she dramatic...I asked her one time what she'd done in Vermont the last 12 years, "Stuff" she said... I felt awed and for several months went to her house every Sunday and sat at her feet, among gay men, on the terrazza...when I think of Betsy, hell when I think of Spain, ganas comes to mind...ganas is one of those words that strike a chord, it means desire or better yet the fire for something...we don't have it in English...there aren't too many places that make you fight for yourself but Spain is one of them...they have their way and if you don't deal with it you leave and if you do it can damn near change your world...there's a reason why Orson Welles' ashes are scattered in Ronda...if you're a giant with uncontrollable self-indulgence where else you gonna go?
Back to Valdes though...we had a line back then that anyone who wasn't up to standard was below the portero level...I had a porter at my block and the way we figured it if he lost respect for you comin' in with a gal...reckon you can guess the rest...I was at a party with Valdes a while later in Louisiana when a hammered lookin' gal took a likin' to me...I slipped over to Valdes and whispered that the portero was likely to take exception...quick as a flash he snapped back "Hell, portero's in Madrid he'll never know..." Of such moments...
Somethin' about manly stuff, about not brushin' your teeth if they don't deserve it and not wearing underwear that draws ya...or maybe it's just guys so fucked up they wrought a mythology from the carnage and vested it with all that crazed energy that real people save for love...then again maybe not...
Milk products was the thing that forged the bond way back...you gotta have done stuff with feeling for a long time to know this but a man that uses dairy knowingly is dangerous...he knows the power of puttin' together homely hot chocolate and unnatural acts without clothing...it was that which brought us together...that and the osser...it's the only Hebrew word Valdes knows...anyone who's sensitive to rejection knows you don't fuck with another guy when it looks like he's interested and progressing...osser means a ban and that's the way we did things from the start...Valdes is not the kind of guy you trust at all in this regard...Betsy said about us once that if ya didn't do it it was only 'cause she wouldn't let ya...that's about the truth...but hell I'd trust Valdes and I dare say he'd trust me...few rules but damn near writ in stone...
Hell but there are stories...drinkin' cheap champagne in a bad bar on the coast with two Dutch nurses and Valdes, eyes a-shinin', proposing a toast to body discovery at around 4 a.m...sittin' in a cheap bar in Chueca talkin' to a gal who might have been a boy and Valdes offering to flip a coin with her...the bet - if I win I get to do what I want and if you win so do you...that was the night I learned about how to tell if it really was a boy or a girl...hold somethin' in your hand and whip it ceiling-ward and don't forget to check if the Adam's apple bounces...
A lot of words came into play back then...ossers, porteros, get lucky palaces...but the one I remember most was Smacky...Shaun was the first one to use it but beyond that its origins are unknown...it was used to describe a railway porter, with a gap between his teeth and cap set at a jaunty angle...it was the kind of word a man can grow attached to and we did...
Talkin' of Ronda that takes me back to another time and another place...I was on a plane out of Atlanta, havin' left Valdes behind in New Orleans...he was smartin' over an English gal, who'd liked me and not him and left him to share the lounge with a Brazilian filmmaker, fixin' to hit on a married gal from Barcelona...I got on the plane in a fine mood bolstered by a fine time and the discovery of Walter 'Wolfman' Washington playin' for nothin' in a redneck bar and started to talk with a gal named Wanda...turns out she was a wild mountain woman from the Appalachias who'd left her shack home, her coal miner daddy and a mama who spoke in tongues to become a psychiatrist in Memphis, Tennessee...and so began a great affair with all the sturm und drang a workin' boy could afford...it carried on, with jettin' back and forth for close to a year, peppered with drama...I was too scared to cheat much 'cause I asked her one time about cheatin', what'd happen if she found out..."I'd kill you, you whore" she said and I remained silent for a long time...I left the US shortly after that, and she had taken to drinkin', gettin' arrested for throwin' a bottle through the window of some man's house, bein' sent to a dryin' out place and hounded by the head of the medical board...For all that I figure there's a debt to be paid...she was the one who told me to go home and write, hell she even offered to keep me while I did...she was the one who told me to follow the passion and go where it led and that deeds, not words, are what matter...
Speakin' of debts, there's always Trip...I was workin' in a rabbit hutch in San Francisco back in '88...the kind of place that always had one grey suit roamin' the halls, as if there was only a set number of desks and when the music stopped - only there ain't no music...anyway, Trip, his birth name or so he swore, a wild eyed adman who dressed like a cross between Bobby Dylan and a motorcycle messenger...I was indulgin' in a minor office romance and dealin' with the shabby reality of early mornin's when we met...he and I would retire to the Fog and drink beer for the afternoon...one time, in a place whose name I forget near the water, Trip told me to leave town and write, giving me a tape of bad New Age music the waitress had made as going away present...I never saw him again, but I got out of town...
As far as New Orleans, where my old drinkin' partner Valdes had come to rest...I spent a few days recouping and tellin' old stories, long enough to get in trouble with a judge's daughter and to take in the 'Wolfman', suitably rehabiliated, at three separate venues, all of which required coin for entry...it was time for a change...

DECEMBER 1990

**VRYE WEEKBLAD PLAAS ELKE TWEEDE WEEK 'N KORTVERHAAL. VERKIESLIK ONGEPUBLISEERDE KORTVERHALE IN AFRIKAANS OF ENGELS, NIE LANGER NIE AS 1 200 WOORDE, KAN GESTUUR WORD AAN: VRYE WEEKBLAD FIKSIE, POSBUS 177, NEWTOWN 2113. DIE REDAKSIE SAL BESLUIT WATTER VERHALE GEPLAAS MOET WORD EN GEEN KORRESPONDENSIE SAL OOR DIÉ KEUSE GEVOER WORD NIE. SKRYWERS ONTVANG R250 VIR 'N VERHAAL/VERHALE WAT GEPUBLISEER WORD.**

# Is dié stemme die geld werd?

**HENNING VILJOEN** skryf oor Truk se opvoering van *La Bohème*, Roodepoort se opvoering van *Don Giovanni*, en 'n liederuitvoering van **Edda Moser**.



Mikako Matsumato

HOEWEL dit byna soos Europa gevoel het om binne die bestek van 'n paar dae 'n *La Bohème* in Pretoria, 'n Don Giovanni in Roodepoort en 'n liederuitvoering van die Duitse sopraan Edda Moser in die Staatsteater te beleef, was die standaard ongelukkig nie altyd iets om oor opgewonde te raak nie. Tewens, Truk se aanbieding van *La Bohème* en Edda Moser se konsert laat 'n mens met pertinente vrae oor die beleid wat die standaard van ingevoerde kunstenaars betref - veral in die lig van krete oor finansiële probleme.

Die herskepte "nuwe" produksie van *La Bohème* is getrou aan Truk se tradisie van 'n oordrewe visuele orgasme waarin die musiek beslis tweede kom. Behalwe om die opera in 'n nuwe prentjie à la Zeffirelli met 'n oorbevolkte straattoneel in te kleur, het Neels Hansen met geen insiggewende nuwe regiekonsep na vore gekom wat 'n nuwe produksie van die opera regverdig nie. Die geld wat aan die nuwe dekorstelle bestee is, kon eerder aangewend gewees het om sangers van 'n beter standaard te bekostig. Opera gaan in die eerste plek om sang!

As die kleiner rolle soos Benoit (George Kok) en Musetta (Mimi Coertse) die musikale hoogtepunte opgelewer het, is daar beslis 'n groot skroef los met die rolbesetting.

Soos in die verlede bly die rede vir Truk se invoer van kunstenaars terwyl beter plaaslike talent beskikbaar is 'n enigma. Ondanks Dennis Reinecke, hoofdirekteur van Truk, se bewering in *Beeld* dat kunstenaars ingevoer word as plaaslike kunstenaars van standaard nie beskikbaar is nie, kan ek vir hom twee tenore noem wat al bewys het dat hulle beter sal vaar as die Amerikaner Michael Myers (Rodolfo). Myers beskik oor nóg die volume nóg die regte stemkleur vir Rodolfo, terwyl daar van toneelspel ook geen sprake is nie. En André Howard (Schaunard) hoef glad nie terug te staan vir die Bulgaar Ivan Konsulov om die rol van Marcello te vertolk nie.

Miwaku Matsumoto is 'n verdienstelike Mimi sonder om vure van musikale opwinding met haar vertolking aan die brand te steek. Daarenteen was Mimi Coertse se ietwat oorspeelde Musetta die vokale oase in die andersins barre musikale woestyn. Selfs Carlo Franci kon met sy besielde musikale leiding nie die opera van middelmatigheid red nie.

Edda Moser se liederuitvoering in die Staatsteater is seker een van die mees omstrede konserte wat ek nog bygewoon het. Met 'n *Lisbon Traviata* wat hom in die foyer afgespeel het, het die reaksies gewissel van ekstatiese beswyming tot 'n bestempeling van die konsert as 'n katastrofe. Persoonlik het Edda Moser my glad nie beïndruk as 'n sanger wat in dié stadium van haar loopbaan iets met die lied as kleinkuns kan aanvang nie. In die hele uitvoering het sy my net beïndruk met Strauss se "Frühlingsfeier", waarin sy vrye teuels kon gee aan haar glanslose stem wat sy fleur heeltemal ingeboet het. Haar huidige stem het niks meer gemeen met die stem wat sulke wonderlike opnames van Strauss se Brentano-lieder of Pfitzner se lieder gemaak het nie. Sowat van vokale omvorming in stemproduksie wat deurgaans op 'n eentonige uuklank afstuur, het ek nog nooit gehoor nie. Van sinryke teksduiding was daar geen sprake nie, behalwe vir 'n paar truuks om 'n oordrewe vertolking van Schubert se "Erlkönig" te gee. Nee wat, sonder kunstenaars van dié standaard kan mens klaarkom, totdat die boikot hopelik eersdaags verdwyn.

*Don Giovanni* in Roodepoort met plaaslike kunstenaars het daarenteen 'n aanbieding van loutere musikale genot opgelewer - ondanks 'n openingsaand wat gekenmerk is deur "some musical rough riding" in die orkes en 'n paar glipse onder die soliste.

Ingeklee in die treffende en uiters funksionele stelontwerpe van Carel van der Westhuizen het Conrad Haikes met uitstekende regie een van die sinrykste vergestaltings gelewer wat ek nog van dié moeilik opvoerbare opera beleef het. Hy het daarin geslaag om die individualiteit van elke karakter duidelik te omlyn, en om die dramatiese handeling deur die onderskeie lang statiese arias te trek.

As met'n jong en viriele Giovanni het Charl van Heyningen 'n uitstekende teenstelling gevorm vir Hans van Heerden se deurwinterde en beleë vertolking van Leporello. Vokaal pas dié rol Van Heerden soos 'n handskoen, terwyl Van Heyningen met meer ervaring moet leer om sy stem regdeur 'n opvoering te bly projekteer. Gerhard le Roux het die ideale stem vir Ottavio, dis net jammer dat sy vertolking mank gaan aan 'n idiomatiese Mozartstyl.

In sang en spel het Eugene Chopin beïndruk as 'n ietwat histrioniese Elvira, waarmee Marita Napier se Donna Anna 'n goeie kontras gevorm het. Hoewel Donna Anna vokaal nie 'n ideale rol vir Napier is nie, het sy nuwe dimensies in die rol oopgemaak waardeur Donna Anna eerder 'n sterk antitese vir Giovanni vorm as die gewone futlose, treurende karakter. Lize Thomas (Zerlina) en Eric Visser (Masetto) is jong belowende talente wat vinnig besig is om hulle beloftes te verwerklik.

Roodepoort se *Don Giovanni* onder die geïnspireerde leiding van Weiss Doubell het weer gewys dat genoeg Suid-Afrikaanse talent beskikbaar is wat net na behore ontgin moet word om 'n uiters genotvolle opera op die planke te bring.

*die week by die*

**MARK-TEATER**

**MARK-TEATER**
**MANNIE MANIM PRODUCTIONS**
*bied aan*
Athol Fugard se
MY CHILDRNE! MY AFRICA!
"A giant of a work ... a most memorably stimulating event" - GM The Star Tonight!
Met John Kani, Cathy-Jo Ross, Raphulana Seiphemo
Ma tot Vr 8nm, Sa 6nm en 9nm

**UPSTAIRS BY DIE MARK**
The Market Theatre Company
bied aan
THE CAUCASIAN CHALK CIRCLE
Regie deur Gerrit Schoonhoven
*Met Michelle Burgers, Melinda Ferguson, Warrick Grier, Thulane Gxubane, Duncan Johnson, Michael Maxwell, Cindy Sampson, Irene Stephanou, André-Jacques van der Merwe*
Ma tot Vr 8.15nm, Sa 6.15nm en 9.15nm
EERSTE VOORSKOU 4 Julie

**DIE LAAGER**
Michael Hunt en Lorraine Jaffit Productions
bied aan
SOLI PHILANDER & ROSIE SEPTEMBER
TAKE TWO
Regie deur Andrew Buckland
"Remarkable ... super ... hilarious" - The Star Tonight!
Ma tot Vr 8.15nm, Sa 6.15nm en 9nm

**KIPPIES BY DIE MARK**
Rhythm Method met Mike Slavin
*Di tot So*
*Ingang Di tot Do - R10, Vr tot So - R12*
*Laaste twee dae*

VLOOIMARK
*Van 9vm tot 4nm*

**MARK-GALERYE**
Thomas Nkuna en die SA Vereniging van Joernaliste

TELEFOON (011) 832-1641
*Bespreek by Computicket*
*Hv Bree- en Wolbuterstrate, Newtown, Johannesburg*

# All the languages of jazz

TOWNSHIP beat band TheAfrican Jazz Pioneers make their debut in Grahamstown this year at the Grahamstown Jazz Festival.

The band is celebrating its revival ten years ago this year. Led by founder Bra Ntemi Piliso, The African Jazz Pioneers are sure to thrill jazz buffs with their repertoire of big-band, swing-era classics as well as South African township classics.

This year Grahamstown will host some of the country's top jazz artists including US maestro Hotep Idris Galeta, Darius Brubeck, Be-bop trumpeter Duke Ngcukana, and Sophiatown jazz veteran Don Tshomela.

An innovation at this year's Smirnoff Grahamstown Jazz Festival is the presentation of "theme" or "tribute" performances. Tributes will be paid to Charlie Parker, Miles Davis, Duke Ellington and others - giving audiences the chance to hear their favourite original compositions.

"Jazz has matured," says organiser Henry Shields. "The old argument, even animosity, between Dixilanders, Swing fans, mainstream lovers and Be-bop fans is a thing of the past. Jazz is now having a conversation with itself."

Internationally jazz has begun a dialogue with its past in all its glorious languages. Young musicians are earnestly re-examining the whole past history of jazz and older styles are finally being accorded the respect they deserve. Shields has designed a jazz festival that captures this exciting resurgence. - PITSO TSHUKUDU

# The war of love

**Debra Watson** is on a high. She has just returned from a whistle-stop tour of German cities and towns with *Curl Up 'n Dye*, the play that refuses to. Her self-written one-person show (it would not be sexist to call it a one-woman show), *A Marriage of True Minds*, is on the Fringe at the Grahamstown Festival. **ANDREA VINASSA** hears her views on struggle relationships and other lost causes



WORKING-CLASS white girl meets petty bourgeois darkie. A hypothetical scenario. Darkie politicizes whitey, their relationship a metaphor for the now defunct struggle for liberation.

Any woman who has played "the waiting game" will identify with Sandra's dilemma. Anyone who has schlepped down a Bez Valley street in a wedding dress, has been where Sandra has been for the last decade. Going nowhere.

After all, Johnny never promised her a rose-garden. A *Marriage of True Minds* has its universal resonances in "the woman condition" as opposed to "the human condition".

"It's about women who hang on to relationships even when they become destructive. We are all locked into war, even on the level of personal relationships. Johnny becomes an Everyman figure fighting big battles at the front, while she is fighting the battle to stay alive at home. Her daily reality is that of scrubbing floors and scraping enough money together to buy a few groceries."

Sandra is waiting for her knight in shining armour, but he is wedded to the struggle, or is he merely evading commitment? Even when he returns occasionally from some training camp in Central Africa - "Was it Lusaka, or London, or Moscow?" - he locks himself in his study to confer with his comrades, excluding her. He is locked into his own agenda.

"It is also about how we are not ready to deal with what peace might mean. It is difficult to normalise our relationships."

Lynne Maree directs Watson in this highly physical, abstract dance of a play.

# Soyikwa vier die lewe

Die dansgroep Soyikwa van Soweto tree vanjaar vir die eerste keer by die Grahamstadse Kunstefees op. **IRENE LOUW** het gesels met die leier van die groep, Soentjie Thapedi



DIE dansgroep Soyikwa van die Funda-sentrum in Soweto tree vanjaar by die Grahamstadse Kunstefees op. Die leier van die dansgroep, die choreograaf Soentjie Thapedi, se werk *Bells of Hope* sal in die Grahamstadse Stadsaal vir die eerste keer uitgevoer word.

Die groep is voorheen al genooi om aan die fees deel te neem, maar het geweier. Volgens Thapedi was dit oor die "probleme rondom die fees".

"Vanjaar het ons besluit om die uitnodiging te aanvaar en self te gaan sien wat daar aangaan," sê sy.

"Wat vir my ook belangrik is, is om die ander choreograwe se werk te sien, want myne verskil van hulle s'n."

"My leerlinge sal ook die kans kry om met ander dansers te werk en te sien wat dit is om 'n professionele danser te wees."

Die jong, petite Thapedi het in 1986 as deeltydse dansonderwyseres by die Funda-sentrum begin en sedert 1988 werk sy heeltyds daar.

*Bells of Hope*, 'n kombinasie van dans, drama en poësie wat deur Thapedi geskryf, gechoreografeer en geregisseer is, handel oor 'n groep vroue en hul dogters wat op 'n aartappelplaas werk.

Haar danse gaan oor die viering van die lewe, sê Thapedi. "Wanneer my leerlinge uit my klas uit loop, moet hulle goed voel oor die lewe."

Wes-Afrikaanse musiek en liedjies is prominent teenwoordig in Thapedi se werk. Sy gebruik byvoorbeeld 'n Moslem-lied in Malinke, 'n Wes-Afrikaanse taal, asook die musiek van Olatunje Babatunde, 'n Wes-Afrikaanse musikant.

Haar choreografie steun hoofsaaklik op die danstegnieke van Afrika, maar sy gebruik ook elemente van die kontemporêre dans en ballet. Die Afrika-invloede in haar werk het begin ontwikkel toe sy dramaklasse in Zimbabwe geneem het. Daar het sy dansers van oral in Afrika ontmoet en hul dansstyle leer ken.

Thapedi het ook in Switserland, Frankryk en Amerika gestudeer. Hier het sy die tegnieke van Catherine Dunham en Merce Cunningham bestudeer. "Ek probeer om nie te veel tegnieke te leer nie, omdat dit 'n mens kan beperk," sê Thapedi.

"My leerlinge leer 'n bietjie van alle tegnieke, Martha Graham inkluis. Ek maak hulle vertroud met die verskillende tegnieke, maar ek verkies die danstegnieke van Afrika."

# Met 'n strykstok en 'n droom

In 'n nederige lokaal - die toilette by die Diepkloof Gemeenskapsentrum in Soweto - sal jy die **African Youth Ensemble** se lede geesdriftig aan die oefen kry. Onder leiding van die musiekleermeester *Kolwane Mantu* tower hulle die soet klanke van Mozart en ander klassieke komponiste uit die viole op. **IRENE LOUW** het gesels met *Mantu* en twee van sy jong strykers, wat daarvan droom om eendag beroepsvioliste te word



Jabulani Dlamini, 15 ... "Ek wil geen ander instrument bespeel nie." (Foto: IRENE LOUW.)

VISOLIE-BLIKKE, stukke hout en vislyn was eers al wat mens nodig gehad het om 'n kitaar aanmekaar te slaan. Vir die meeste townshipkinders was dit die naaste wat hulle aan die besit van 'n kitaar kon kom. Om 'n viool of 'n tjello te bespeel - daarvan het hulle nie eens gedroom nie. Totdat die African Youth Ensemble gestig is. Totdat Kolwane Mantu se musiekstudente hom ontmoet het, was klassieke musiek vir hulle net 'n ding wat hulle Sondagmiddae op televisie beleef het en wat boonop gewoonlik net deur witmense gespeel word.

Kolwane Mantu, self 'n lid van die Transvaalse Kamerorkes, is die leermeester in klassieke musiek en dirigent van sowat dertig jeugdiges, wat gratis vioollesse by hom neem in die Diepkloof Gemeenskapsentrum.

So toegewy is Mantu dat hy sy klasse in die toilette van die Gemeenskapsentrum aanbied. In dié beknopte ruimte swaai die dertig-stuks jeugdiges hul strykstokke ywerig heen en weer oor die vioolsnare.

Mantu het die jeugorkes in 1987 in die agterplaas van sy ouerhuis in Soweto op die been gebring. Voor hy die groep begin het, het hy net enkelinge onderrig.

Mantu het musiek aan die Royal Northern College of Music in Engeland gestudeer en in 1986 teruggekeer om sy kennis met ander te kom deel deur klasse aan te bied. Vandag bestaan die orkes uit 23 lede.

Die African Youth Ensemble is stadig besig om hulle in die wêreld van die klassieke musiek te vestig - maar dit is nie al waarin die orkes spesialiseer nie.

"Ek leer hulle ook om jazz en pop te speel," sê Mantu. "Ek leer hulle met ander woorde om allerhande soorte musiek te lees en te speel, maar die grondslag is klassieke musiek. Wanneer 'n leerling begin, is dit met klassieke musiek.

"Ek sou graag wil sien dat my leerlinge beroepsmusikante word. Op die oomblik gee ek hulle alles wat ek kan - en hoop dat dit wat hulle leer hulle in die toekoms sal help. Die res is is in hulle eie hande, hulle doen dit vir hulself, nie vir my nie.

"Intussen sal ek my bes doen om hulle aan universiteite of kolleges ingeskryf te kry."

Dertien van Mantu se leerlinge is al taamlik gevorderd. Nadat hulle graad agt in hul musiekstudie bereik het, het hy hulle na 'n professor aan die Universiteit van die Witwatersrand gestuur vir verdere lesse. Die jonger leerlinge, tussen vyf en veertien jaar, word in verskillende klasse ingedeel.

Mantu se broer, Melale, het ook sewe jaar by hom gestudeer en is nou besig met 'n BA-graad in musiek aan Wits.

Weens 'n gebrek aan geld word die groei van die orkes gestrem deur 'n tekort aan instrumente. Die instrumente wat op die oomblik tot hul beskikking is, is deur die Transvaalse Kamerorkes geskenk. Die klasse word só ingedeel dat elkeen 'n kans kry om 'n instrument te bespeel.

Jabulani Dlamini, 'n vyftienjarige leerling in standerd sewe, kom elke Maandag ná skool vir klasse. Jabulani het in 1989 begin vioolspeel. Hy is baie geesdriftig oor die instrument en wil graag eendag 'n professionele vioolspeler word.

Sy opgewondenheid oor die viool is duidelik op sy gesig te sien wanneer hy daaroor praat. "Ek hou baie van die viool en ek wil vir die res van my lewe geen ander instrument speel nie," sê hy.

"My eerste begeerte was om die klavier te speel - totdat ek 'n vriend die viool hoor speel het. Ek is aangelok deur die pragtige klank wat die instrument maak. Ek het nooit gedroom dat ek die viool sal kan bespeel nie. Noudat ek kan, wil ek nie ophou nie".

Terwyl hy staan en op sy viool oefen, kom 'n paar van sy vriende in en kyk hoe hy die instrument bespeel. Hulle skater van die lag, want vir hulle is dit blykbaar net te snaaks. Half vererg vra Jabulani hulle om asseblief die saal te verlaat want hy moet oefen voor sy klas begin.

Westerse kunsvorms soos klassieke musiek en ballet word nie maklik aanvaar deur jong swart seuns nie. Seuns soos Jabulani word geterg oor hul bedrywighede. Veral as jy ballet dans - want mans hol mos nie rond in snaakse skoentjies en broekiekouse nie, want dan is jy 'n moffie.

Hoe voel sy vriende en ouers daaroor dat hy die viool bespeel?

"My vriende het geen belangstelling in die viool of klassieke musiek nie," sê Jabulani. "Maar ek hou van klassieke musiek en albei my ouers is gelukkig oor my vioolspelery. Ek het nog baie om te leer en ek raak bang as ek dink dat ek voor mense moet optree. Maar ek sal daaraan gewoond raak."

Tshepo Sauhatse, 'n leerling in standerd nege, het hom verlede jaar by die jeugorkes aangesluit en kan al 'n hele paar deuntjies speel, al is hulle nog nou en dan effens van die noot af.

Hy redeneer só: "Ek is nog nie baie goed nie, maar ek glo as 'n mens 'n ingebore liefde het vir musiek of vir 'n spesifieke instrument, word dit later al hoe makliker en kom alles natuurlik.

"Ek voel trots daarop dat ek die viool kan speel en ook dat ek eendag moontlik professioneel kan speel. Niemand het my gevra om viool te kom speel nie, ek het uit my eie gekom."

Die uiteindelike oogmerke van die orkes is om die eerste swart orkes van sy soort te word en om 'n vollengte-ballet te begelei.

Die orkes het al met voorste groepe soos Sakhile opgetree en in buurstate soos Swaziland, Botswana en Lesotho. Aanstaande jaar gaan hulle moontlik by die Internasionale Musiekfees in Aberdeen, Skotland, optree.

## DIE MEDIA

# Audi alterem partem is nié 'n soort motor nie, regter Margo



MAX DU PREEZ

Audi alterem partem, of dan die ander kant moet gehoor word, is die eerste basiese beginsel in selfs die kruuste regstelsel.

Daar gaan regter Cecil Margo, hy van die Boeing-rampondersoek, toe laas Vrydag en reik 'n strengbewoorde interdik uit wat die Sunday Times verbied om 'n berig te plaas ná 'n maandelange ondersoek na die twyfelagtige sake van die Italiaanse sakeman Vito Palazzolo - sonder dat die Sunday Times of sy regsverteenwoordigers in die hof teenwoordig is.

Vyf minute voor drie Vrydagmiddag is die Sunday Times se redakteur, Ken Owen, van die aansoek verwittig met die onderneming dat dit nie aangehoor sal word voordat die koerant se regsmense daar is nie. Toe die regsspan ná haastige oorlegpleging om kwart oor vier by die hof opdaag, was die koeël reeds deur die kerk en die regter op pad huis toe.

Wat die haas was, weet nugter. Selfs regter Margo moes darem geweet het dat 'n Sondagkoerant nie op 'n Vrydagmiddag gedruk word nie, maar op 'n Saterdagaand.

Groot dele van die ondersoek, gelei deur seker die doyen van ondersoekende joernaliste in Suid-Afrika, Martin Welz, het gedraai om getuienis wat voor die Harmskommissie van ondersoek na ongerymdhede in die Oos-Kaap en tydens die verhoor van die gewese LP vir Oos-Londen, Peet de Pontes, gelewer is.

Volgens die interdik mag die Sunday Times nie eens uit dié getuienis of uit Palazzolo se aansoek om die interdik aanhaal nie. Die keerdatum is eers op 6 Augustus, so tot dan is die Sunday Times se mond gesnoer.

Regter Margo se optrede is, om dit sagkens te stel, ongehoord en 'n slag vir die geloofwaardigheid van die regbank.

Ek en Vrye Weekblad was al verskeie kere betrokke by dringende aansoeke voor die Hooggeregshof. Dié kere wat ons dit aangevra het, het ons nie net uit ons pad gegaan om die ander kant lank voor die tyd van ons voornemens te verwittig nie, ons het boonop nog die aansoek vertraag sodat hulle behoorlike argumente kon voorberei. Die kere wat ons aan die ontvangkant was, is ons ook dié tyd gegun. Volgens my regsvriende, of sal ek liewer sê regskennisse, is dit presies hoe dit gewoonlik gedoen word.

Nou hoekom sou regter Margo hiervan afwyk, wonder mens.

Dit gaan nie hier oor 'n minder belangrike sake-transaksie tussen twee strydende maatskappye nie. Hier gaan dit oor die publiek se reg om te weet wat ingekort word. (En die Sunday Times het sowat drie miljoen lesers.) Dit gaan boonop oor beweerde korrupsie op 'n hoë vlak.

Dit was 'n vergryp. Dit was 'n minagting van die beginsel van audi alteram partem en van vryheid van die pers. En dis die laaste soort optrede wat ons in dié stadium nodig het.

Ek het vir Martin Welz self gaan vra hoe hy, self 'n man met 'n regsgraad, oor die episode voel. Hier is sy reaksie:

"Ek is nie die geleentheid gegun om my saak te stel nie. Die regter het geweet ek wil my saak stel, maar sy behoefte om op 'n Vrydagmiddag tien oor vier huis toe te gaan, het blykbaar voorrang geniet bo my reg om my beroep te beoefen, my reg om my kant van 'n saak te stel en my reg op vryheid van spraak.

"Dit laat my dink dat die regter sy gebruikstitel van 'U Edele' heeltemal te letterlik vertolk in 'n republiek waar ons almal veronderstel is om gelyk te wees voor die reg.

"Sulke regterlike arrogansie dwing nie respek af nie.

"Ek moet sê ek is ook nie juis gretig dat my saak aangehoor en beoordeel moes word deur die Voorsitter van die Bank van Lissabon nie (dis regter Margo se ander amp). Om totaal irrasionele redes en persoonlike vooroordeel het ek nie vertroue in Joe Berardo (dis nou Pik Botha se vrind van broodboomfaam) se bank nie, en weier ek om daar te bank of litigeer."

Ja, regter. Jy het niemand 'n guns gedoen nie behalwe die Siciliaan oor wie se sake die meeste Suid-Afrikaners al lankal wonder.

(Kan julle onthou dat PW Botha destyds R200 000 van Vrye Weekblad geëis het omdat hy gesê het ons berig dat hy saam met dieselfde Palazzolo geëet het, was lasterlik?)

Met die destydse Ken-en-Joe-show op Agenda het iemand in die gehoor opgestaan en homself geïdentifiseer as "Sefako Nyaka of the Sunday Star and member of the ANC". Uh-oh, het ek gedink, dis 'n fout. Môre is jy op die rooi tapyt, kameraadjie.

Verlede week skryf Nyaka se baas, of sal ek sê sy adjunk-hoofbaas, want dit is Rex Gibson, wat die titel het van Deputy Editor-in-chief van The Star, toe in sy koerant daaroor. Dit het sy geloofwaardigheid aangetas, sê Gibson tereg, en voeg dan by dat Nyaka nou teen sy sin verplaas is.

Dit bring Gibson by die gewese nuusredakteur van Natal Post wat onlangs vrywaring gekry het nadat hy as soldaat van Umkontho we Sizwe gevonnis was. "Newspapers can't afford active protagonists, no matter how worthy the cause," skryf Gibson. Ek stem saam.

"So - tough titty. If it were up to me, I would not permit this former news editor back in journalism," sluit hy af.

Natuurlik stem ek saam met die basiese sentiment; en enige joernalis by Vrye Weekblad wat sy/haar eie politieke affiliasie aan die groot klok gaan hang, sal ook teenspoed kry. Maar ons het nog nooit 'n heksejag uitgevoer om vas te stel wat ons joernaliste gedoen het voor hulle hier aangekom het nie. Solank hulle net professioneel optree terwyl hulle hier is.

Ek dink net Gibson speel 'n bietjie holier than thou. Want onder hom en saam met hom het al 'n hele paar manne gewerk wat ons almal (dus sekerlik hy ook) geweet het polisie-spioene was. Hulle is geduld omdat hulle handige misdaadverslaggewers was. (Die meeste van dié kêrels is deesdae openlike polisiemanne in uniform.)

Daar was ook al 'n paar knape wat saam en onder Gibson gewerk het wat hy en ek weet intieme persoonlike vriende en aanhangers van sekere kabinetslede was. Hulle is geduld omdat hulle goeie stories by die regering gekry het. (Een van dié kêrels is deesdae verbonde aan die Departement van Buitelandse Sake, maar as sy kontrak klaar is, gaan hy terug na Gibson se groep koerante toe.)

Natuurlik was daar ook joernaliste, selfs 'n redakteur of wat, in die Argus-groep wat aktief by die Verenigde Party en die Progressiewe Party en sy latere afstammelinge betrokke was. Amper so flagrant soos by die Nasionale Pers, wat ook al by geleentheid senior joernaliste vir 'n tyd lank aan die Nasionale Party gesekondeer het. Hoekom hom nou so hoogheilig hou? Omdat die mense van die ANC is, hoekom anders?

'n Laaste punt wat betref die Natal Post-man. Hy mag nie 'n joernalis wees nie, want hy was 'n MK-soldaat. Wat van al die wit joernaliste wat as soldate in die buurstate en die townships moes veg?

Meer nog: nou dat die oorlog verby is, gaan ons alle ANC- en PAC-bannelinge straf en van sekere posisies weerhou? Moes die Zimbabwese of Namibiese regerings dieselfde reël toegepas het op hulle gedemobiliseerde soldate?

Lyk my ons sal nog 'n ver pad moet loop voor ons by regtige versoening kom.

## SKOOLPRAATJIES

# So kan dit nie aangaan nie

*In die eerste aflewering van dié nuwe rubriek oor onderwyskwessies vra* **JUFFROU ANNA** *waarom so baie middelklas-matriekleerlinge in die land niks van die wêreld om hulle weet nie*



HOEKOM gee De Klerk ons land weg aan die swartes?

Hoekom moet 'n dom man soos Mandela enige seggenskap in die politiek van die land hê?

Hoekom help De Klerk nie liewer die arm boere nie?

Hoekom is daar nie nog meer tronke vir al die swartes in die land nie?

Hoe kan ons ons Christenskap uitleef onder 'n swart regering?

Hoekom kan die land nie bly soos dit tien jaar gelede was nie? Toe was almal tog gelukkig.

Wat wil die swartes nou eintlik hê en hoekom haat hulle ons so?

Hoekom wil die Kleurlinge net soos ons wees?

Hoe kan Mandela wat so lank in die tronk gesit het dink hy kan 'n leier wees?

Hoekom moet die wittes as huishulpe gaan werk terwyl die swartes kan gaan leer vir dokters en prokureurs?

Dié vrae is so waar as die Here nie versin nie. Ons het onlangs 'n meningspeiling by die skool gedoen om inligting te kry vir 'n besprekingsprogram waaraan een van ons leerlinge gaan deelneem. Al die leerlinge het 'n vraelys ingevul (anoniem) en die belangrikste vraag daarop was: Watter vrae sou jy aan die leiers van die land wou stel?

Die leerlinge wat bogemelde vrae gestel het, is almal in matriek - jong mense wat oor minder as ses maande klaar is met hul skoolloopbaan. Hulle kom almal uit 'n goeie middelklas-samelewing van 'n taamlik welgestelde plattelandse dorp. Hulle is nou byna klaar met 12 jaar in 'n skool wat op akademiese en sportgebied goed presteer.

En hulle weet regtig niks van die wêreld om hulle nie. Hulle is vreemdelinge in hul eie land.

'n Mens raak so beklem. Hoe het dit gekom? Wie se skuld is dit - as 'n mens dan van skuld kan praat. Wat moet/kan/wil ek as onderwyser hieraan doen?

Onderwysers is maar soos donkies wat 'n bakkiespomp om en om laat draai. Maar soms wonder ons tog oor die sin van dit wat ons aan die kinders wil oordra.

Dit kan tog nie net kennis wees nie. As hulle die feite klaar geleer het, eksamen geskryf het en alweer vergeet het, wat bly dan oor? Kan 'n onderwyser 'n gesindheid, 'n lewenshouding oordra, vernuwing in denke teweegbring?

In my skool bepaald en in ander skole waarvan ek weet, word onderwysers baie pertinent aangesê om geen "politiek" in die klas te praat nie. Maar is ons stilswye nie ook 'n baie luide politieke statement nie? Ons sit ook maar met ons vooroordele en tekortkominge. Maar hoeveel onderwysers het nog die brandende idealisme om die kinders aan te vuur om van hierdie wêreld 'n beter plek te maak?

Dit is soveel makliker om vir jou 'n klein blokkie af te pen en dan daarin te woel en te werk. Jy leer met al jou mag en krag vir die kinders al die feite wat in 'n dunnerige handboek staan - vaste, onaanvegbare feite wat NIE bevraagteken kan word nie. Jy versterk die dissipline (en jou eie mag) deur kinders pak te gee oor kwessies soos praat in die rye, lang hare en as hulle 'n rugbywedstryd verloor. Dis alles so "veilig".

Ons het steeds nie een periode per week of per siklus waarin ons die kinders "weerbaar" moet maak nie. En hoe weerbaar is onse kinders? Dis nog steeds 'n gesoek na en beveg van die "Vyand".

Waar is die goeie ou dae toe ons nog almal verseker geweet het van die Rooi Gevaar? 'n Vrou van 'n buurdorp wat namens die weermag praat, het die kinders met groot oortuiging kom vertel dat die betogings en woelinge in Oos-Europa en Rusland alles net oëverblindery is.

Uit die vrae van die leerlinge blyk dit so duidelik dat die Swart Gevaar nog steeds met ons is. Ons kon destyds so gerieflik alle euwels soos ruk-en-rol musiek, dwelms en bose simbole soos gehapte appels aan die ondermynende invloede van die Rooi Gevaar koppel. Deesdae neuk dit maar 'n bietjie.


Maar nou het ons weer 'n ander verborge vyand gevind om alle booshede aan te bind - Satan homself. Iemand moet nog net die "missing link" tussen die satanisme en die Swart Gevaar vind, dan val alles weer mooi in patroon.

Jammer, ek is bietjie moedswillig. Maar die Here weet, so kan dit nie aangaan nie.

*(Juffrou Anna is die skuilnaam vir 'n onderwyser by 'n plattelandse skool in die Kaap)*

**L O S P R A A T J I E S**

# Die grootpratery van die jagters



FANIE OLIVIER

DIÉ tyd van die jaar is dit jagseisoen in die Bosveld. Vrydagmiddag vroeg sien jy hulle al met hul verweerde bakkies of splinternuwe 4x4's anderkant Pretoria trek. Mens ken hulle uit aan die geselskap: twee, drie of vier manne in die voertuig: 'n biertjie in die hand en 'n Venter aan die haak. Soms skiet hulle uit pure baldadigheid soos skoolseuns teiken na padtekens. En partykeer 'n rapsie wyer, net vir so 'n bietjie sports.

Dis 'n bielie van 'n naweek wat voorlê: dop, lekker maats, 'n draagbare TV vir die rugby en die droom van die grote wat elkeen van hulle gaan omklits op 200 tree.

Maar dié naweek is dit anders, want die grootste, norsste ou bul van almal lê met sy vier pilaardik pote omgedop op sy rug. Apartheid is amptelik dood en elke volwaardige Jan Rap en sy maat eis nou sy aandeel daaraan op.

In dieselfde twee weke waarin die oorblywende meesterplanwette herroep word, blyk dit dat daar van die witmense landwyd is wat nie begryp dat die gesprek oor die "toelating" van mense nie meer ter sake is nie.

In Port Elizabeth gaan die kiesers van twee voorstede na 'n referendumstembus om te besluit of die woonbuurte oopgestel moet word of nie. Maar watter regsgeldigheid het hul beslissing uiteindelik?

Besluit hulle "Ja", is almal gelukkig (of feitlik almal). Kyk net hoe oulik is ons, so in die gees van versoening en verbroedering. Maar bewaar ons tog van losloophoenders en 'n lappie mielies of marog in die voortuin waar die viooltjies altyd gegroei het.

Besluit hulle van "Nee", wat staan die sentrale owerheid dan te doen? Gaan die plaaslike parlementslede op toer om die mense te vertel dat die ou Suid-Afrika verby is? Word die Nuwe Suid-Afrika met dekreet en proklamasie en halfhartige polisiemanne en rassistiese polisiehonde dan afgedwing?

Hoe voel 'n man wat die eerste intrek neem in Wit Suid-Afrika se middelklasbuurte? Onder die armstes het die verplasing, verdringing of inburgering al plaasgevind; onder die rykstes van Houghton en Sandton, Kloof en Constantia leef almal in ieder geval apart agter hul mure.

Maar wat van die gewone man wat sy droom verwesenlik om te kan koop of huur in die dorp? Wat soos die oueres se held dr Marius Hugo uit die agterbuurte moes veg en deur wilskrag, inspanning en eindelose geloof kon vorder tot 'n normale middelklas, skuldbelaaide bestaan?

Soos ene mnr Baloyi wat durf om 'n huis te huur in 'n Noord-Transvaalse dorp wat bekend is daarvoor dat kragdadigheid die voorlaaste woord spreek. 'n Plaaslike koerant het by bevestiging van dié huurkontrak (wat gesluit is met 'n ou inwoner van Nederlandse geboorte) dadelik in sy redaksionele kommentaar gepraat oor die verskriklike aantasting van "witmensregte".

Berigte en briewe het gevolg: "Woede oor swarte" het een voorbladkop gelui: Die bure het verklaar dat hulle eerste gedagte was om weg te trek: "Dit was onverwags en werklik 'n skok," het mev Van Pletzen aan 'n verslaggewer gesê.

In een van die berigte verklaar die koerant: "Woede en ongeloof is aan die oplaai oor die houding van 'n huiseienaar wat sy eiendom in 'n pragtige wit woonbuurt aan 'n swart gesin verhuur.

"Die hele dorp wag in spanning om te sien of ene mnr Baloyi regtig in die netjiese, relatief duur woonhuis gaan intrek."

Die woede is nie net gerig teen die "indringer" nie, maar ook teen die "verraaier" wat verklaar het dat "pogings tot rasseskeiding 'n speletjie van idiote [is]."

"Hierdie gewraakte opmerking," gaan die koerantjie voort, "maak bitter seer. Dit kan hom ook nog duur te staan kom as openlike dreigemente uitgevoer word.

"Talle ontstoke inwoners kan net nie glo dat 'n man wat die land ken, so blatant ongevoelig en beledigend oor 'n eg Suid-Afrikaanse saak kan wees nie.

"Die oorgrote meerderheid mense is *sielsoortuig* [my kursivering] dat rasseskeiding juis waarborg vir ontwikkeling en Christelikheid is."

Dis dié "sielsoortuiging" wat die patrone gaan word wanneer 'n nuwe jagseisoen open. En dis die grootpratery van die jagters wat 'n mens so 'n bietjie bang stem.

---

## Lanse & Drake

'n gebreek en 'n gesteek

# JY IS WAT JY EET

In dié nuwe rubriek steek die SANDHAM-broers — TIM die skrywer en MATT die tekenaar die draak met almal en alles wat daarom vra.




EK wil nie inbeweeg op die terrein van my kollegas Andrea Vinassa en Nettie Pikeur nie - waar kry hulle die skuilname? - maar ek gaan in elk geval. 'n Saak wat my lankal die hel in maak, is die manier waarop kos mishandel word op TV. Dis 'n bleddie skande. Die Amerikaners is die groot sondebokke wanneer dit kom by kosgrappies en disrespek teenoor kos of drank.

Mense wat met deemis en soetsappige sentimentaliteit kreun wanneer 'n hond - 'n dier wat feitlik geteel is om die frustrasie van mense op hom te neem - 'n bietjie mishandel word, knip nie eens 'n oog wanneer daar op groot skaal met kos gespot word nie.

Die heel eenvoudigste - en waarskynlik die oorsprong van Amerikaanse kosgrappies - is die roompastei-in-die-gesig-genre wat die Three Stooges tot 'n fyn kuns vervolmaak het. Dié euwel is gelukkig deesdae maar selde op ons skerms te sien.

Kosgrappies is tans - vergeleke met daardie outydse Jerry Lewis "bun fight" era - betreklik subtiel. Wel, so subtiel as wat 'n Amerikaner kan poog om te wees. Koffie is gewoonlik die voedsel wat die meeste deurloop. Amerikaners kan skynbaar nie tee maak nie en hul pogings om die brousel aanmekaar te slaan wanneer Britse gaste hulle opwagting maak, is nog 'n geleentheid om met kos te spot. Dié voorbeeld van 'n koffiegrappie is net so uit 'n draaiboek aangehaal: (Name is verander, om my teen laster te beskerm)

Speurder no 1: (Skink koffie uit 'n alomteenwoordige Pyrex-beker en vat 'n slukkie. Spoeg dit uit. Ja! Sommer daar in die aanklagkantoor.) Jinne! (Hulle mors met kos maar 'n vloekwoordjie glip nooit oor hulle lippies nie. Daar's mos beïnvloedbare kinders wat kyk.) Konstabel Dofkop, het jy die koffie gemaak?

Konst Dofkop: (Apologeties deur sy dikraambril) Ek's jammer, Speurder no 1.

Speurder no 2: (Snuif aan die koffie. Trek suur gesig) Ook maar goed jy't my gesê. Ek was op die punt om dit by die forensiese laboratorium in te handig. Is jy seker dis nie getuienis in die vampiersaak wat ons ondersoek nie?

Speurder no 1: Dis verdoemend genoeg om Konst Dofkop skuldig te bevind aan poging tot moord.

'n Kosgrappie verloop gewoonlik min of meer in dié trant:

Cosby se vrou: Tante Molly kom vanaand kuier.

Cosby: Sit jou "meatloaf" voor, die reuk behoort haar by die voordeur te laat vassteek. (Die Cosby-kinders skater van die lag)

Cosby se vrou: Sies! Skaam vir jou. My "meatloaf" is 'n ou familieresep en boonop is dit baie gesond. (Die Cosby-kinders trek gesigte en druk hul vingers in hul kele om te wys hoe naar die idee hulle maak. Cosby, wat chaff-chaff 'n doktorsgraad in die opvoedkunde hou, gryp natuurlik nie die naaste besem en tugtig die kinders nie. Nee, hy lag saam.)

Ludwig Feuerbach het gesê: Der Mensch ist, was er isst. (Die mens is wat hy eet.) In daardie geval is die Amerikaners boggerol - want hulle eet nooit nie. Hulle drink ook nie. Kom ons vat *Dallas* as voorbeeld. In die oggend sit Theresa, hul getroue Mexikaanse mei... um... huishulp, vir hulle 'n fantastiese ontbyt voor. Een vir kom die protagoniste af na die tafel. Hulle gesels vriendelik of sarkasties met mekaar afhangende van wie by wie geslaap het die afgelope aand. Let egter op wat hulle met die kos maak; hulle stoot dit op die bord rond, laai dit op hul vurke en bring dit selfs op na hul monde, maar laat dit plotseling weer sak sodat hulle 'n snedige antwoord kan kwytraak.

Lank voor enigiemand iets geëet kry, maak iemand 'n onsmaaklike onthulling wat veroorsaak dat almal wat nie reeds laat is nie hul eetlus verloor en waai.

Soms laat die draaiboekskrywers toe dat 'n vurkvol wel in 'n mond gesit word. Ongelukkig is dit veel erger. Die arme bietjie kos word minute lank met ongekende geesdrif gekou dat jy net kieste sien bol en kake sien werk.

My pa reken die akteurs word by die dramaskole geleer om te hap en te sluk sonder dat iets in hul monde kom en om te kou asof hulle 'n hele brood moet afkry die slag wanneer dit wel toelaatbaar is. Ek onthou spesifiek hoe Glen Ford in 'n cowboyfliek eenkeer vyf minute aan een grondboontjie gekou het. Dit was 'n Oscar werd.

Om terug te keer na *Dallas*. As JR saans tuiskom (die Amerikaners werk almal tot 8-uur saans) is hy te moeg of die hel in om die kos wat sy mamma (eintlik Theresa) vir hom berei het. Hy wil veel eerder met 'n stywe dop whisky (geen Coke) sy stres wegspoel. Dit gebeur maar selde dat hy verby die eerste sluk kom. Daar's altyd 'n broer, half-broer, ex-vrou of slet wat hom kom lastig val met iets. Die drankie word daar gelaat en hy storm uit of dit word op dramatiese wyse deur die ex-vrou of slet (soms albei, soms dieselfde persoon) in sy gesig gegooi. Ek het bereken dat in 11 jaar van *Dallas* JR al meer as 300 kaste whisky nie gedrink het nie. Nou tel ek nie al die ander verspilde geleenthede nie.

Het jy al ooit gesien dat een van dié televisiekarakters toilet toe gaan? Nee, ek ook nie, maar wie gaan nou toilet toe as hy nooit eet nie.

Tydens die Jimmy Carter administrasie is 'n wet deurgevoer wat bepaal het dat 'n sekere persentasie swart akteurs in elke fliek moes verskyn - dit was iets soos 2,3744 swartes per fliek. My gevolgtrekking is dat daar so 'n wet is wat dien as voorskrif ter regulering van die mors van kos in flieke. Iets soos; een half geëte toebroodjie per 200 karakters, 300ml drank uitgegooi per 230 vk m gesig per fliek, soveel onvoltooide middagetes, soveel smalende aanmerkings per koppie koffie, ens. Ek wil graag my hande op die dokument kry.

Die toppunt van kosgrappies is natuurlik bereik in 'n riller wat nou draai. In *The Silence of the Lambs* is een van die hoofkarakters 'n kannibaal en sy laaste argelose aanmerking oor 'n ou vriend wat vir aandete kom, het werklik nuwe dieptes gepeil. Wat vir my so snaaks is, is dat dieselfde mense wat dit amusant gevind het, gril as ek vir hulle konynpastei voorsit. Deesdae sê ek maar vir hulle dis hoender.

# VRYE KEUSE



## LIBERTAS-KOOR

Transnet se Libertas-koor, onder leiding van Johan de Villiers van Stellenbosch, lewer Woensdagaand 'n uitvoering van Mozart se Requiem in die katedraal van Christus Koning in Saratoga-laan, Johannesburg. Dié koor tree Donderdagaand in Pretoria op. De Villiers is 'n hoogleraar in wiskunde by Maties en sy koorlede kom uit uiteenlopende gemeenskappe en taalgroepe.

# film

***** VOORTREFLIK
**** STERK AANBEVEEL
*** SIEN GERUS
** SO-SO
* VERMY AS JY NUGTER IS

**TEENAGE MUTANT NINJA TURTLES**
Oor dié prent swyg ek maar.
**ANDREA VINASSA**

***** QUIGLEY DOWN UNDER**
Tom Selleck skud al sy personas af en word 'n cowboy in Australië - how low can you sink, Magnum? Nietemin, hy kry vir hom die mooiste en moeilikste nooi in die ganse Down Under en gaan sy seksistiese gang. Soos julle sien, 'n ouderwetse prent vol ouderwetse (slapstick) waardes.
**AV**

****** A WORLD APART**
Shawn Slovo se semi-outobiografiese verhaal van haar stormagtige verhouding met haar ma, die aktivis Ruth First. Dis 'n gevoelvolle uitbeelding van die tydperk toe aanhouding vir 90 dae sonder verhoor gewettig is. Dat Slovo op die klein, persoonlike besonderhede fokusseer en nie ideologie bedryf nie, gee die deurslag.
**AV**

*** WINTER PEOPLE**
Gaan kyk *Miami Blues*, *The Hot Spot* of enigiets behalwe dié soetsappige snert.
**AV**

**** EDWARD SCISSORHANDS**
'n Wetenskaplike se eksperiment loop lelik verkeerd en lei tot die skepping van 'n vreesaanjaende kreatuur met skêragtige hande. Agter dié verskriklike uiterlike skuil egter 'n hart van goud. Johnny Depp is Edward, 'n hedendaagse ondier, en Winona Ryder is skoonlief wat verlief raak op sy innerlike skoonheid. 'n Pragtige uitgangspunt, maar helaas 'n teleurstellende rolprent. Die regisseur van onder meer *Batman* het sy aanslag skynbaar verloor.
**AV**

******* GOING PLACES**
Steeds die genotvolste prent wat nou draai: Bertrand Blier se anargistiese komedie oor hoe twee kleindiewe sukkel met hul testosteroonvlakke is nou nog in Engeland verbied. Dis genoeg rede om *Les Valseuses* sommer twee keer te sien. *Les Valseuses* (Going Places) is die prent wat die 25-jarige Gérard Depardieu as 'n ster gevestig het. 'n Mens verstaan waarom dié gevoelvolle lomperd daarna byna elke belangrike rol in die Franse rolprentwese opgeraap het. Blier se draaiboek is kru en vulgêr en sal die feministe dwars in die krop steek... nog redes om die prent te sien. Dis nogal nostalgies om terug te kyk op 'n tydperk voor kondome.
**AV**

****** METROPOLITAN**
Soos *Mr and Mrs Bridge* wys *Metropolitan* vir ons lower forms of life hoe die hoër klasse ly. Dis 'n eietydse satire à la Scott Fitzgerald en Evelyn Waugh oor die duistere doen en late van 'n groep Manhattan-debutantes ofte wel New York se haute bourgeoisie. Die nuweling Whit Stillman is die skrywer en regisseur van dié skerp, oorspronklike, ironiese kritiek op die aristokrasie.
**AV**

***** THE SHELTERING SKY**
Buitelandse kritici het Bernardo Bertolucci se jongste prent verslind, maar dit is geen rede om dit mis te loop nie. *The Sheltering Sky* is gegrond op Paul Bowles-roman van dieselfde titel. Dit speel in 1947 en handel oor die vreesaanjaende emosionele reis van Port en Kit Moresby. Port soek begeestering in die Sahara, terwyl Kit terugverlang na haar vervloeë huwelik. Al is Bowles se skrywer mesmeriserend en ontstellend, is Bertolucci se prent lank en soms vervelig.
**AV**

****** WAITING FOR THE LIGHT**
Op haar oudag verskaf Shirley Maclaine meer plesier as ooit. Met haar bloedrooi hare speel sy 'n soort Liewe Heksie wat 'n dorp op die Amerikaanse platteland op horings hou. Aunt Zee bring 'n visie van 'n engel so te sê "op die planke" en veroorsaak die bekering van 'n onaangename buurman. Waiting for the Light is 'n ligte komedie oor die aard van en die behoefte aan geloof. Stadig, maar boeiend.
**AV**

***** HUDSON HAWK**
Bruce Willis is die wêreld se beste klouterdief en die mega-trendy egpaar Darwin en Minerva Mayflower wil hom huur om drie kunswerke deur Leonardo da Vinci te steel. Nou ja, Peter Sellers met styl.
**AV**

**** MIAMI BLUES**
Dis nie Miami Vice of Hill Street Blues nie. Your guess is as good as mine.
**AV**

***** WELCOME HOME ROXY CARMICHAEL**
Die bittersoet verhaal van 'n weeskind wat haar nie juis tuis voel in kleindorpse Amerika nie. Soos dikwels die geval is, gee Winona Ryder se spel die deurslag. Soos byvoorbeeld Mermaids, is dié 'n middelmatige prent wat opgehef word deur Ryder se kragtige teenwoordigheid. *Welcome Home Roxy Carmichael* is eintlik 'n verrassing: dis 'n ligte satire op non-konformisme en werk ook op 'n allegoriese vlak. Winona speel 'n tiener wie se behoefte aan "die volmaakte ma" haar dryf om 'n pienk rok te koop.
**AV**

***** FILOFAX**
In *Bonfire of the Vanities* het ons met groot genot die ondergang en oorlewing van die tipiese anale yuppie ofte wel Master of the Universe aanskou. *Filofax* is 'n komedie - dis nie so skerpsinnig of sinies soos Tom Wolf s'n nie - oor min of meer dieselfde onderwerp. Jim Belushi, wat deesdae nogal snaaks is, speel 'n tronkvoël wat 'n yuppie se filofax (glorified dagboek) in die hande kry en sy lewe oorneem.
**AV**

****** MR AND MRS BRIDGE**
Seksuele verdrukking, magslus, patriargie ... al die euwels van die kapitalistiese stelsel waaroor Wilhelm Reich geskryf het, en waarvoor hy veroordeel is, kry uiting in dié subtiele ontleding van die gebrekkige verhouding tussen 'n hoër-middelklas prokureur en sy angstige vrou.
**AV**

****** REPENTANCE**
Dié prent is een van die eerste glasnost-prente (en waarskynlik die beste) wat in die Weste vertoon is. Dit is 'n briljante satire op Stalin en ander diktators. Ryk aan simboliek en allegoriese besonderhede. Die wenner van die Cannes Jurie-prys van 1987.
**AV**

***** ROBIN HOOD**
In die pogings om die Robin Hood-legende in die geskiedkundige en alledaagse werklikheid te grond, word dié prent van pret beroof. Omdat dit geen skerpsinnige politieke ontleding bied nie, is dit teleurstellend. Nietemin is daar heelwat aksie, outentieke kastele, Engelse modder en goeie spel. Ongelukkig is die karakters almal karikature en Patrick Bergin se Robin Hood 'n vervelige romantiese held sonder binnegoed of persoonlikheid.
**AV**

***** STATE OF GRACE**
Nog 'n rampokkerprent. Dié keer is dit die Ierse Mob in Hell's Kitchen. Dit is Phil Joanou se eerste prent, daarom vergewe 'n mens maar sy verknogtheid aan religieuse simboliek (die Iere is skynbaar nog erger as die Italiane wanneer hulle in 'n kerk kom). Joanou vertolk die verbrokkeling van die Ierse onderwêreld en hul onderdanigheid aan die Italiaanse Mob as 'n Griekse tragedie. Briljante vertolkings deur Sean Penn, Ed Harris en Gary Oldman.
**AV**

****** HIDDEN AGENDA**
Die Iere kan net nie wen nie ... Dié fiktiewe prent is gegrond op ware feite en handel oor skokkende korrupsie in die Britse regering. Politieke sabotasie teen die Ierse regering, moord, hoogverraad en die aksies van die Britse SAS teen die Ierse Republikeinse Leër is die bestanddele van dié aangrypende riller wat deur Ken Loach ('n pionier van Britse realisme in die sestigerjare) geregisseer is. *Hidden Agenda* het verlede jaar se Cannes Jurie-prys gewen.
**AV**

***** COUPE DE VILLE**
Nog 'n Cadillac-storie. Dié motor hou vir die Amerikaanse samelewing groot romantiese en simboliese waarde in, daarom kan 'n mens nooit reken op objektiwiteit nie. Drie vervreemde broers leer hoe om mekaar te vergewe wanneer hulle gedwing word om 'n reis van Michigan na Florida te onderneem in 'n 1954 Cadillac. Dit is die soort prent wat Barry Levinson (*Avalon*, *Rain Man*) met diepte en ironie kon skryf. Al is die spel van Patrick Dempsey, Arye Gross en Daniel Stern uit die boonste rakke, kom Coupe net nie die mas op nie.
**AV**

****** JACOB'S LADDER**
Ons ly almal aan 'n graad van vervolgingswaan, veral in dié land. Die jongste prent van Adrian Lyne, die regisseur van *Fatal Attraction*, is 'n uitdagende drama oor Jacob Singer se waansin. Dié jong New Yorker begin drogbeelde sien. Sy lewe word 'n nagmerrie. Hy weier om te aanvaar dat hy mal is en soek 'n verduideliking. Spannend, verrassend en prikkelend.
**AV**

***** THE DOORS**
As jy die jare sestig onthou, was jy nie daar nie. Oliver Stone verfris jou geheue met 'n stormagtige, luide, ellelange prent waarin hy die popikoon Jim Morrison romantiseer. Dis jammer dat Stone besluit het om bloot die mite te versterk. Hier is geen nuwe ontleding van die Hippie-era nie, ook geen herondersoek van Morrison se pigse nie ... net 'n bedwelmde nabootsing van die tydperk.
**AV**

***** CLASS ACTION**
'n Kragtige prent oor die verhouding tussen 'n pa en 'n dogter. Gene Hackman speel 'n briljante, legendariese burgerregte-prokureur en Mary Elizabeth Mastrantonio sy ewe briljante dogter ... ook 'n prokureur. Die yuppie-waardestelsel van die jare tagtig en negentig in Amerika word gekontrasteer met die lewenstyl van die jare sestig. Dié keer is die pa die Hippie en waardes soos eerlikheid en regmatigheid seëvier. Uitmuntende spel.
**AV**

****** MERMAIDS**
Nóg vis nóg vlees ... dié een is 'n meermin. Eers lag jy oor die lief en die leed van dié onkonvensionele gesin (drie vroue sonder man), maar mettertyd tref die tragedie van die alledaagse jou. Elke vrou sal haar vereenselwig met Charlotte (Winona Ryder) se emosionele traumas: sy is 15 jaar oud, jags en wil 'n non wees al is sy Joods!
**AV**

****** THE FIELD**
Die stuk veld langs die huis van Bull McCabe (Richard Harris - uiteindelik weer op die doek!) in Ierland is vir hom heilig. Wanneer hy dit vir sy seun probeer koop en deur 'n Amerikaner gefnuik word, ontketen hy 'n reeks tragiese gebeurtenisse. Die Amerikaner wil 'n pad deur die veld bou ... maar Bull meen dis sondig. 'n Kleindorpse verhaal oor die Ierse platteland. Vol Ierse hartstog en hardkoppigheid, maar 'n bietjie over the top.
**AV**

***** Q & A**
'n Hardgebakte polisie-storie deur

Sidney Lumet. Dis gegrond op die roman van New York se eerste Spaans-Amerikaanse regter, Edwin Torres. Dis 'n siniese maar, volgens Torres, heel eerlike blik op die regstelsel in Amerika waar die baantjies-vir-boeties-metode van regsuitoefening hoogty vier.
**AV**

**•• HENRY AND JUNE**
Philip Kaufman het een van die gewildste prente gelewer wat nog in Suid-Afrika gedraai het ... *The Unbearable Lightness of Being*. Toe kry hy die verhaal van Henry Miller, Anais Nin en hul maatjies onder oë - maar helaas kon hy nie *Unbearable Lightness* se sukses-resep herhaal nie. Die prent speel hom in 1931 en 1932 in Parys af en is gegrond op van Nin se dagboeke en Miller se outobiografiese romans.
**AV**

**•••• MISERY**
Kathy Bates is 'n veteraan-karakterspeler, maar niemand het haar raakgesien tot sy die waansinnige groupie in Rob Reiner se gru-prent gespeel het nie. *Misery* is gegrond op 'n Steven King-roman en die draaiboek is deur William Goldman, die skrywer van onder meer Adventures in the Screen Trade. Dié prent is geen gewone riller vol Freddie Krugers nie. Dit handel oor die psigologiese ommeswaai van 'n geestelik versteurde vrou.
**AV**

## kuns

**JOHANNESBURG**
**STANDARD BANK-GALERY**
Tekstiele van Wes-, Sentraal- en Suider-Afrika tot 20 Julie by Simmondstraat 6, Johannesburg.

**GOODMAN**
Anthony Nkotsi, hoof van die Johannesburgse Kunsstigting se drukdepartement, stel tot 27 Julie sy jongste werk by die Goodman-galery, Hyde Park, ten toon.

**NATALIE KNIGHT**
Hope and Optimism: Houtsneë van die Namibiaanse kunstenaar John Muafangejo is van Sondag tot 30 Julie te sien.

**MARKTEATER**
'n Fotografie-tentoonstelling van die South African Union of Journalists getitel Off the Beat en 'n tentoonstelling van Thomas Nkuna se pastelwerke.
**LP**

**PRETORIA**
**UNISA-KUNSGALERY**
Vroue - 'n Keur van kunswerke uit die Unisa-versameling waarin die vrou as onderwerp uitgebeeld word. Tel (012) 429-6823. Duur tot 31 Julie.

**VROULIKE KUNSTENAARS IN SA**
Die belangrike rol van vroulike kunstenaars in SA word bevestig in 'n reeks lesings (hulle begin om 8nm) in die Pretoriase Kunsmuseum, Arcadiapark. 3 Julie: Die Hedendaagse Uitdaging. Kunstenaars soos Marion Arnold, Nel Erasmus, Helen Sebidi, Pippa Skotnes, Noria Mabasa, Penny Siopis en Maud Sumner word deur die kunshistorikus Frieda Harmsen bespreek. Tel: (012) 344-1807
**AV**

**KAAPSTAD**
**NASIONALE KUNSMUSEUM**
Tot 18 Augustus: 'n tentoonstelling wat fokusseer op huishoudelike ruimtes in die Kaapstad-omgewing, die mense wat daar woon, die omgewing en konteks waarbinne dit gebou is en ander sake wat met behuising verband hou.

**CAVERSHAM PRESS**
'n Keur uit dié Natalse drukwerkwinkel se oorspronklike afdrukke is tot 7 Julie te sien. Debbie Bell, William Kentridge en Robert Hodgins.

## teater

**JOHANNESBURG**
**DIE SAKEMAN VAN VENESIË**
Shakespeare se tragi-komedie oor anti-Semitisme gee die regisseur Ilse van Hemert oorgenoeg ammunisie waarmee sy die ligsinnige nouveau-riche of die wreedaardige kinders van die heersersklas kan pot. Die pas is blitsvinnig, die toneelspel eldekties en idiosinkraties. Dit werk. Alexander-teater, Siemensstraat.
**AV**

**TAKE TWO**
Rosie September is terug in die Markteater se Laager met 'n nuwe wardrobe. Soli Philander se vertolking van grepe uit die lewe in die sogenaamde "Kleurling"-gemeenskap is pittig en skreeusnaaks. Dis van die beste teater in die stad. PDU, pas op vir jou wickets.
**AV**

**KAAPSTAD**
**LOVE, LUST OR GUILT**
Die Cape Flats Players in die Nico! Dié familie-sage is geworkshop en is 'n geskiedkundige gebeurtenis. Dit is tot môre in die Arena te sien. Met Sandra Braaf en Bertram Adams.

## musiek

**JOHANNESBURG**
**DAWSONS**
Die dekades '80 en '90 sal onthou word vir hul uitspattige skuilname. Piet Pers van die Gereformeerde Blues Band noem homself deesdae Archie Pelago. Hy speel dié naweek by Dawson's, hv President en Von Brandisstraat, Johannesburg. Hy het ook 'n nuwe plaat gemaak: City Country, 'n versameling stedelike country-musiek. Nou ja, teenstellings is ook 'n teken van die tye. Hy is op stuk van sake in Pietersburg gebore.
**AV**

**CLUB 58**
Marvin Gaye en die beste van die Motown Sound herleef weer. What's Going On met o.a. Natalie da Rocha beloof om 'n nostalgiese trip te wees. Die restaurant maak 7.30nm oop en die vertoning begin om 10nm. Die klub is aan die bopunt van Pretoriastraat in Hillbrow.
**LP**

**THE COTTON PUB**
Dié plekkie in Quartzstraat, Hillbrow (oorkant Highpoint), is die nuwe IN-plek. Shado Twala en lede van Hugh Masekela se band maak kortkort hul opwagting. Die resident band is Loading Zone. Andersins is daar goeie jazz, sê Audrey Brown, en die deure bly die ganse nag oop.
**AV**

**KAAPSTAD**
**ROSIE'S AND ALL THAT JAZZ**
Die waterkant het nou amperjies aanvaarbaar geword vir die Kaapstadse locals. Dit lyk nie meer net na 'n tourist trap nie. Maak 'n draai by dié nuwe jazz-klub.
**AV**

## veilings

Dié versamelaars wat nog geld het, kan op 8 en 9 Julie Stephan Welz en Sotheby's se veilings bywoon. Op 8 Julie word horlosies, tapyte en antiek-meubels (5nm), skilderye, afdrukke, waterverfwerke en beelde opgeveil en op 9 Julie silwer, horlosies en juweliersware (10vm), keramiekwerk, kunswerke, glas en versamelbare objekte (2nm), Suid-Afrikaanse en Europese wyn (5.30nm).
Die adres is Biermann-laan 13 (naby Oxfordlaan), Rosebank. Tel: (011) 880-3125/9. Besigtigingsure is 5nm op 5 Julie; 12.30nm op 6 Julie en 10vm tot 1nm, 2nm tot 5nm op 7 Julie.

## skryf

**COSAW-WERKWINKEL**
Cosaw bied aanstaande Saterdag (7 Julie) 'n werkwinkel vir draaiboekskrywers aan. Junaid Ahmed en Patrick Shai bied van 10vm *Dialogue and Product* aan. Die adres is 2e Vloer, Ferreira House, Ferreira-straat 24, hv Commissionerstraat, Johannesburg. Bel vir Raks Seakhoa by (011) 836-9594.

## tv

**SOEK DIE FOUTE IN DEBUUT**
'n Kyker skryf oor *Debuut*: "Dit laat my dink aan daardie tekenspeletjies waar 'n mens 'n rooi pen kry om 'n kringetjie te trek om al die foute: daar hang 'n stoel onderstebo, doer vlieg 'n kat by die venster uit. Dié soort ding. Al probleem is: die SAUK het klaarblyklik vergeet van die oorspronklike doel met dié talentwedstryd, en daarom nooi ek alle kykers uit om die foute te soek in *Debuut*." Dié einste kyker gee 'n paar wenke en vra 'n paar vrae soos: "Watter soort program is dit dié? 'n Talentwedstryd? 'n Vermaaklikheidsprogram? 'n Kunstenaarskonsert? En as dit 'n talentwedstryd is, word die sogenaamde talent nie versmoor deur al die bekende kunstenaars wat hulle oorbekende nommers sing nie?" 'n Goeie voorbeeld hier (en een waaroor my hare nou nog regop staan) is Jannie du Toit in verlede week se *Debuut* met 'n baldadige blokkies-driekwartbroek, vrolike hempie, serpie en kwasi-Vlaamse petjie wat Jacques Brel sing...
Die kyker verwys ook na die pretensie, blinkers, oordadige dekor, vervelige choreografie, plat fotografie (wat verlede Saterdagaand gereeld die lig verblindend laat weerkaats het op die brilglase van die arme aspirant-kunstenaar), neerbuigende prekies wat die onnosele kyker moet inlig oor musiek en veral die histeriese puntetelling wat nogal voorgestel is deur die "musiekkenner Wilma van der Bijl", soos na haar verwys is in die eerste *Debuut*.
Maar die eindvraag is sekerlik: is dié reeks van 15 programme die R1 miljoen werd wat dit glo gekos het om te maak en wat waarskynlik 'n paar dramareekse die lig kon laat sien het? En is dit regverdig - sommer plein fair - dat oor elkeen van die net nege kunstenaars daarin 'n aparte program gemaak gaan word terwyl ons nog wag om iets soos M-Net se *Slegs David Kramer Only* op TV1 te sien? Ek en 'n hele paar Afrikaanse kyker wonder maar net...

**ELMARI RAUTENBACH**

# fynproe

**NETTIE PIKEUR**

## DIK SOP IN DIE STORMWIND
### met brood, murg en lepellê

VERLEDE naweek haal onse Cabo Tormentoso weer sy wildste streke uit, en die Kaap die Goeie Hoop verander in 'n ommesientjie in 'n stormgemors wat die Portugese seevaders 500 jaar gelede al laat skrik het. Ou seemanne in watergrafte bid dat hulle nooit weer om die Stormkaap hoef te seil nie.
Maar ons het die wind en reën op die enigste manier hanteer: lê lepel, en slaap so terwyl die geurige sop in die pot boontjies sag word. Jy kan 'n gedig skryf oor lepel in die bed lê wanneer 'n storm woed.
Mies Pikeur het grootgeword op 'n regte ou koperbed: plank, matras, onderlaken, gestrykte lakens, leeu-komberse, vier suiwer katoenslope oor verekussings, en een luukse sybokhaar-wollie. Bo-oor kom die dik, blou Indiese katoen-deken.
So 'n bed is gemaak vir lepellê. Die lawwe pretensieuese goeters soos duvets, so-called nagemaakte donskomberse waaronder jy kaal sonder 'n laken moet slaap, voel vir ons soos kamp opslaan. Dis óf te koud óf te benoud. Klim dus tussen jou komberse, en lê met jou koue knieë agter die lover tot dié begin mor. Dan eet julle om middernag sop, wanneer die dak dreig om af te waai.

**STORMWEER-BOONTJIESOP**
Week oornag in water: 1 pak rooi suikerboontjies. Gooi die water af, en gooi weer vars water oor. Kook die bone 20 minute. Die water word ook afgegooi. Dis teen die wind, sien, sê Gabriël...
Nou neem jy jou swaarboompot en maak vol: 1 lepel sout, voeg by 250g bladspek in blokkies gesny, 2 uie, fyngekap, 1 kg skenkelvleis (eers liggies gebraai, maar dis nie werklik nodig nie) en dan ook 'n stywe eetlepel chillipoeier, 2 of 3 stingels seldery, in stukkies gekap, 'n handvol pietersielie, watter oorskietbene ook al in die yskas is en dan die geweekte bone.
Giet water oor net om toe te maak. Jy kan blokkies stock byvoeg, maar ek sou nie: die sop is dalk te sout. Nou kook die pot sop sta-a-a-dig vir minstens 3 uur. Pas op vir brand. Hoe dikker dit word hoe meer water gooi jy by, en as jy so met die bone en die water aankarring, kan die sop jou die hele winter hou.
Onthou een ding: Die sop hoef nie yskas toe te gaan as dit oornag koel of koud is in die kombuis nie. Maar dit moet elke dag minstens een keer deeglik deurgekook word anders word dit suur en moet jy jou hele skepping weggooi.
Die volgende sop is vir die vegetariërs. Daar is geen stock in nie, net groente en speserye en 'n bietjie joghurt.

**SKORSIESOP**
Braai 2 grofgekapte uie in botter of olie in jou groot soppot. Skil 6 of so aartappels en sny hulle ook by. Dan skil jy 2 geel middelslag botterskorsies en sit dit in die pot met genoeg water om die groente anderhalf keer toe te maak.
Heelwat sout, verskeie draaie swartpeper, 'n handvol vars kruie soos tiemie, marjolein, pietersielie of wat ook al, en dan 2 lourierblare is die geursel. Daarby het ek 'n eetlepel fyngekapte lemoenskil en die sap van een suurlemoen gevoeg.
Kook alles tot mooi sag en maal die helfte van die sop in 'n menger en gooi terug in die pot. Die sop word baie dik, met klonte aartappel en skorsie tussen die lieflike gladde goudgeel room.
Skep op in sopborde en voeg 'n eetlepel ongegeurde wit jogurt by elkeen. Roosterbrood en botter sonder end; natuurlik dalk met feta-kaas vir die soutigheid.
Julia Viljoen verskaf dié heerlike tamatiesop, en sê dit kan koud voorgesit word oor Kersfees of so. Ons het dit blitswarm gemaak vir die winter.
Bloody splendid.

**JULIA SE WONDERLIKE TAMATIESOP**
Skil (nee, ek gaan nie weer sê hoe nie) en ontpit 6 groot ryp tamaties. Maak sowat 1,5 liter hoenderstock met blokkies. Braai 2 uie in 'n groot klont botter, en voeg die tamaties en stock by.
Prut die hele lot vir 45 minute. Voeg by die gerasperde skil en sap van een lemoen (sitrus doen wondere vir groente), asook kruie na jou smaak en sout en peper.
Druk alles deur die Magimix tot glad en laat rus vir een dag. Die volgende dag kook jy die sop mooi deur en skep dit warm op. Ons eie byvoegsel is roosterbrood met Marmite, en 'n lepelvol murg bo-op, uit murgbene wat vir 40 minute met stock gekook is.
Die poeding is lepellê onder die leeu-kombers.



TAKHARE VIR VREDE SÊ

Ons kan dié week darem weer trots wees op ons helde in blou

BLESKOPPE TEEN APARTHEID WONDER



of die KP se Koos-dokument toe eintlik net 'n Van der Merwe grap was



Let all know peace